

LEVITIKUS

Inleiding

Levitikus is die derde van die vyf boeke van die Pentateug en ook die kortste van hierdie boeke. In die Hebreeuse teks word hierdie boek soos gebruiklik na die eerste woord in die teks vernoem, “en hy het geroep”. Die naam “Levitikus” is via die ou Latynse vertaling, die Vulgaat, afkomstig van die Griekse naam van die boek, *Levitikon*. Die Leviete self word slegs in 25:32-34 vermeld. Die boek handel veral oor sake wat vir priesters belangrik was.

Levitikus vorm in die Pentateug deel van die Sinaivertelling, wat strek vanaf Eks 19:1 tot Num 10:10. Alles wat die boek verhaal, word verbind aan die gebeure by die berg Sinai, waar, volgens die boek self, God die inhoud daarvan aan Moses geopenbaar het. Tradisioneel is Moses dus beskou as die skrywer van die Pentateug, en dus ook van *Levitikus*. Aangesien die boek baie ou materiaal bevat, het dit waarskynlik 'n lang ontstaansgeskiedenis gehad, sodat die finale skrywer(s) of samesteller(s) onbekend is.

Sommige geleerdes wil die finale vorm van die boek in die tyd van die Babiloniese ballingskap plaas, maar tog is die uiteindelijke samestelling van die boek moeilik om te dateer. Dit is egter duidelik dat die boek 'n besondere betekenis gehad het vir die Jode ná die terugkeer uit die ballingskap, en met die herbou van die tempel en die inrigting daarvan in die tyd van iemand soos Esra.

Levitikus bestaan hoofsaaklik uit voorskrifte en bepalinge, wat nie almal op dieselfde manier geformuleer is nie. Apodiktiese wette gee 'n direkte voorskrif vir 'n mens se optrede, sonder dat 'n spesifieke straf aangedui word. Dit is soos die Tien Gebooie geformuleer: “Jy mag nie steel nie.” Kasuïstiese wette stel weer iets wat kan gebeur, en bepaal wat die straf of die optrede moet wees: “As dít gebeur, dan moet dit of dat gebeur of moet dít die straf wees.” So sou die doodstraf bepaal kan word vir sekere oortredings en 'n boete of ander vergoeding vir ander gevalle. *Levitikus* bevat ook enkele vertellings, soos die kort vertelling in hoofstuk 24, en die langer vertelling in hoofstukke 8 — 10, wat handel oor die heiliging van die priesters.

Die eerste helfte van *Levitikus* (1 — 16) handel veral oor die kultus, met voorskrifte oor offers (1 — 7), die taak van die priesters (8 — 10) en oor wat rein en onrein is (11 — 16). Die tweede helfte van *Levitikus* (17 — 26) handel veral oor die heiligheid van God en die feit dat die aangesprokenes opgeroep word om heilig te wees soos God. Dié gedeelte staan bekend as die Heiligheidsboek. In *Levitikus* 26 kom die aard van die boek as 'n verbondsdokument na vore wanneer daar seënninge uitgespreek word oor diegene wat die voorskrifte van die verbond nakom, en oordele oor diegene wat daaraan ongehoorsaam is.

Levitikus kan soos volg ingedeel word:

- 1 — 7 Wette oor bring van offers
- 8 — 10 Verhaal oor inwyding van priesters
- 11 — 15 Wette oor rein en onrein
- 16 Dag van Versoening
- 17 — 26 Heiligheidswetgewing
- 27 Slothoofstuk

1

Brandoffers

¹ *Die HERE het Moses geroep en uit die Tent van Ontmoeting^a met hom gepraat. Hy het vir hom gesê: ² “*Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer een van julle vir die HERE 'n offer wil bring, moet julle van julle vee as 'n offer aanbied, van die beeste of van die kleinvee.

³ * “ ‘As die persoon se offer 'n •brandoffer is uit die beeste, moet dit 'n bul sonder gebrek* wees wat hy bring. Hy moet dit na die ingang van die Tent van Ontmoeting^b bring en dit so aanbied dat hy voor die HERE aanvaarbaar is. ⁴ Hy moet sy hand op die kop van die brandofferdier lê sodat dit namens hom aanvaar kan word om oor hom versoening te doen. ⁵ *Daarna moet hy die jong bul voor die HERE^c keelaf sny en die seuns van Aäron, die priesters, moet die bloed naderbring en dit sprinkel reg rondom teen die altaar wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting staan. ⁶ Die dier vir die brandoffer moet dan afgeslag en in stukke opgesny word. ⁷ Die seuns van die priester Aäron moet vuur op die altaar plaas en hout daarop rangskik. ⁸ Die seuns van Aäron, die priesters, moet dan die stukke en die kop en niervet rangskik bo-op die

*1:1 Eks 40:34-35

^a1:1 Tent van Ontmoeting: 'n Ander naam vir •tabernakel.

*1:2 Lev 22:18-19

*1:3-17 Num 28:3-8; 1 Kron 16:40; Rom 12:1; Heb 9:14

*1:3 sonder gebrek: Lev 22:18-20; Heb 9:14; 1 Pet 1:19

^b1:3 ingang ... Ontmoeting: Dit verwys na die ruimte voor die Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

*1:5 Heb 12:24; 1 Pet 1:2

^c1:5 voor die HERE: Dit beteken voor die altaar in die voorhof. Die altaar was die simbool van die HERE se teenwoordigheid. Kan ook vertaal word “in die HERE se teenwoordigheid”.

hout wat op die vuur op die altaar is. ⁹ Die persoon wat offer^d moet die binnegoed en pote met water afspoel. Die priester moet dit alles op die altaar verbrand. Dit is 'n brandoffer, 'n offergawe met 'n aangename geur, vir die HERE.

¹⁰ “ ‘As sy offer 'n brandoffer is uit die kleinvee, uit die skape of bokke, moet dit 'n ram sonder gebrek wees wat hy bring. ¹¹ Hy moet dit aan die noordekant van die altaar voor die HERE keelaf sny. Die seuns van Aäron, die priesters, moet die bloed reg rondom teen die altaar sprinkel. ¹² Die dier moet in stukke opgesny word, en die priester moet dit saam met die kop en die niervet rangskik bo-op die hout wat op die vuur op die altaar is. ¹³ Die persoon wat offer^e moet die binnegoed en pote met water afspoel. Die priester moet dit alles naderbring en op die altaar verbrand. Dit is 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE.

¹⁴ “ ‘As sy offer vir die HERE 'n brandoffer is uit die voëls, moet dit 'n tortelduif of 'n jong duif^{*} wees. ¹⁵ Die priester moet dit na die altaar bring. Hy moet die kop afknyp en op die altaar verbrand. Die bloed moet teen die sykant van die altaar uitgedruk word. ¹⁶ Die persoon wat offer moet die krop en die derms^f verwyder en dit gooi op die plek waar die vetterige as gegooi word, aan die oostekant van die altaar. ¹⁷ Hy moet die duif by die vlerke oopskeur sonder om dit in twee te verdeel. Dan moet die priester dit op die altaar verbrand, bo-op die hout wat op die vuur is. Dit is 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE.’ ”

^d1:9 Die ... offer: Die •bronteks lui “Hy”.

^e1:13 Die ... offer: Vgl voetnoot by Lev 1:9.

^{*}1:14 tortelduif ... duif: Lev 5:7; 12:8; Luk 2:24

^f1:16 derms: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

2

Graanoffers

¹ * “ ‘Wanneer iemand vir die HERE 'n •graanoffer bring, moet sy offer gesifte meel^g wees. Hy moet olyfolie daarvoor gooi en wierook daarop neersit. ² Hy moet dit dan na die seuns van Aäron, die priesters, bring, en 'n handvol van die gesifte meel en olie met al die wierook neem en die priester moet hierdie simboliese offer^h op die altaar verbrand as 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE. ³ * ‘Wat oorbly van die graanoffer kom Aäron en sy seuns toe. Dit is 'n besonder heilige deelⁱ van die offergawes aan die HERE.

⁴ * “ ‘Wanneer jy 'n graanoffer bring wat in die oond gebak is, moet dit van gesifte meel wees; ongesuurde ringbrode^j wat met olyfolie gemeng is, of ongesuurde platbrode wat met olyfolie gesmeer is. ⁵ * ‘As jou offer 'n graanoffer is wat van 'n bakplaat af kom, moet dit van gesifte meel wees, ongesuurd en met olyfolie gemeng. ⁶ Breek dit in stukkies en gooi olyfolie daarvoor, dan is dit 'n graanoffer.

⁷ “ ‘As jou offer 'n graanoffer is wat uit 'n pan kom, moet dit met

***2:1-16** Lev 5:11-13; 6:19-23; Num 5:12-15

***2:1** Lev 6:14-18; Num 15:4

^g**2:1 gesifte meel:** Dit verwys na meel van hoë gehalte.

^h**2:2 simboliese offer:** In Hebreeus word 'n tegniese term gebruik wat moeilik vertaalbaar is in Afrikaans. Dit is 'n deel wat die hele offer verteenwoordig.

***2:3** Lev 7:9; 10:12-13

ⁱ**2:3 besonder heilige deel:** 'n Deel van die offers wat die priesters kon gebruik, maar hulle kon dit nie huis toe neem nie en moes dit in die heilige gebied by die •Tent van Ontmoeting of •tempel eet.

***2:4** Eks 29:2; Lev 7:12; 8:26

^j**2:4 ringbrode:** Ringbrode is aan stokke gehang om dit te stoor.

***2:5-7** Lev 6:21; 7:9; 1 Kron 23:29

gesifte meel en olyfolie voorberei word. ⁸ Jy moet die graanoffer wat op dié manier vir die HERE voorberei is, bring. Dit moet na die priester geneem word en hy moet dit naderbring na die altaar. ⁹ Die priester moet die simboliese offer van die graanoffer verwyder en dit op die altaar verbrand as 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE. ¹⁰ Wat oorbly van die graanoffer, kom Aäron en sy seuns toe. Dit is 'n besonder heilige deel van die offergawes aan die HERE.

¹¹ * “ ‘Geen graanoffer wat julle vir die HERE bring, mag met suurdeeg voorberei word nie. Ja, geen suurdeeg of heuning mag as offergawe aan die HERE verbrand word nie. ¹² Julle mag dit as 'n offer van die eersteling^k vir die HERE bring, maar op die altaar mag dit nie as 'n aangename geur geoffer word nie. ¹³ * Jy moet sout by al jou graanoffers byvoeg. Jy mag nie die sout van die verbond^l van jou God uit jou graanoffer weglaat nie. Daar moet sout wees by al jou offers wat jy bring.

¹⁴ * “ ‘As jy vir die HERE 'n graanoffer van die eerste opbrengs van die oes bring, moet dit ryp are wees, gebreekte graankorrels van die nuwe oes wat oor die vuur gerooster is. Jy moet dit bring as jou graanoffer van die eerste opbrengs. ¹⁵ Jy moet olyfolie daarvoor gooi en wierook daarop neersit, dan is dit 'n graanoffer. ¹⁶ Die priester moet die simboliese offer van die gebreekte graankorrels en olie, en ook al die wierook verbrand. Dit is 'n offergawe aan die HERE.’ ”

***2:11** Eks 23:18; Lev 6:16-17; Eseg 20:40

^k**2:12 offer ... eersteling:** Dit verwys na die eerste graan of vrugte wat aan die begin van die oes aan God gewy is; vgl Eks 23:16,19.

***2:13** Eseg 43:24

^l**2:13 sout ... verbond:** Wanneer sout in verband met die verbond genoem word, verwys dit na die permanente aard van die verbond; vgl Num 18:19; 2 Kron 13:5.

***2:14** Lev 23:13

3

Maaltydoffers

¹ * “ ‘As iemand se offer 'n maaltydoffer^m is wat uit die beste kom, moet hy 'n bul of 'n koei sonder gebrek bring. Hy moet dit voor die HERE bring ² * en sy hand op die kop van sy offer lê. Dan moet hy dit keelaf sny by die ingang van die Tent van Ontmoetingⁿ en die seuns van Aäron, die priesters, moet die bloed reg rondom teen die altaar sprinkel. ³ * Van die maaltydoffer moet hy vir die HERE 'n offergawe bring: die vet wat die binnegoed bedek en al die vet aan die binnegoed, ⁴ sowel as die twee niere met die vet daaraan wat teen die kruis lê. Die lewerlob moet hy saam met die niere verwyder. ⁵ Die seuns van Aäron moet dit op die altaar verbrand bo-op die •brandoffer wat op die hout op die vuur op die altaar is. Dit is 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE.

⁶ * “ ‘As sy offer 'n maaltydoffer is wat uit die kleinvee kom, dan moet dit 'n ram of 'n ooi sonder gebrek wees wat hy vir die HERE bring. ⁷ * As dit 'n skaap is wat hy as sy offer bring, moet hy dit voor die HERE bring ⁸ en sy hand op die kop van sy offer lê. Hy moet dit keelaf sny voor die

* **3:1-17** Lev 7:11-21

* **3:1** Lev 7:29; Num 15:8

^m**3:1 maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

* **3:2** Lev 1:4-5

ⁿ**3:2 ingang ... Ontmoeting:** Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

* **3:3-5** Eks 29:13,22; Lev 3:9-11,14-16; 4:8-10; 7:3-5; 8:16,25-28

* **3:6** Lev 22:21

* **3:7-8** Lev 1:3-5

Tent van Ontmoeting.⁹ Die seuns van Aäron moet die bloed reg rondom teen die altaar sprinkel. ⁹*Hy moet die vet van die maaltydoffer as 'n offergawe aan die HERE bring. Hy moet die hele vetstert tot teen die stuitjie verwyder, asook die vet wat die binnegoed bedek en al die vet wat aan die binnegoed is, ¹⁰ sowel as die twee niere met die vet daaraan wat teen die kruis lê. Die lewerlob moet hy saam met die niere verwyder. ¹¹ Die priester moet dit alles op die altaar verbrand. Dit is voedsel, 'n offergawe aan die HERE.

¹²*“ ‘As sy offer 'n bok is, moet hy dit voor die HERE bring ¹³ en sy hand op die dier se kop lê. Hy moet dit voor die Tent van Ontmoeting keelaf sny en die seuns van Aäron moet die bloed reg rondom teen die altaar sprinkel. ¹⁴ 'n Deel van sy offer moet hy as offergawe aan die HERE bring: die vet wat die binnegoed bedek en ook al die vet aan die binnegoed, ¹⁵ sowel as die twee niere met die vet daaraan wat teen die kruis lê. Die lewerlob moet hy saam met die niere verwyder. ¹⁶ *Die priester moet dit alles op die altaar verbrand. Dit is voedsel, 'n offergawe met 'n aangename geur. Al die vet behoort aan die HERE. ¹⁷ *Dit is 'n voorskrif wat altyd vir julle nageslagte geld, waar julle ook al woon: Julle mag geen vet of bloed eet nie.’ ”

⁹**3:8 Tent van Ontmoeting:** 'n Ander naam vir •tabernakel.

***3:9-11** Lev 3:16; 8:25; 9:19,21; Eseg 39:19; Mal 1:7

***3:12** Lev 1:10

***3:16** Lev 7:23-25; 1 Sam 2:15-16

***3:17** Gen 9:4; Lev 7:26; 17:10-14; Deut 12:16,23; 1 Sam 14:33; Hand 15:20,29

4

Reinigingsoffers

¹ Die HERE het vir Moses gesê: ² * “Sê vir die Israëliete, ‘Iemand sondig dalk onopsetlik^p teen een van al die HERE se gebooie en doen iets wat nie gedoen mag word nie. ³ * As die gesalfde priester^q sondig, sodat die volk skuldig is, moet hy vir die sonde wat hy gedoen het, 'n jong bul sonder gebrek vir die HERE as •reinigingsoffer bring. ⁴ * Hy moet die bul na die ingang van die Tent van Ontmoeting^r voor die HERE bring, sy hand op die kop van die bul lê en dit voor die HERE keelaf sny. ⁵ * Dan moet die gesalfde priester van die bul se bloed neem en dit in die Tent van Ontmoeting invat. ⁶ Die priester moet sy vinger in die bloed doop en van die bloed sewe maal voor die HERE sprinkel aan die voorkant van die voorhangsel^s van die heiligdom. ⁷ Die priester moet ook van die bloed smeer aan die horings van die reukofferaltaar* wat in die Tent van Ontmoeting voor die HERE staan. Die res van die bul se bloed moet

* 4:2 Lev 5:15,17-18; Num 15:22,24-29

^p4:2 **Iemand ... onopsetlik:** Die onvoltooide sin in die •bronteks begin met die woorde “Wanneer iemand onopsetlik sondig ...”

* 4:3 Eks 29:1,14; Eseg 43:19

^q4:3 **gesalfde priester:** Dit verwys na die hoëpriester.

* 4:4 Lev 1:3-4; 4:14,23

^r4:4 **ingang ... Ontmoeting:** Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

* 4:5-6 Lev 4:16-17; 16:14; Num 19:4

^s4:6 **voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

* 4:7 **reukofferaltaar:** Eks 30:1-10,27

hy uitgooi teen die basis van die brandofferaltaar^t wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting staan. ⁸ *Die een wat die offer bring,^u moet ál die vet uit die bul vir die •reinigingsoffer uithaal: die vet wat die binnegoed bedek en al die vet aan die binnegoed, ⁹ sowel as die twee niere met die vet daaraan wat teen die kruis lê. Die lewerlob moet hy saam met die niere verwyder, ¹⁰ soos wat dit uit die bul vir die maaltydoffer^v uitgehaal word. Daarna moet die priester dit alles op die brandofferaltaar verbrand. ¹¹ *Maar die vel van die bul en al sy vleis, asook sy kop, pote, binnegoed en pensmis, ¹² ja, die hele bul moet hy uit die kamp uitvat na 'n rein plek, na die stortplek van die vetterige as en dit op 'n houtvuur verbrand. By die stortplek van die vetterige as moet dit verbrand word.

¹³ * “ ‘As die hele volksvergadering^w van Israel onopsetlik iets verkeerd doen en die geloofsgemeenskap merk nie eers op dat hulle gedoen het wat een van die geboie van die HERE sê níé gedoen mag word nie, is hulle skuldig. ¹⁴ As die oortreding wat hulle begaan het, bekend word, moet die geloofsgemeenskap 'n jong bul as reinigingsoffer bring. Hulle

^t**4:7 basis ... brandofferaltaar:** Bloed wat reiniging moes bewerk, is altyd teen die onderkant van die altaar uitgegooi, terwyl ander bloed teen die bokant uitgegooi is; vgl Eks 30:28; Lev 4:18,30,34.

* **4:8-10** Lev 3:3-5; 7:11

^u**4:8 Die ... bring:** Die bronteks lui “Hy”.

^v**4:10 maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

* **4:11-12** Eks 29:14; Lev 4:21; 8:17; 16:27; Mal 2:3; Heb 13:11-13

* **4:13** Num 15:24-26

^w**4:13 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

moet hom tot voor die Tent van Ontmoeting neem. ¹⁵ Die oudstes^x van die volksvergadering moet voor die HERE hulle hande op die kop van die bul lê. Hulle moet die bul voor die HERE keelaf sny ¹⁶* en die gesalfde priester moet van die bul se bloed na die Tent van Ontmoeting neem. ¹⁷* Die priester moet sy vinger in die bloed doop en van die bloed sewe maal voor die HERE sprinkel aan die voorkant van die Voorhangsel. ¹⁸ Hy moet ook van die bloed smeer aan die horings van die altaar wat in die Tent van Ontmoeting voor die HERE staan.* Die res van die bul se bloed moet hy uitgooi teen die basis van die brandofferaltaar wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting staan. ¹⁹* Al die vet moet hy uit die bul uithaal en dit op die altaar verbrand. ²⁰* Hy moet met die bul maak soos hy met die bul van die reinigingsoffer gemaak het. So sal die priester oor hulle versoening doen en sal hulle vergewe word. ²¹ Hy moet die bul uit die kamp neem en dit verbrand soos hy die eerste bul verbrand het. Dit is die geloofsgemeenskap se reinigingsoffer.

²²*“ ‘Wanneer 'n leier^y gesondig het en onopsetlik gedoen het wat een van die gebooe van die HERE sy God sê nie gedoen mag word nie, is hy skuldig. ²³ As die sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend gemaak word, moet hy as sy offer 'n bokram sonder gebrek bring. ²⁴ Hy moet sy hand op die kop van die bok lê en dit keelaf sny op die plek waar die

^x**4:15 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

* **4:16** Lev 4:5

* **4:17** Num 19:4,18

* **4:18 altaar ... staan:** Eks 30:1-10

* **4:19** Eks 29:13; Lev 17:6; Num 18:17

* **4:20** Lev 6:7; Num 15:25; Rom 3:25-26; Heb 10:10-12

* **4:22** Lev 4:2,13,27

^y**4:22 leier:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

•brandoffer voor die HERE keelaf gesny word. Dit is 'n reinigingsoffer.

²⁵ Die priester moet van die bloed van die reinigingsoffer neem en dit met sy vinger aan die horings van die brandofferaltaar smeer en die res van die bloed teen die basis van die brandofferaltaar uitgooi. ²⁶ Al die vet moet hy, soos die vet van die maaltydoffer, op die altaar verbrand. So sal die priester vir die leier versoening doen vir sy sonde en sal hy vergewe word.*

²⁷ * “ ‘As een van die gewone burgers^z onopsetlik sondig deur te doen wat een van die gebooie van die HERE sê nie gedoen mag word nie, is hy skuldig. ²⁸ * As die sonde wat hy gedoen het aan hom bekend gemaak word, moet hy 'n bokooi sonder gebrek bring as offer vir die sonde wat hy gedoen het. ²⁹ * Hy moet sy hand op die kop van die reinigingsoffer lê en dit op dieselfde plek as die brandoffer keelaf sny. ³⁰ Die priester moet van die bloed neem en dit met sy vinger aan die horings van die brandofferaltaar smeer en die res van die bloed teen die basis van die altaar uitgooi. ³¹ * Al die vet moet hy verwyder, soos hy die vet van die maaltydoffer verwyder. Die priester moet dit op die altaar verbrand as 'n geurige offer vir die HERE. So sal die priester vir die persoon versoening doen en sal hy vergewe word.

³² “ ‘As hy 'n skaap as sy reinigingsoffer bring, moet dit 'n ooi sonder gebrek wees wat hy bring. ³³ Hy moet sy hand op die reinigingsoffer se kop lê en dit as 'n reinigingsoffer keelaf sny op die plek waar die

* **4:26 So ... vergewe word:** Lev 5:10

* **4:27** Lev 4:2

^z**4:27 gewone burgers:** Die landsburgers van die bepaalde gebied wat volle burgerregte geniet het en gewoonlik ook eiendom besit het

* **4:28** Lev 5:4-6

* **4:29** Lev 1:4-5

* **4:31** Lev 3:3,14; 4:35

brandoffer keelaf gesny word. ³⁴ Die priester moet van die bloed van die reinigingsoffer neem en dit met sy vinger aan die horings van die brandofferaltaar smeer en al die oorblywende bloed teen die basis van die altaar uitgooi. ³⁵ * Al die vet moet hy verwyder, soos hy die vet van die skaap vir die maaltydoffer verwyder het. Die priester moet dit op die altaar verbrand saam met die ander offergawes vir die HERE. So sal die priester vir die persoon versoening doen vir die sonde wat hy gedoen het en sal hy vergewe word.’ ”

5

¹ * “Wanneer iemand sondig omdat hy gehoor het 'n openbare vervloeking is uitgespreek teen getuies wat swyg oor 'n misdaad^a waaroor hy kan getuig omdat hy dit gesien het of daarvan weet, maar hy verswyg dit, en daarom skuld dra; ² * of

“ ‘wanneer iemand aan enigiets wat •onrein is, raak — of dit nou die karkas van 'n onrein wilde dier, of die karkas van 'n onrein mak dier, of die dooie liggaam van 'n onrein kruipende diertjie is — en hy, al is hy onbewus daarvan, daarom onrein en skuldig is; ³ * of

“ ‘wanneer hy aan menslike onreinheid raak, enigiets onreins van mense waardeur hy verontreinig kan word, terwyl hy onbewus daarvan is, maar dit agterkom en daarom skuldig is; ⁴ * of

“ ‘wanneer iemand 'n onbesonne eed aflê om daardeur kwaad of goed te

* **4:35** Lev 3:9; 4:20,26,31

* **5:1** Lev 5:17; 1 Kon 8:31; Spr 29:24; Matt 26:63

^a**5:1** **getuies ... misdaad:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **5:2** Lev 7:21; 11:24-40; Num 19:11,13,16; Deut 14:8

* **5:3** Lev 12:1 — 15:33; 21:1; Num 19:11; Matt 8:2; Mark 7:5

* **5:4** Num 30:6,8; Rig 11:30-35; Mark 6:23; Hand 23:12

doen, enigiets waaroor 'n mens 'n onbesonne eed kan aflê, terwyl hy onbewus daarvan is, maar dit agterkom, en daarom aan een van hierdie dinge skuldig is;

⁵ * “moet hy, wanneer hy aan enige van al hierdie dinge skuldig is, belydenis doen oor die saak waarin hy gesondig het.

⁶ * “Hy moet dan as boetedoening vir die HERE 'n ooi uit die kleinvee bring, 'n skaap of 'n bok as reinigingsoffer vir die sonde wat hy gedoen het. Die priester sal vir hom versoening doen vir sy sonde. ⁷ * Maar as hy nie 'n stuk kleinvee kan bekostig nie, moet hy as boetedoening vir sy sonde twee tortelduiwe of twee jong duiwe vir die HERE bring, een as •reinigingsoffer en een as •brandoffer. ⁸ * Hy moet dit vir die priester neem, en die priester moet die een wat as reinigingsoffer bedoel is, eerste naderbring en sy kop aan die voorkant van die nek afknyp, maar hy mag dit nie aftrek nie. ⁹ * Hy moet van die bloed van die reinigingsoffer teen die sykant van die altaar sprinkel en die bloed wat oorbly teen die basis van die altaar uitdruk. Dit is 'n reinigingsoffer. ¹⁰ * Die tweede duif moet hy, soos voorgeskryf word, as 'n brandoffer hanteer. Die priester sal vir hom versoening doen vir die sonde wat hy gedoen het en hy sal vergewe word. ¹¹ * Maar as hy nie twee tortelduiwe of twee jong duiwe kan bekostig nie, moet hy as offer vir sy sonde 'n tiende van 'n efa^b gesifte meel as reinigingsoffer bring. Hy mag egter nie olyfolie daaroor gooi en wierook daarop neersit nie, omdat dit 'n

* **5:5** Lev 4:23,28; Spr 28:13

* **5:6** Lev 5:7,15-16,18-19

* **5:7** Lev 1:14; 12:8; 14:21

* **5:8** Gen 15:10; Lev 1:15,17

* **5:9** Lev 1:15; 4:7,18,30

* **5:10** Lev 1:17; 4:21-26

* **5:11** Lev 2:1; Num 5:15

^b**5:11** $\frac{1}{10}$... efa: Ongeveer 2,2 ℓ; •Inhoudsmate.

reinigingsoffer is. ¹² *Hy moet dit na die priester bring en die priester moet 'n handvol daarvan neem as simboliese offer^c en dit op die altaar verbrand, saam met ander offergawes vir die HERE. Dit is 'n reinigingsoffer. ¹³ *So sal die priester vir hom versoening doen vir enige van hierdie sondes wat hy gedoen het* en sal hy vergewe word. Soos met die •graanoffer, kom die res van die offer die priester toe.’ ”

Hersteloffers

¹⁴ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ¹⁵ *¹⁴“Wanneer iemand reëls oortree en onopsetlik sondig teen iets wat aan die HERE gewy is, moet hy 'n •hersteloffer vir die HERE bring: 'n ram sonder gebrek uit die kleinvee, waarvan die loskoopwaarde, bereken in sikkel silwer volgens die standaardgewig van die heiligdom,^d genoeg is vir 'n hersteloffer.

¹⁶ Vir die sonde wat hy teen die heiligdom gedoen het, moet hy vergoeding betaal, 'n vyfde van die waarde byvoeg* en dit vir die priester gee. Met die ram van die hersteloffer sal die priester vir hom versoening doen en hy sal vergewe word.

¹⁷ *¹⁷“As iemand, wanneer hy sondig deur onwetend te doen wat een van die gebooie van die HERE sê nie gedoen mag word nie, skuldig is, moet

*5:12 Lev 2:2; 5:11,13

^c5:12 **simboliese offer:** In Hebreeus word 'n tegniese term gebruik wat moeilik vertaalbaar is in Afrikaans. Dit is 'n deel wat die hele offer verteenwoordig.

*5:13 Lev 2:3,10

*5:13 **enige van ... gedoen het:** Lev 5:1-5

*5:15 Lev 6:6; 7:1-10; 14:12-28; 27:3

^d5:15 **sikkel ... heiligdom:** Een sikkel het ongeveer 11,4 g geweeg. Die “standaardgewig van die heiligdom” verwys waarskynlik na die gewone maat wat in die heiligdom gehou is as standaard; •Geldeenhede; vgl Lev 27:25.

*5:16 'n 1/5 ... byvoeg: Lev 6:5; 22:14; 27:13,15,19,27,31

*5:17 Lev 4:2,13,22,27; 5:1; Num 15:29; Luk 12:48

hy sy skuld dra. ¹⁸ Hy moet uit die kleinvee 'n ram sonder gebrek met die loskoopwaarde van 'n hersteloffer vir die priester neem. Die priester sal vir hom versoening doen vir die fout wat hy onopsetlik en sonder om dit te besef, gemaak het, en hy sal vergewe word. ¹⁹ Dit is 'n hersteloffer. Hy was beslis skuldig voor die HERE.”

6

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² * “Wanneer iemand sondig en teen die HERE oortree deurdat hy teenoor 'n volksgenoot ontken dat iets aan hom in bewaring gegee of aan hom toevertrou is, of dat hy sy volksgenoot beroof of afgepers het, ³ * of wanneer hy verlore goedere gevind het, dit ontken en vals sweer oor enige van die dinge wat mense gewoonlik doen en daardeur sondig, ⁴ * dan moet hy, wanneer hy op hierdie manier gesondig het en skuldig is, teruggee wat hy geroof of afgepers het of wat aan hom in bewaring gegee is of die verlore goedere wat hy gevind het ⁵ of enigiets waaroor hy vals gesweer het. Hy moet die waarde daarvan ten volle betaal en 'n vyfde daarby voeg. Op die dag van sy skulderkenning moet hy dit onverwyld betaal aan wie dit toekom.

⁶ * “Sy •hersteloffer vir die HERE moet hy na die priester toe neem: 'n ram sonder gebrek uit die kleinvee en met die loskoopwaarde van 'n hersteloffer. ⁷ * Die priester moet vir hom versoening doen voor die HERE en hy sal vergewe word vir enige van hierdie dinge wat hy gedoen en skuldig geword het.”

* 6:2 Eks 22:7-15; Num 5:5-10; Hand 5:4; Ef 4:25; Kol 3:9

* 6:3 Eks 22:11; 23:4; Lev 19:12; Deut 22:1; Ps 24:4; Sag 5:3-4

* 6:4-5 Lev 5:16; Num 5:6-8; Eseg 33:15; Matt 5:23-24; Luk 19:8

* 6:6 Lev 5:15,18; 7:1-10; 14:12-28; 27:3

* 6:7 Lev 4:20; 5:16

Riglyne vir priesters oor offers

⁸ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ⁹ * “Gee vir Aäron en sy seuns die volgende opdrag, ‘Dit is die voorskrifte vir die •brandoffer: Die brandoffer moet dwarsdeur die nag tot die volgende oggend op die vuurmaakplek op die altaar bly. Die altaar se vuur moet in die vuurmaakplek op die altaar aan die brand gehou word. ¹⁰ * Die priester moet sy linnekleed aantrek en ook 'n linnebroek oor sy onderlyf aanhê. Hy moet die vetterige as van die brandoffer wat deur die vuur op die altaar verteer is, opskep en dit langs die altaar neersit. ¹¹ Daarna moet hy sy klere uittrek en ander klere aantrek. Hy moet die vetterige as na 'n rein plek buite die kamp neem. ¹² Die vuur op die altaar moet aan die brand gehou word; dit mag nie uitbrand nie. Die priester moet elke môre hout op die vuur pak, die brandoffer daarop rangskik en die stukke vet van die maaltydoffer^e daarop verbrand. ¹³ * Die vuur op die altaar moet voortdurend aan die brand gehou word en mag nie uitbrand nie.

¹⁴ * “ ‘En dit is die voorskrifte vir die •graanoffer: Die seuns van Aäron moet dit na die voorkant van die altaar voor die HERE bring. ¹⁵ Een van hulle^f moet 'n handvol van die graanoffer se gesifte meel^g en olie neem,

* **6:9** Lev 1:3-17

* **6:10-12** Eks 28:42-43; 39:27; Lev 1:16; 3:3,9,14; 4:12; 16:4; Eseg 44:17-19

^e **6:12 maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

* **6:13** Lev 6:9

* **6:14-18** Eks 29:38-42; Lev 2:1-3; Num 5:9; 28:3-8

^f **6:15 Een van hulle:** Die •bronteks lui “hy”.

^g **6:15 gesifte meel:** Dit verwys na meel van hoë gehalte.

asook al die wierook wat op die graanoffer lê. Hy moet die simboliese offer^h vir die HERE op die altaar verbrand as 'n aangename geur. ¹⁶ Wat daarvan oorbly, mag Aäron en sy seuns eet.* Dit moet ongesuurd wees en op 'n heilige plek geëet word; in die voorhof van die Tent van Ontmoetingⁱ moet hulle dit eet. ¹⁷ *Dit mag nie met suurdeeg gebak word nie. Ek het dit gegee as hulle deel van die offergawes aan My. Dit is 'n besonder heilige gawe, soos die •reinigingsoffer en die •hersteloffer. ¹⁸ *Enige manlike nasaat van Aäron mag dit eet. Dit is die deel uit die offergawes vir die HERE wat julle nageslag altyd moet kry. Alles wat daarmee in aanraking kom, is heilig.’ ”

¹⁹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ²⁰ * “Dit is die offer wat Aäron en sy seuns vir die HERE moet bring vanaf die dag^j dat hy gesalf is: 'n tiende van 'n efa^k gesifte meel as 'n voortdurende graanoffer, die een helfte soggens en die ander helfte saans. ²¹ Dit moet op 'n bakplaat voorberei word, deurgeknie met olyfolie. Jy moet dit in gebreekte stukkies^l as 'n graanoffer naderbring. Jy moet dit aanbied as 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE. ²² * Die priester uit die nageslag van Aäron wat in sy plek gesalf is, moet dit voorberei. Dit is die deel wat die

^h**6:15 simboliese offer:** In Hebreeus word 'n tegniese term gebruik wat moeilik vertaalbaar is in Afrikaans. Dit is 'n deel wat die hele offer verteenwoordig.

* **6:16 Wat ... seuns eet:** Lev 10:12-13; 24:9; 1 Kor 9:13

ⁱ**6:16 Tent van Ontmoeting:** 'n Ander naam vir •tabernakel.

* **6:17** Lev 2:11; Num 18:9-10

* **6:18** Eks 29:37; Lev 6:29; 7:6; Heb 13:10

* **6:20** Eks 16:36; 28:41; 29:2; 40:12-15

^j**6:20 vanaf die dag:** Die bronteks lui “op die dag”.

^k**6:20 1/10 ... efa:** Ongeveer 2,2 ℓ; •Inhoudsmate.

^l**6:21 gebreekte stukkies:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

* **6:22** Eks 29:25

HERE altyd moet kry. Met vuur moet dit verbrand word. ²³ Elke graanoffer van 'n priester moet 'n volledige offer wees; dit mag nie geëet word nie.”

²⁴ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ²⁵ * “Praat met Aäron en sy seuns en sê, ‘Dit is die voorskrifte vir die reinigingsoffer: Op die plek waar die brandoffer voor die HERE keelaf gesny word, moet die reinigingsoffer ook keelaf gesny word. Dit is besonder heilig. ²⁶ Die priester wat die reinigingsoffer hanteer, moet dit eet; * op 'n heilige plek, in die voorhof van die Tent van Ontmoeting, moet dit geëet word.

²⁷ Alles wat aan die offervleis raak, is heilig. As van die bloed daarvan op 'n kledingstuk spat, moet jy die kledingstuk waarop dit gespat het, in 'n rein plek afspoel. ²⁸ Die kleipot waarin die offer gekook is, moet gebreek word, maar as dit in 'n koperpot gekook is, moet dit geskuur en met water gewas word. ²⁹ Enige manlike persoon uit die priesterfamilie mag daarvan eet. Dit is besonder heilig. ³⁰ Maar geen reinigingsoffer mag geëet word as van die bloed daarvan in die Tent van Ontmoeting ingeneem word om in die heiligdom versoening te doen nie. Dit moet met vuur verbrand word.’ ”

7

¹ * “ ‘Dit is die voorskrifte vir die •hersteloffer: Dit is besonder heilig.

² * Op die plek waar die •brandoffer keelaf gesny word, moet die hersteloffer ook keelaf gesny word en die priester moet die bloed reg rondom teen die altaar sprinkel. ³ * Al die vet daarvan moet hy

* **6:25-30** Lev 4:8-21; 5:6; 8:2; Num 5:9; Hag 2:12

* **6:26 Die priester ... dit eet:** 1 Kor 9:13

* **7:1-10** Lev 5:14 — 6:7

* **7:2** Lev 1:11; 6:25

* **7:3-4** Lev 3:14-16

naderbring: die vetstert en die vet wat die binnegoed bedek, ⁴ asook die twee niere met die vet daaraan wat teen die kruis lê. Die lewerlob moet hy saam met die niere verwyder. ⁵ *Die priester moet dit op die altaar verbrand. Dit is 'n offergawe aan die HERE, 'n hersteloffer. ⁶ *Enige manlike persoon uit die priesterfamilie mag daarvan eet. Op 'n heilige plek moet dit geëet word. Dit is besonder heilig.

⁷ * “By die hersteloffer geld dieselfde voorskrifte as by die •reinigingsoffer: Dit kom die priester toe wat die versoening daarmee doen. ⁸ Wanneer 'n priester namens iemand 'n brandoffer bring, behoort die vel van die brandoffer wat hy bring aan die priester; dit kom hom toe. ⁹ * So behoort elke •graanoffer wat in 'n oond gebak is, of wat in 'n pan of op 'n bakplaat voorberei is, aan die priester wat die offer bring; dit kom hom toe. ¹⁰ Elke ander graanoffer, of dit nou met olyfolie klam gemaak of droog is, kom al die seuns van Aäron toe, gelykop verdeel tussen hulle.

¹¹ * “Dit is die voorskrifte vir 'n maaltydoffer^m wat vir die HERE gebring word: ¹² As iemand dit as dankoffer bring, moet hy saam met sy dankoffer ongesuurde brood aanbied: ringbrode,ⁿ klam gemaak met olyfolie, platbrode, gesmeer met olyfolie, en gesifte meel,^o klam gemaak

*7:5 Lev 3:11

*7:6 Lev 6:18,29; 1 Kor 9:13; 10:18

*7:7 Lev 6:26-29; 14:13

*7:9 Lev 2:4-5,7

*7:11-21 Lev 3:1-17

^m7:11 **maaltydoffer**: 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekam, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

ⁿ7:12 **ringbrode**: Ringbrode is aan stokke gehang om dit te stoor.

^o7:12 **gesifte meel**: Dit verwys na meel van hoë gehalte.

met olyfolie en deurgeknie. ¹³ Sy maaltydoffer wat hy uit dankbaarheid bring, moet ook ringbrode met suurdeeg gebak, insluit. ¹⁴ Van elke soort brood van die offer moet hy een aanbied as 'n wydingsgeskenk^p aan die HERE. Dit is bedoel vir die priester wat die bloed van die maaltydoffer sprinkel; dit kom hom toe. ¹⁵ *Die vleis van die maaltydoffer wat iemand uit dankbaarheid bring, moet op die dag van sy offer geëet word. Niks daarvan mag oorbly tot die volgende oggend nie.

¹⁶ “ ‘As sy offer 'n maaltydoffer is, ná 'n gelofte of vrywillig, moet dit op dieselfde dag wat hy sy offer bring, geëet word. Wat daarvan oorbly tot die volgende dag, mag ook nog geëet word. ¹⁷ Wat op die derde dag nog van die offervleis oor is, moet met vuur verbrand word. ¹⁸ As daar wel van die vleis van die maaltydoffer op die derde dag geëet word, sal die persoon wat die offer bring, nie aanvaar word nie. Dit sal nie in sy guns tel nie. Dit is iets walglik^q en die persoon wat daarvan eet, sal sy skuld moet dra. ¹⁹ *Vleis wat raak aan enigiets wat onrein is, mag nie geëet word nie. Met vuur moet dit verbrand word.

“ ‘Wat die offervleis betref: Enigiemand wat rein is, mag daarvan eet. ²⁰ Iemand wat, terwyl hy •onrein is, die vleis eet van die maaltydoffer wat aan die HERE behoort, sal van sy mense afgesny word. ²¹ Wanneer iemand aan iets raak wat onrein is, of dit nou die onreinheid van 'n mens of 'n onrein dier is, of enigiets onreins wat afstootlik is, en hy eet van die vleis van die maaltydoffer wat aan die HERE behoort, sal

^p7:14 wydingsgeskenk: Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

***7:15-18** Lev 19:6; 22:30; Eseg 4:14; 1 Kor 10:18

^q7:18 iets walglik: Dit is 'n tegniese term in die offerkultus wat 'n hoë graad van •onreinheid aandui.

***7:19** Hag 2:12-13

daardie persoon van sy mense afgesny word.’ ”

Verbod om vet en bloed te eet

²² Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ²³ * “Praat met die Israëliete en sê, ‘Julle mag nie enige vet van beeste, skape of bokke eet nie. ²⁴ * Die vet van 'n dier wat doodgegaan het en die vet van 'n verskeurde dier mag gebruik word vir enige alledaagse take, maar dit mag beslis nie geëet word nie. ²⁵ Wanneer enigiemand vet eet van diere wat as offergawe na die HERE gebring word, sal die persoon wat daarvan eet van sy mense afgesny word. ²⁶ Bloed mag julle glad nie eet nie, waar julle ook al woon; nie die bloed van voëls nie en ook nie die bloed van diere nie. ²⁷ * Enigiemand wat enige bloed eet, sal van sy mense afgesny word.’ ”

Priesters se deel by maaltydoffers

²⁸ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ²⁹ * “Praat met die Israëliete en sê, ‘Wie sy maaltydoffer^r vir die HERE bring, moet self die deel van sy maaltydoffer wat aan die HERE behoort, in die heiligdom^s inbring. ³⁰ * Met sy eie hande moet hy die offergawe vir die HERE indra; die vet moet hy saam met die borsstuk indra. Die borsstuk moet hy indra om dit voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer te beweeg.^t ³¹ Die

***7:23** Lev 3:16-17

***7:24** Eks 22:31; Lev 17:15; 22:8

***7:27** Lev 3:17; 7:27; 17:10-14; Deut 12:16,23-24; 15:23; Hand 15:20,29

***7:29** Lev 3:1-6

^r**7:29 maaltydoffer:** Vgl voetnoot by Lev 7:11.

^s**7:29 in die heiligdom:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***7:30-34** Eks 29:26-27; Num 6:20; 18:11,18

^t**7:30 as 'n gewyde ... beweeg:** Waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; vgl Eks 29:24.

priester moet die vet op die altaar verbrand. Die borsstuk kom Aäron en sy seuns toe. ³² Die regterboud van julle maaltydoffers moet julle as wydingsgeskenk aan die priester gee. ³³ Die priester uit die seuns van Aäron wat die bloed van die maaltydoffer en die vet naderbring, hy kry die regterboud as sy deel. ³⁴ *Want die borsstuk, wat die gewyde gawe is, en die regterboud, wat die wydingsgeskenk is, het Ek uit die Israelite se maaltydoffers geneem en aan die priester Aäron en sy seuns gegee as die deel wat hulle altyd by die Israelite moet kry. ³⁵ *Dit is aan Aäron en sy seuns toegewys uit die offergawes aan die HERE op die dag toe hulle nadergebring is om as priesters vir die HERE te dien. ³⁶ Dit is wat die HERE beveel het die Israelite aan hulle moet gee, op die dag dat Hy hulle gesalf het. Dit is 'n voorskrif wat altyd geld vir hulle nageslag.' ”

³⁷ *Dit is die voorskrifte vir die •brandoffer, die •graanoffer, die •reinigingsoffer, die •hersteloffer, die •wydingsoffer en die maaltydoffer ³⁸ *wat die HERE aan Moses as opdrag gegee het op die berg Sinai die dag toe hy die Israelite in die Sinaiwoestyn beveel het om hulle offers aan die HERE te bring.

8

Wyding van Aäron en sy seuns as priesters

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² * “Neem Aäron en sy seuns saam met hom, asook die klere, die salfolie, die bul vir die

*7:34 Eks 29:27-28

*7:35-36 Eks 40:13-15; Lev 8:12,30; Matt 10:10; 1 Kor 9:13-14; 1 Tim 5:17-18

*7:37 Lev 1:2 — 7:36

*7:38 Eks 19:1-3; Lev 25:1

*8:2 Eks 28:2,41; 29:1-44

•reinigingsoffer, die twee ramme en die mandjie ongesuurde brood ³* na die ingang van die Tent van Ontmoeting.^u Laat die hele geloofsgemeenskap ook daar bymekaarkom.” ⁴ Moses het gemaak soos die HERE hom beveel het en die geloofsgemeenskap het by die ingang van die Tent van Ontmoeting bymekaargekom.

⁵ Toe sê Moses vir die volksvergadering:^v “Dit is wat die HERE beveel het gedoen moet word.” ⁶ Moses het vir Aäron en sy seuns laat nader kom en hulle met water afgespoel. ⁷* Hy het vir Aäron die priesterrok aangetrek, die lyfserp vir hom omgebind en die mantel om hom gehang. Toe het hy die efod^w oorgesit, die band daarvan om sy lyf gesit en dit styf vasgemaak. ⁸ Hy het die borstas vir hom aangesit en die Urim en Tummim^x daarin gesit. ⁹* Daarna het hy die tulband op sy kop gesit en aan die voorkant van die tulband die goue roset, die heilige wydingsteken,^{*} vasgemaak soos die HERE Moses beveel het.

¹⁰* Moses het die salfolie geneem en die •tabernakel en alles wat daarin was, gesalf en dit geheilig: ¹¹ Hy het die altaar sewe maal daarmee besprinkel. Hy het die altaar en al die toebehore daarvan, asook die

*8:3 Eks 12:47; Num 8:9

^u8:3 ingang ... Ontmoeting: Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

^v8:5 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

*8:7-9 Eks 25:7; 28:4-14,31-35,39-40; Lev 21:10

^w8:7 efod: 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het; vgl Eks 28:4-6.

^x8:8 Urim en Tummim: Vermoedelik twee stene wat die hoëpriester in sy borstas moes dra en wat hy moes gebruik wanneer hy oor regsake moes beslis.

*8:9 Eks 28:36-38

*8:9 heilige wydingsteken: Eks 29:6

*8:10 Eks 25:9; 30:22-29; 40:9

waskom* en sy voetstuk, gesalf om dit te heilig. ¹²*Hy het van die salfolie oor Aäron se kop uitgegooi en hom gesalf om hom te heilig.

¹³*Moses het die seuns van Aäron na vore laat tree en vir hulle priesterrokke aangetrek, vir hulle lyfserpe omgebind en vir hulle kopdoeke omgesit soos die HERE hom beveel het.

¹⁴*Daarna het hy die bul vir die reinigingsoffer laat nader kom. Aäron en sy seuns het hulle hande op die bul se kop vir die reinigingsoffer geplaas. ¹⁵*Moses het die bul keelaf gesny, van die bloed geneem en dit met sy vinger aan die horings van die altaar gesmeer. Hy het die altaar gereinig en die res van die bloed teen die basis van die altaar uitgegooi. Hy het dit geheilig om versoening daarvoor te doen.

¹⁶*Moses het al die vet aan die binnegoed, die lewerlob en die twee niere met die niervet geneem en dit op die altaar verbrand. ¹⁷*Maar die bul — sy vel, sy vleis en die pensmis — het hy buite die kamp met vuur verbrand, soos die HERE hom beveel het.

¹⁸*Toe het hy die ram vir die •brandoffer laat nader kom. Aäron en sy seuns het hulle hande op die kop van die ram gelê. ¹⁹*Moses het hom keelaf gesny en die bloed reg rondom teen die altaar gesprinkel. ²⁰*Die ram het hy in stukke opgesny en die kop, die stukke en die niervet verbrand. ²¹ Die binnegoed en die pote het hy met water afgespoel.

*8:11 waskom: Eks 30:17-21; 40:11

*8:12 Eks 29:7; Lev 21:10; Ps 133:2

*8:13 Eks 28:40-41; 29:8-9

*8:14-17 Lev 4:31-35

*8:15 Heb 9:21

*8:16 Eks 29:13; Lev 4:7-10

*8:17 Eks 29:14; Lev 4:11-12

*8:18-21 Eks 29:15-18; Lev 1:3-13

*8:19 Heb 9:21

*8:20 Lev 1:8

Moses het die hele ram op die altaar verbrand. Dit was 'n brandoffer vir 'n aangename geur, 'n offergawe aan die HERE, soos die HERE Moses beveel het.

²² *Toe het hy die tweede ram, die een vir die priesterwyding, laat nader kom. Aäron en sy seuns het hulle hande op die kop van die ram gelê. ²³ *Moses het hom keelaf gesny, van die bloed geneem en dit aan Aäron se regteroorlel, die duim van sy regterhand en die groottoon van sy regtervoet gesmeer. ²⁴ *Moses het die seuns van Aäron ook laat nader kom en van die bloed aan hulle regteroorlelle, hulle regterduime en regtergroottone gesmeer. Daarna het Moses die bloed reg rondom teen die altaar gesprinkel. ²⁵ *Hy het die vet geneem: die vetstert en al die vet wat aan die binnegoed is, asook die lob van die lewer, die twee niere met hulle vet en die regterboud. ²⁶ *Uit die mandjie met ongesuurde brood wat voor die HERE was, het hy een ongesuurde ringbrood,^y een ongesuurde brood wat met olyfolie klam gemaak is en een platbrood geneem en dit op die vet en die regterboud neergesit. ²⁷ *Hy het dit alles op die handpalms van Aäron en die handpalms van sy seuns geplaas, en dit voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg.^z ²⁸ *Moses het dit toe uit hulle hande geneem en dit op die altaar bo-op die brandoffer verbrand. Dit was 'n •wydingsoffer vir 'n aangename geur, 'n

*8:22-29 Eks 29:19-26; 40:12-15

*8:23 Lev 14:14,25

*8:24 Heb 9:18-22

*8:25 Lev 3:14-16

*8:26 Eks 29:3,23; Lev 7:32; Num 6:15-19

^y8:26 **ringbrood:** Ringbrode is aan stokke gehang om dit te stoor.

*8:27 Eks 29:22-24; Lev 7:30

^z8:27 as 'n gewyde ... beweeg: Waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; vgl Eks 29:24.

*8:28 Eks 29:25

offergawe aan die HERE. ²⁹ *Moses het die borsstuk geneem en dit voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg. Dit was Moses se deel van die ram vir die priesterwyding, soos die HERE hom beveel het.

³⁰ *Moses het van die salfolie en van die bloed wat aan die altaar was, geneem en dit op Aäron en sy klere, en ook op sy seuns wat by hom was en hulle klere, gesprinkel. So het hy Aäron en sy klere, en sy seuns saam met hom en hulle klere, geheilig. ³¹ *Toe sê Moses vir Aäron en sy seuns: “Kook die vleis voor die ingang van die Tent van Ontmoeting. Daar moet julle dit eet saam met die brood wat in die mandjie vir die priesterwyding is, soos wat ek beveel is,^a ‘Aäron en sy seuns moet dit eet’. ³² *Wat oorbly van die vleis en brood, moet julle met vuur verbrand. ³³ Van die ingang van die Tent van Ontmoeting mag julle vir sewe dae nie weggaan nie, tot op die dag wanneer julle priesterwyding voltooi is, want julle wyding moet sewe dae lank duur. ³⁴ *Wat vandag gebeur het, is wat die HERE beveel het gedoen moet word om vir julle versoening te doen. ³⁵ *Voor die ingang van die Tent van Ontmoeting moet julle sewe dae lank bly, dag en nag. Julle moet die verpligting nakom wat die HERE op julle lê, sodat julle nie sterf nie, want so is ek beveel.” ³⁶ Aäron en sy seuns het alles gedoen wat die HERE by monde van Moses beveel het.

*8:29 Eks 29:26

*8:30 Eks 29:21; 30:30; Num 3:3

*8:31 Eks 29:31-32; Lev 6:16

^a8:31 soos ... beveel is: Die lesing is verkry deur die wysiging van die vokale in die •bronteks. Die bronteks lui “soos wat ek beveel het”.

*8:32 Eks 29:34; Lev 7:15

*8:34 Heb 7:16,28

*8:35 Lev 10:1-2; 22:9; Heb 9:7-14

9

Begin van die offerdiens

¹ Op die agtste dag het Moses Aäron, sy seuns en die oudstes^b van Israel geroep. ² *Hy het vir Aäron gesê: “Kry vir jou 'n bulkalf sonder gebrek vir 'n •reinigingsoffer* en 'n ram sonder gebrek vir 'n •brandoffer* en bring dit voor die HERE. ³ Jy moet ook met die Israeliete praat en sê, ‘Kry 'n bokram vir 'n reinigingsoffer, en vir 'n brandoffer 'n bulkalf en 'n skaaplam, albei 'n jaar oud en sonder gebrek, ⁴ *'n bul en 'n ram om voor die HERE te slag as 'n maaltydoffer,^c en 'n •graanoffer wat met olyfolie klam gemaak is, want vandag gaan die HERE aan julle verskyn.’ ”

⁵ Hulle het alles wat Moses beveel het, na die voorkant van die Tent van Ontmoeting^d geneem en die hele volksvergadering^e het nadergegaan en voor die HERE gaan staan. ⁶ *Toe sê Moses: “Dit is wat die HERE julle beveel het om te doen, sodat die heerlikheid van die HERE aan julle kan verskyn.” ⁷ *Daarna sê Moses vir Aäron: “Gaan na die

^b**9:1 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***9:2** Eks 29:1

***9:2 reinigingsoffer:** Lev 4:3-12

***9:2 brandoffer:** Lev 1:10-13

***9:4** Lev 2:4; 3:1-16

^c**9:4 maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

^d**9:5 Tent van Ontmoeting:** 'n Ander naam vir •tabernakel.

^e**9:5 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***9:6** Eks 16:10; 24:16; Lev 9:23; Num 14:10

***9:7** Heb 5:1-3; 7:26-27

altaar en maak jou reinigingsoffer en jou brandoffer gereed en doen versoening vir jou en jou mense.^f Maak ook die volk se offer gereed en doen vir hulle versoening, soos die HERE beveel het.”

⁸* Aäron het na die altaar gegaan en die bulkalf keelaf gesny as reinigingsoffer vir homself. ⁹ Die seuns van Aäron het die bloed vir hom gebring. Hy het sy vinger in die bloed gedoop en dit aan die horings van die altaar gesmeer. Die res van die bloed het hy teen die basis van die altaar uitgegooi. ¹⁰* Die vet, die niere en die lewerlob van die reinigingsoffer het hy op die altaar verbrand soos die HERE Moses beveel het. ¹¹* Die vleis en die vel het hy buite die kamp met vuur verbrand. ¹²* Toe het Aäron die brandoffer keelaf gesny; sy seuns het die bloed aan hom oorhandig en hy het dit reg rondom teen die altaar gespreinkel. ¹³ Die brandoffer het hulle stuk vir stuk aan hom oorhandig, ook die kop, en hy het dit op die altaar verbrand. ¹⁴ Hy het die binnegoed en die pote afgespoel en dit bo-op die brandoffer op die altaar verbrand.

¹⁵ Daarna het hy die volk se offer laat nader kom. Hy het die bokram wat as reinigingsoffer vir die volk bedoel was, geneem, keelaf gesny en dit as reinigingsoffer gebring soos die eerste offer.* ¹⁶* Hy het die brandoffer laat nader kom en dit op die voorgeskrewe manier gereedgemaak en geoffer. ¹⁷* Hy het ook die graanoffer laat naderbring,

^f**9:7 en jou mense:** Die lesing van die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “vir die volk”. Vgl egter Lev 9:8; 16:17.

***9:8-11** Lev 4:3-12

***9:10** Eks 29:13

***9:11** Lev 4:11-12

***9:12-14** Lev 1:10-13

***9:15 soos ... offer:** Lev 9:8-10

***9:16** Lev 1:3-9

***9:17** Lev 2:1-2

'n handvol daarvan geneem en dit op die altaar verbrand. Dit was afgesien van die brandoffer van die oggend.

¹⁸ *Aäron het die bul en die ram, die maaltydoffer wat vir die volk bedoel was, keelaf gesny. Aäron se seuns het die bloed aan hom oorhandig en hy het dit reg rondom teen die altaar gesprinkel. ¹⁹ Die stukke vet van die bul het hulle nadergebring,^g ook die vet van die ram: die vetstert, die vet wat die binnegoed bedek,^h asook die niere en die lewerlob. ²⁰ Hulle het die vet op die borsstukke neergesit. Aäron het die vet op die altaar verbrand, ²¹ *maar die borsstukke en die regterboud het hy voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg,ⁱ soos Moses beveel het.

²² *Aäron het sy hande na die volk opgelig en hulle geseën. Nadat die reinigingsoffer, die brandoffer en die maaltydoffer gebring is, het hy afgeklim.^j

²³ *Daarna het Moses en Aäron die Tent van Ontmoeting binnegegaan. Toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. Die heerlikheid van die HERE het aan die hele volk verskyn: ²⁴ *'n Vuur het van voor die HERE uitgegaan en die brandoffer en die vet op die altaar verteer. Toe die hele volk dit sien, het hulle gejuig en neergeval met hulle gesigte teen die grond.

***9:18-20** Lev 3:1-5

^g**9:19 nadergebring:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie.

^h**9:19 vet wat ... bedek:** Die bronteks lui “en dit wat bedek”.

***9:21** Lev 7:30-34

ⁱ**9:21 as 'n gewyde ... beweeg:** Waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; vgl Eks 29:24.

***9:22** Num 6:23-27; Luk 24:50

^j**9:22 afgeklim:** Aäron het waarskynlik op 'n platform gestaan toe hy die volk geseën het; vgl 2 Kron 6:12-13.

***9:23** Num 16:19,42

***9:24** 1 Kon 18:38-39; 1 Kron 21:26; 2 Kron 7:1,3

10

Nadab en Abihu

¹*Nadab en Abihu, die seuns van Aäron, het elkeen sy vuurpan gevat, gloeiende kole daarin gesit en reukwerk daarop gegooi. Toe het hulle hierdie ongeoorloofde vuur voor die HERE nadergebring — wat nie volgens sy bevel was nie. ²Vuur het van voor die HERE uitgegaan en hulle verteer, sodat hulle daar voor die HERE gesterf het. ³*Toe sê Moses vir Aäron: “Dit is wat die HERE bedoel het toe Hy gesê het,

“ ‘Deur diegene wat naby My is, moet Ek as heilig erken word; ten aanskoue van die hele volk moet Ek geëer word.’ ”

Aäron het net geswyg. ⁴Moses het vir Misael en Elisafan, die seuns van Ussiël, die broer van Aäron se pa, geroep en vir hulle gesê: “Kom nader, dra julle medepriesters weg hier voor die heiligdom na buite die kamp.” ⁵Hulle het nader gekom en hulle in hulle priesterrokke na buitekant die kamp gedra soos Moses gesê het.

⁶*Moses het vir Aäron en sy seuns Eleasar en Itamar gesê: “Moenie julle hare laat loshang nie en moenie julle klere skeur nie, anders sterf julle en word die HERE kwaad vir die hele volksvergadering.^k Maar julle broers, die hele huis van Israel, mag treur oor die brand wat die HERE

*10:1 Eks 6:22; Lev 16:1; Num 3:4; 26:61

*10:3 Lev 22:32; Num 20:13; Eseg 20:41

*10:6 Lev 13:45; 21:10; Eseg 44:20; Mark 14:63

^k10:6 **volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

laat ontvlam het. ⁷ *By die ingang van die Tent van Ontmoeting¹ mag julle nie uitgaan nie, sodat julle nie sterf nie; want die salfolie van die HERE is aan julle.” Hulle het toe gemaak soos Moses gesê het.

⁸ Die HERE het met Aäron gepraat en gesê: ⁹ * “Wyn en sterk drank moet jy nie drink nie, nie jy of jou seuns by jou wanneer julle in die Tent van Ontmoeting ingaan nie; sodat julle nie sterf nie. Dit is 'n voorskrif wat altyd vir julle nageslag geld, ¹⁰ * met die oog daarop om te kan onderskei tussen wat heilig is en nie heilig nie, en tussen wat •onrein en rein is.

¹¹ * So moet julle die Israeliete al die vaste voorskrifte leer wat die HERE deur Moses aan hulle bekend gemaak het.”

¹² * Moses het vir Aäron en sy oorblywende seuns, Eleasar en Itamar, gesê: “Neem die •graanoffer wat oor is van die offergawes aan die HERE en eet dit so ongesuurd langs die altaar, want dit is besonder heilig.

¹³ Julle moet dit op 'n heilige plek eet, want dit is jou en jou seuns se deel uit die offergawes aan die HERE; ja, so is ek beveel. ¹⁴ * Die borsstuk wat 'n gewyde gawe is, en die boud wat 'n wydingsgeskenk^m is, moet julle op 'n rein plek eet — jy en jou seuns en jou dogters saam met jou;

*10:7 Lev 21:12

¹10:7 **ingang ... Ontmoeting:** Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

*10:9 Num 6:3; Rig 13:4; Eseg 44:21

*10:10 Lev 11:47; 14:57; Hand 10:28

*10:11 2 Kron 19:10; Hag 2:11; Mal 2:6-7

*10:12-13 Lev 2:3; 6:16-17; Num 18:9-10

*10:14-15 Eks 29:24,28; Lev 7:28-34

^m10:14 **wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

want dit is gegee as jou en jou kinders se deel uit die maaltydoffersⁿ van die Israeliete. ¹⁵ Die boud as 'n wydingsgeskenk en die borsstuk as 'n gewyde gawe bo-op die offergawes van die stukke vet moet hulle in die heiligdom^o inneem om dit voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg.^p Dit is die deel wat jy en jou kinders saam met jou altyd moet kry, soos die HERE beveel het.”*

¹⁶ Moses het oral na die reinigingsbok gesoek, maar kyk, dit was verbrand! Hy was woedend vir Eleasar en Itamar, Aäron se oorblywende seuns en het gesê: ¹⁷ * “Waarom het julle nie die •reinigingsoffer op 'n heilige plek geëet nie? Dit is tog besonder heilig! Dit is aan julle gegee om die skuld van die volksvergadering^q weg te neem deur vir hulle voor die HERE versoening te doen. ¹⁸ * Kyk, die bloed daarvan is nie in die heiligdom ingeneem nie! Julle moes dit beslis in die heiligdom geëet het, soos ek beveel het.” ¹⁹ * Aäron het hom teen Moses verweer: “Kyk, vandag het hulle hulle reinigingsoffer en hulle •brandoffer voor die HERE nadergebring, en nogtans het so iets my oorgekom. As ek vandag die reinigingsoffer geëet het, sou die HERE dit

ⁿ**10:14 maaltydoffers:** Dieroffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

^o**10:15 in die heiligdom:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^p**10:15 as 'n gewyde ... beweeg:** Waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; vgl Eks 29:24.

^{*}**10:15 soos ... beveel het:** Lev 7:34

^{*}**10:17** Lev 6:26,29; Joh 1:29

^q**10:17 volksvergadering:** Vgl voetnoot by Lev 10:6.

^{*}**10:18** Lev 6:26

^{*}**10:19** Lev 9:2,7-16

goedgevind het?”²⁰ Toe Moses dit hoor, was hy tevrede.

11

Voorskrifte oor rein en onrein diere

¹*Die HERE het met Moses en Aäron gepraat en vir hulle gesê: ²*“Praat met die Israeliete en sê, ‘Van al die diere op land mag julle die volgende eet:’³* Alles wat volledig gesplete hoewe het en herkou, dié mag julle eet.

⁴*“ ‘Die volgende diere wat herkou of wat gesplete hoewe het, mag julle egter nie eet nie:

“ ‘Kamele, want hulle herkou maar het nie gesplete hoewe nie — hulle is beslis vir julle •onrein;

⁵“ ‘Dassies, want hulle herkou maar het nie gesplete hoewe nie — hulle is beslis vir julle onrein;

⁶“ ‘Hase, want hulle herkou, maar het nie gesplete hoewe nie — hulle is beslis vir julle onrein;

⁷*“ ‘Varke, want hulle het volledig gesplete hoewe, maar hulle herkou nie — hulle is beslis vir julle onrein.

⁸“ ‘Van hulle vleis mag julle glad nie eet nie en aan hulle karkasse mag julle nie raak nie. Hulle is beslis vir julle onrein.

⁹*“ ‘Van alles wat in water is, mag julle die volgende eet:

*11:1-47 Hand 10:14

*11:2-3 Deut 14:4-6; Hand 10:12-15

*11:2 Van ... eet: Heb 9:10

*11:3 Deut 14:6

*11:4-6 Deut 14:7

*11:7-8 Deut 14:8; Jes 65:4; 66:17

*11:9 Deut 14:9

“ ‘Alles met vinne en skubbe wat in die oseane of in waterstrome^r leef, dít mag julle eet. ¹⁰ *Maar alles in die oseane of in waterstrome wat nie vinne of skubbe het nie — van alles wat krioel in water en van enige lewende wese wat in water hou — dit moet vir julle beslis afstootlik wees. ¹¹ Afstootlik moet dit vir julle wees: Julle mag nie van hulle vleis eet nie en hulle karkasse moet julle as afstootlik beskou. ¹² *Alles in die water sonder vinne en skubbe moet vir julle beslis afstootlik wees.

¹³ * “ ‘Die volgende diere met vlerke^s moet vir julle afstootlik wees en julle mag dit nie eet nie, hulle is beslis afstootlik:

“ ‘gewone arende, breëkop-arende;
swartaasvoëls,
¹⁴ jakkalsvoëls en alle soorte valke;
¹⁵ alle soorte kraaie;
¹⁶ steenuile, ooruile;
seemeeue;
alle soorte kleinvalkies, ¹⁷ naguiltjies;
visarende;
grasuile, ¹⁸ nonnetjiesuile;
bontkraaie;
Egiptiese aasvoëls,
¹⁹ ooievaars en alle soorte reiers;
hoep-hoepe en vlermuise.

^r**11:9 oseane ... waterstrome:** Kan ook vertaal word “in allerhande waters en strome”.

* **11:10-12** Lev 11:12; Deut 14:10

* **11:12** Lev 11:10

* **11:13-19** Deut 14:11-18

^s**11:13 Die volgende ... vlerke:** Die name van sommige voëlsoorte is onseker.

²⁰ * “ ‘Alle insekte met vlerke en vier pote is beslis vir julle afstootlik.

²¹ * Maar van dié met vlerke en vier pote mag julle egter wel dié eet wat gelede pote het om op die grond mee te spring. ²² Van die volgende mag julle eet: alle soorte treksprinkane, veldsprinkane, krieke en koringkrieke. [†] ²³ Alle ander insekte met vlerke en vier pote is egter beslis vir julle afstootlik.

²⁴ * “ ‘Julle word ook deur die volgende verontreinig, en elkeen wat aan hulle karkasse raak, sal tot die aand onrein wees ²⁵ * en enigiemand wat 'n stuk van die karkas gedra het, moet sy klere was en sal tot die aand onrein wees: ²⁶ Die karkas van enige dier wat nie volledig gesplete hoewe het of wat nie herkou nie, is beslis vir julle onrein. Elkeen wat daaraan raak, sal onrein wees. ²⁷ Ook al die viervoetige diere wat op sagte pote loop, is vir julle beslis onrein. Elkeen wat aan hulle karkasse raak, sal tot die aand onrein wees. ²⁸ En iemand wat die karkasse gedra het, moet sy klere was en sal tot die aand onrein wees. Hulle is beslis onrein vir julle.

²⁹ “ ‘Onder die kruipende diere wat op die grond rondbeweeg, is die volgende vir julle onrein: muishonde, muise en alle soorte paddas, ³⁰ geitjies, likkewane, akkedisse, koggelmanders en verkleurmannetjies. ³¹ Onder al die kruipende diere is hierdie diere vir julle onrein. Elkeen wat raak aan een van hulle wat dood is, sal tot die aand onrein wees. ³² Enigiets waarop een van hulle wat dood is, val, sal onrein wees: Dit

* **11:20** Deut 14:19

* **11:21-22** Matt 3:4; Mark 1:6

[†]**11:22 treksprinkane ... koringkrieke:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woorde.

* **11:24** Lev 5:2

* **11:25** Lev 17:15-16; Heb 9:10

^u**11:29-30 muishonde ... verkleurmannetjies:** Daar is onsekerheid oor hoe die terme vertaal moet word.

geld vir enige gebruiksartikel van hout, materiaal, leer of geweefde bokhaar, of vir enigiets wat daagliks gebruik word. Dit moet in water gedompel word en sal onrein wees tot die aand, maar is daarna weer rein.*

³³ * “Wanneer een van hulle in 'n kleipot val, sal alles wat daarin is, onrein wees. Die pot moet gebreek word. ³⁴ Enige kos wat nog geëet kan word en waarop water uit so 'n pot^v gegooi word, is onrein. Ook enige vloeistof in so 'n pot, wat gedrink kan word, is onrein. ³⁵ Enigiets waarop een van hulle karkasse val, sal onrein wees. 'n Kleioond of 'n dubbele kookplek van klei moet afgebreek word. Dit is onrein en dit moet ook vir julle beslis onrein wees. ³⁶ 'n Fontein of ondergrondse opgaarplek vir water sal egter rein wees, maar iemand wat aan karkasse daarin raak, sal onrein wees. ³⁷ Wanneer van hulle karkasse val op enige saad vir saailinge wat uitgeplant moet word, sal dit beslis rein wees. ³⁸ Maar wanneer water op saad gegooi word en van hulle karkasse val dan daarop, is die saad vir julle onrein.

³⁹ * “Wanneer enige van die diere wat julle mag eet, vrek, sal iemand wat aan die karkas raak, onrein wees tot die aand. ⁴⁰ Iemand wat van die karkas eet, moet sy klere was. Hy sal onrein wees tot die aand. En iemand wat die karkas gedra het, moet ook sy klere was. Hy sal onrein wees tot die aand.

⁴¹ * “Enige dier wat op die grond kruip, is beslis afstootlik. Dit mag nie geëet word nie. ⁴² Van alles wat op die pens seil, van alles wat op vier

* **11:32 Dit moet ... rein:** Lev 15:12

* **11:33** Lev 6:28

^v**11:34 uit so 'n pot:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **11:39-40** Lev 17:15; 22:8; Deut 14:21; Eseg 4:14

* **11:41** Lev 11:29

pote beweeg — ook dié wat baie pote het — ja, van alles wat op die grond kruip, mag julle nie eet nie, want hulle is beslis vir julle afstootlik. ⁴³ Moet julleself nie deur enige van hierdie kruipende diere afstootlik maak nie. Julle mag julle nie met hulle verontreinig en daardeur onrein word nie; ⁴⁴ *want Ek is die HERE, julle God. Julle moet julleself heilig hou. Wees heilig, want Ek is heilig. Julle mag julleself nie verontreinig met diere wat op die grond kruip nie, ⁴⁵ want Ek is die HERE wat julle uit Egipte laat optrek het om vir julle 'n God te wees. Wees dan heilig, want Ek is heilig.

⁴⁶ “ ‘Dit is die voorskrifte oor die diere en voëls en al die lewende wesens wat in die waters wemel en al die lewende wesens wat op die grond krioel, ⁴⁷ * sodat julle kan onderskei tussen wat onrein en wat rein is, en tussen diere wat geëet mag word en dié wat nie geëet mag word nie.’ ”

12

Reiniging van 'n vrou ná geboorte

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² “Praat met die Israeliete en sê, ‘Wanneer 'n vrou swanger is en aan 'n seun geboorte gee, sal sy sewe dae lank •onrein wees. Sy sal onrein wees soos gedurende haar menstruasie. * ³ * Op die agtste dag moet die seun se voorhuid besny word. ⁴ * Vir drie-en-dertig dae moet sy vanweë die bloeding vir reiniging^w tuis bly. Totdat die dae van haar reiniging verby is, mag sy

* **11:44-45** Eks 19:6,10; 20:2; Lev 19:2; 20:7; 22:33; 1 Pet 1:15-16

* **11:47** Lev 10:10; 20:25; Eseg 44:23

* **12:2** Sy sal ... menstruasie: Lev 15:19

* **12:3** Gen 17:12; 21:4; Luk 1:59; 2:21-22; Joh 7:22; Hand 15:1

* **12:4** Lev 15:19-20; Luk 2:22

^w**12:4** bloeding vir reiniging: Letterlik ‘die bloeding van reiniging’.

nie aan enigiets wat heilig is, raak nie en mag sy glad nie na die heiligdom gaan nie. ⁵ As sy aan 'n dogter geboorte skenk, sal sy vir twee weke lank onrein wees, net soos gedurende haar menstruasie. Vir ses-en-sestig dae moet sy vanweë die bloeding vir reiniging tuis bly.

⁶ “*Wanneer die dae van haar reiniging verby is — of sy nou aan 'n seun of aan 'n dogter geboorte geskenk het — moet sy 'n jaar oue lam as •brandoffer en 'n jong duif of tortelduif as •reinigingsoffer na die priester by die ingang van die Tent van Ontmoeting^x bring. ⁷ *Hy moet dit voor die HERE naderbring om vir haar versoening te doen en dan sal sy gereinig wees van die vloei van haar bloed. Dit is die voorskrif vir 'n vrou wat geboorte skenk, of dit nou aan 'n seun of 'n dogter is.

⁸ “* ‘As sy egter nie 'n skaap kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee jong duiwe neem: een as 'n brandoffer en een as 'n reinigingsoffer. Die priester sal dan vir haar versoening doen en sy sal rein wees.’ ”

13

Voorskrifte oor velsiekte

¹ *Die HERE het met Moses en Aäron gepraat: ² “Wanneer iemand 'n swelsel of skurwe plek of ligte vlek op sy vel het wat velsiekte^y kan word, moet hy na Aäron, die hoëpriester, of na een van sy seuns, die

*12:6 Luk 2:22

^x12:6 **ingang ... Ontmoeting:** Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

*12:7 Lev 5:10

*12:8 Lev 5:7; 14:22; Luk 2:24

*13:1-46 Deut 24:8

^y13:2 **velsiekte:** Enige aantasting van die vel waaruit liggaamsvog kon kom. Dit het die persoon •onrein gemaak.

priesters, gebring word. ³ Die priester moet dan die aangetaste plek op die vel ondersoek: As die hare op die aangetaste plek wit geword het en dit lyk of die aantasting dieper as die vel is, dan is dit velsiekte. As die priester dit sien, moet hy hom •onrein verklaar. ⁴ * As dit 'n ligte vlek op die vel is en dit lyk nie dieper as die vel en die hare daarop het nie wit geword nie, moet die priester die aangetaste persoon vir sewe dae afsonder. ⁵ As die priester hom op die sewende dag ondersoek, en hy vind dat die aangetaste plek volgens sy waarneming dieselfde gebly het en nie op die vel versprei het nie, moet die priester hom weer 'n keer vir sewe dae afsonder. ⁶ * As die priester hom dan weer op die sewende dag ondersoek, en hy vind die aangetaste plek het dof geraak en het nie op die vel versprei nie, moet die priester hom rein verklaar. Dit is dan net 'n skurwe plek. Hy moet sy klere was, en dan is hy rein. ⁷ Maar as die skurwe plek op die vel wel groter word nadat hy dit aan die priester getoon het om rein verklaar te word, moet hy hom weer aan die priester gaan toon. ⁸ As die priester hom ondersoek en vind dat die skurwe plek op die vel groter geword het, moet die priester hom onrein verklaar. Dit is velsiekte.

⁹ “Wanneer iemand velsiekte het, moet hy na die priester gebring word. ¹⁰ * As die priester hom ondersoek en vind dat daar 'n wit swelsel op die vel is en dit het die hare wit laat word, en dat daar rou weefsel in die swelsel is, ¹¹ is die siekte gevestig in sy vel. Die priester moet hom onrein verklaar en hom nie afsonder nie,^z want hy is onrein. ¹² Maar as

*13:4 Num 12:14-15

*13:6 Lev 13:34; Matt 8:4; Luk 17:14

*13:10 Num 12:10-12; 2 Kron 26:19-20

^z13:11 **nie afsonder nie:** Dit beteken dat die priester nie nodig het om die persoon weer af te sonder en later te ondersoek nie. Aangesien hy •onrein is, word hy heeltemal uit die gemeenskap verstoot; vgl Lev 13:46.

die velsiekte wel op die vel versprei het sodat dit, so ver as wat die priester kan sien, die hele vel van die aangetaste persoon van kop tot tone bedek, ¹³ en die priester ondersoek hom en vind dat die velsiekte wel sy hele liggaam bedek, moet hy die aangetaste persoon rein verklaar. Hy het heeltemal wit geword;^a hy is rein. ¹⁴ Maar sodra daar rou weefsel op hom verskyn, is hy onrein. ¹⁵ As die priester die rou weefsel sien, moet hy hom onrein verklaar. Die rou weefsel is onrein; dit is velsiekte. ¹⁶ As die rou weefsel egter herstel en weer wit word, moet hy na die priester gaan. ¹⁷ As die priester hom ondersoek en hy vind dat die aangetaste plek wit geword het, moet hy die aangetaste persoon rein verklaar; hy is rein.

¹⁸ *¹⁸ “Wanneer daar op iemand se vel 'n sweer was wat gesond geword het ¹⁹ en in die plek van die sweer ontstaan 'n wit swelsel of 'n bleekrooi ligte vlek, moet hy hom aan die priester gaan toon. ²⁰ As die priester dit ondersoek en vind dit lê onder die vel en die hare daarop het wit geword, moet die priester hom onrein verklaar. Dit is 'n geval van velsiekte wat in die sweer uitslaan. ²¹ Maar as die priester dit ondersoek en vind dat daar geen wit hare op is nie, dat dit nie onder die vel is nie en dat dit dof geword het, moet die priester hom vir sewe dae afsonder. ²² As dit dan wel in die vel versprei, moet die priester hom onrein verklaar. Dit is 'n geval van velsiekte. ²³ Maar as die ligte vlek dieselfde gebly het en nie versprei het nie, dan is dit 'n letsel van die sweer. Die priester moet hom rein verklaar.

²⁴ “Wanneer daar 'n brandwond op iemand se vel is en die rou weefsel van die wond word 'n bleekrooi of wit ligte vlek, ²⁵ en die priester ondersoek dit en vind dat die hare op die ligte vlek wit geword het en

^a**13:13 wit geword:** Dit beteken dat die vel droog is en dat daar nie 'n moontlikheid van vogafskeiding is nie.

* **13:18** Eks 9:9-11

dit lyk dieper as die vel, is dit velsiekte wat in die brandplek uitslaan. Die priester moet hom onrein verklaar. Dit is 'n geval van velsiekte.

²⁶ As die priester dit egter ondersoek en vind dat daar nie wit hare op die ligte vlek is nie, dat dit nie onder die vel is nie en dat dit dof geword het, moet die priester hom vir sewe dae afsonder. ²⁷ Die priester moet hom op die sewende dag ondersoek: As dit wel in die vel versprei het, moet die priester hom onrein verklaar. Dit is 'n geval van velsiekte.

²⁸ Maar as die ligte vlek dieselfde gebly het, nie in die vel versprei het nie en dof geword het, is dit die swelsel van die brandplek. Die priester moet hom rein verklaar, want dit is net die letsel van die brandwond.

²⁹ “Wanneer 'n man of 'n vrou 'n aangetaste plek op sy of haar kop, of in sy baard het, ³⁰ en die priester ondersoek die aangetaste plek en vind dat dit dieper lyk as die vel, en dat daar geel, dun hare op is, moet die priester die persoon onrein verklaar. Dit is 'n uitslag, velsiekte van die kop of baard. ³¹ Maar indien die priester die aangetaste plek van die uitslag ondersoek en hy vind dit lê nie dieper as die vel nie en daar is nie swart hare op nie, moet die priester die aangetaste persoon met die uitslag vir sewe dae afsonder. ³² As die priester die aangetaste persoon op die sewende dag ondersoek en vind die uitslag het nie versprei nie, daar is nie geel hare op nie en die uitslag lê nie dieper as die vel nie, ³³ moet die persoon hom skeer. Die plek waar die uitslag is, moet hy egter nie skeer nie. Die priester moet die persoon met die uitslag dan weer vir sewe dae afsonder. ³⁴ As die priester die persoon met die uitslag op die sewende dag ondersoek en vind dat die uitslag nie in die vel versprei het nie en nie dieper as die vel lê nie, moet die priester hom rein verklaar. Hy moet sy klere was. Dan is hy rein. ³⁵ As die uitslag dan wel in die vel versprei nadat hy rein verklaar is, ³⁶ en die priester ondersoek dit, en vind die uitslag het versprei in die vel, hoef die priester nie te soek vir geel hare nie. Hy is onrein. ³⁷ Maar as die

uitslag volgens sy waarneming dieselfde gebly het en daar groei swart hare op, het die uitslag genees. Hy is rein en die priester moet hom rein verklaar.

³⁸ “Wanneer daar ligte vlekke, wit vlekke op die liggaam van 'n man of vrou is, ³⁹ en die priester dit ondersoek en vind dat daar op die vel dowwe wit ligte vlekke is, is dit velverwitting wat op die vel uitslaan. Die persoon is rein.

⁴⁰ “Wanneer 'n man se hare bo-op sy kop uitval, raak hy maar net bles. Hy is rein. ⁴¹ As die hare aan die voorkant van sy kop uitval, raak sy voorkop kaal. Hy is rein. ⁴² Wanneer daar egter op sy bles of kaal voorkop 'n bleekrooi aangetaste plek is, is dit dalk velsiekte wat op sy bles of kaal voorkop uitslaan. ⁴³ As die priester hom ondersoek en vind dat die swelsel van die bleekrooi aangetaste plek op sy bles of kaal voorkop lyk soos velsiekte op die lyf, ⁴⁴ is dit 'n man met velsiekte; hy is onrein. Die priester moet hom beslis onrein verklaar. Dit is op sy kop waar hy aangetas is.

⁴⁵ * “Iemand wat velsiekte êrens aan hom het, se klere moet geskeur wees, sy hare moet los hang en hy moet sy snor bedek.^b ‘Onrein! Onrein!’ moet hy uitroep. ⁴⁶ So lank as wat hy die velaandoening het, sal hy onrein wees; hy is onrein. Hy moet eenkant woon. Sy blyplek moet buite die kamp wees.”

Voorskrifte oor skimmel op klere

⁴⁷ “Wanneer daar op 'n kledingstuk 'n mufkol^c verskyn, of dit nou 'n kledingstuk van wol of linne is, ⁴⁸ óf op die skering en inslag van linne

* **13:45-46** Num 5:2-3; 12:14; 2 Kon 7:3; 15:5; Klaagl 4:15; Luk 17:12

^b **13:45 snor bedek:** Simboliese handeling as teken van rou.

^c **13:47 mufkol:** Die •bronteks gebruik hier dieselfde woorde as wat in Lev 13:2 vertaal is as “velsiekte”.

en wol wat geweef word,^d óf op leer of enige gebruiksartikel van leer,⁴⁹ en die besmetting op die kledingstuk, die skering en inslag, leer of enige leerartikel, is groenerig of rooierig,^{*} is dit met skimmel besmet. Dit moet vir die priester gewys word.⁵⁰ Die priester moet die besmette artikel ondersoek en dit vir sewe dae afsonder.⁵¹ *Hy moet op die sewende dag die besmette artikel ondersoek. Indien die besmetting versprei het op die kledingstuk, die skering en inslag of op die leer, waarvoor die leer ook al daaglik gebruik word, is die besmetting skadelike skimmel. Dit is onrein.⁵² Hy moet die kledingstuk, die skering en inslag van wol of linnestof, of enige leerartikel waarop die besmetting is, verbrand omdat dit skadelike skimmel is. Met vuur moet dit verbrand word.

⁵³ “As die priester dit egter ondersoek en vind dat die besmetting nie op die kledingstuk, skering en inslag of enige leerartikel versprei het nie,⁵⁴ moet hy opdrag gee dat die artikel waarop die besmetting is, gewas word. Hy moet dit dan weer vir sewe dae afsonder.⁵⁵ As die priester die besmette artikel ondersoek nadat dit gewas is en hy vind dat die besmetting volgens sy waarneming nie verander het nie, is dit onrein, al het dit nie versprei nie. Met vuur moet jy dit verbrand. Dit is swambesmetting, of dit nou aan die voor- of agterkant is.⁵⁶ Maar as die priester dit ondersoek en vind dat die besmetting dof is nadat dit gewas is, moet hy dit uitskeur uit die kledingstuk, die leer of die skering en inslag.⁵⁷ As dit egter weer verskyn op die kledingstuk, die skering en die inslag, of enige leerartikel, het dit hervat. Met vuur moet jy die artikel waarop die besmetting is, verbrand.⁵⁸ Die kledingstuk, die

^d**13:48 wat geweef word:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***13:49 groenerig of rooierig** Lev 14:37

***13:51** Lev 14:44

skering en inslag of enige leerartikel wat jy gewas het en waaruit die besmetting verdwyn het, moet 'n tweede keer gewas word. Dit is dan rein.

⁵⁹“Dit is die voorskrifte oor hoe om iets wat met skimmel besmet is, 'n kledingstuk van wol of linne, die skering en inslag van weefwerk^e of enige leerartikel, rein of onrein te verklaar.”

14

Reinigingsvoorskrifte vir velsiekte

¹ Die HERE het met Moses gepraat en vir hom gesê: ²“*Dit is die voorskrifte wat geld vir iemand met velsiekte* op die dag van sy reiniging: Hy moet na die priester gebring word. ³ Die priester moet na hom toe uitgaan buite die kamp. Die priester moet hom ondersoek en as hy vind dat die aangetaste persoon van velsiekte genees is, ⁴*moet hy opdrag gee dat twee lewendige rein voëls, 'n stukkie sederhout, 'n karmosynrooi toutjie en 'n marjoleintakkie^f gebring word vir die een wat hom wil laat reinig. ⁵*Die priester moet opdrag gee dat die een voël se kop oor 'n kleipot met vars water afgesny word. ⁶ Die lewendige voël moet hy neem, en die stukkie sederhout, die karmosynrooi toutjie en

^e**13:59 van weefwerk:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***14:2-3** Matt 8:2,4; Mark 1:40,44; Luk 5:12,14; 17:12,14

***14:2 velsiekte:** Lev 13:1-44

***14:4** Eks 12:22; Num 19:6; Heb 9:19

^f**14:4 stukkie ... marjoleintakkie:** Die toutjie is gebruik om die hout en die marjoleintakkie aan mekaar te bind vir die reinigingsritueel. Marjolein is 'n plant *Origanum syriacum* wat teen mure groei en waarmee reinigingswater gespreinkel is. Die volksnaam *hisop* is 'n transliterasie van die Hebreeuse woord wat verwys na die Europese *Hyssopus officinalis*; vgl Ps 51:9; Heb 9:19-20.

***14:5** Lev 14:50-53; Num 19:17

die marjoleintakkie saam met die lewendige voël doop in die bloed van die ander voël waarvan die kop oor vars water afgesny is. ⁷*Hy moet die bloed sewe maal sprinkel oor die persoon wat hom van die velsiekte wil laat reinig en hom dan rein verklaar. Daarna moet hy die lewendige voël oor die oop veld loslaat. ⁸*Die een wat hom wil laat reinig, moet sy klere was, al sy hare afskeer en homself met water afspoel. Hy is dan rein en mag daarna in die kamp kom, maar hy moet vir sewe dae buite sy tent bly. ⁹Op die sewende dag moet hy weer al sy hare afskeer — sy kop, sy baard en sy wenkbroue. Ja, hy moet al sy hare afskeer. Hy moet sy klere was en sy lyf met water afspoel. Hy is dan rein. ¹⁰*Op die agtste dag moet hy twee jong ramme sonder gebrek en een jaaroud ooitjie sonder gebrek neem, asook 'n •graanoffer van drie tiendes van 'n efa^g gesifte meel^h wat met olyfolie gemeng is en een logⁱ olyfolie.* ¹¹Die priester wat die reiniging voltrek, moet die man wat hom wil laat reinig daarmee voor die HERE laat staan by die ingang van die Tent van Ontmoeting.^j ¹²*Die priester moet een van die jong ramme neem en dit saam met die log olyfolie naderbring as 'n •hersteloffer. Hy moet dit

*14:7 Lev 4:6; 14:53; Heb 9:13

*14:8-9 Num 6:9; 8:7; 12:15

*14:10 Matt 8:4

^g14:10 1/10 ... efa: Ongeveer 2,2 ℓ; •Inhoudsmate.

^h14:10 gesifte meel: Dit verwys na meel van hoë gehalte.

ⁱ14:10 1 log: Ongeveer 1/3 ℓ; •Inhoudsmate.

*14:10 asook ... olie: Lev 2:1; Num 15:4

^j14:11 ingang ... Ontmoeting: Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

*14:12 Eks 29:24; Lev 5:15,18; 7:30; Num 6:20

voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg.^{k 13} *Die man moet die jong ram keelaf sny waar die •reinigingsoffer en die •brandoffer keelaf gesny word, op 'n heilige plek, want soos die reinigingsoffer, kom die hersteloffer die priester toe. Dit is besonder heilig. ¹⁴ *Die priester moet van die hersteloffer se bloed neem en dit aan die persoon wat hom wil laat reinig se regteroorlel, regterduim en regtergroottoon smeer. ¹⁵ Daarna moet die priester die log olyfolie neem en daarvan in die palm van sy linkerhand uitgooi. ¹⁶ Die priester moet sy regterwysvinger in die olyfolie in sy linkerpalm doop en met sy vinger sewe maal daarvan voor die HERE sprinkel. ¹⁷ Van die olyfolie wat in sy handpalm oor is, moet die priester aan die persoon wat hom wil laat reinig se regteroorlel, regterduim en regtergroottoon, bo-oor die bloed van die hersteloffer, smeer. ¹⁸ Die res van die olyfolie in die priester se handpalm moet hy aan die persoon wat hom wil laat reinig, se kop smeer en sodoende vir hom versoening doen voor die HERE. ¹⁹ *Die priester moet dan die reinigingsoffer bring en versoening doen vir die een wat hom van sy •onreinheid wil laat reinig. Daarna moet hy die brandoffer keelaf sny. ²⁰ *Die priester moet die brandoffer en graanoffer op die altaar offer. So doen die priester vir hom versoening. Hy is dan rein.

²¹ *“Maar as die persoon arm is en dit nie kan bekostig nie, moet hy vir 'n hersteloffer een jong ram as gewyde gawe neem om vir hom

^k**14:12 as 'n gewyde ... beweeg:** Waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; vgl Eks 29:24.

***14:13** Lev 1:5,11; 4:4,24

***14:14** Eks 29:20; Lev 8:23

***14:19** Lev 14:31; 15:15

***14:20** Matt 8:1-4; Mark 1:40-44; Luk 5:12-14

***14:21-22** Lev 5:7,11; 12:8

versoening te doen, asook een tiende van 'n efa^l gesifte meel wat met olyfolie gemeng is as graanoffer, 'n log^m olyfolie daarby, ²² en twee tortelduiwe of twee jong duiwe — wat hy ook al kan bekostig — een as reinigingsoffer en die ander as brandoffer. ²³ Hy moet dit op die agtste dag van sy reiniging na die priester bring by die ingang van die Tent van Ontmoeting, daar voor die HERE. ²⁴ Die priester moet die jong ram vir die hersteloffer en die log olyfolie neem en dit voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg. ²⁵ *Die man moet die jong ram vir die hersteloffer keelaf sny en die priester moet van die bloed van die hersteloffer neem en dit aan die een wat hom wil laat reinig se regteroorlel, regterduim en regtergroottoon smeer. ²⁶ Die priester moet van die olyfolie in sy linkerhandpalm uitgooi ²⁷ en met sy regterwysvinger moet hy van die olyfolie in sy linkerhandpalm sewe maal voor die HERE sprinkel. ²⁸ *Die priester moet van die olyfolie wat in sy handpalm is aan die een wat hom wil laat reinig se regteroorlel, regterduim en regtergroottoon, bo-oor die bloed van die hersteloffer, smeer. ²⁹ Die res van die olyfolie in die priester se handpalm moet hy aan die persoon wat hom wil laat reinig, se kop smeer en sodoende vir hom versoening doen voor die HERE. ³⁰ Die priester moet een elk van die tortelduiwe of van die jong duiwe as offer bring — wat die man ook al kan bekostig — ³¹ eenⁿ as 'n reinigingsoffer en die ander as 'n brandoffer, saam met die graanoffer. So doen die priester vir die persoon wat hom wil laat reinig versoening voor die HERE. ³² Dit is die

^l14:21 efa: Vgl voetnoot by Lev 14:10.

^m14:21 log: Vgl voetnoot by Lev 14:10.

*14:25 Lev 8:23

*14:28-29 Lev 14:17-18

ⁿ14:31 een: Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks herhaal die frase “dit wat hy kan bekostig” aan die begin van hierdie vers.

voorskrifte vir iemand met velsiekte wat nie die offers vir sy reiniging kan bekostig nie.”

Reinigingsvoorskrifte vir onrein huise

³³ Die HERE het met Moses en Aäron gepraat en vir hulle gesê:

³⁴ *³⁴ “Wanneer julle in Kanaän kom, die land wat Ek vir julle as besitting gaan gee, en Ek tref 'n huis in dié land van julle met 'n skimmelplaag,

³⁵ moet die persoon aan wie die huis behoort, kom en vir die priester sê, ‘Dit lyk vir my daar is 'n skimmelplaag in die huis.’ ³⁶ Die priester moet opdrag gee dat die huis ontruim word voordat hy daar ingaan om die skimmelplaag te ondersoek, om te verhoed dat alles wat in die huis is, onrein word. Daarna kan die priester ingaan om die huis te ondersoek.

³⁷ As hy die skimmelplaag ondersoek en vind dat dit teen die mure van die huis groenerige of rooierige holtes maak wat lyk of dit onder die muur se oppervlak lê, ³⁸ moet die priester by die huis uitgaan na die ingang van die voorhof, en die huis vir sewe dae toesluit. ³⁹ Op die

sewende dag moet die priester terugkeer. As hy die huis ondersoek en vind dat die skimmelplaag teen die mure van die huis versprei het,

⁴⁰ moet die priester opdrag gee dat die klippe waarop die skimmelplaag is, verwyder en buite die stad op 'n onrein plek weggegooi word. ⁴¹ Die

huis se mure moet hy aan die binnekant reg rondom laat afskraap en die afgeskraapte grond moet buite die stad op 'n onrein plek weggegooi

word. ⁴² Dan moet hulle ander klippe neem en in die plek van daardie klippe inbou. Hulle moet ook ander klei neem en die huis daarmee pleister.

⁴³ “Maar as die skimmelplaag weer in die huis uitslaan nadat die klippe uitgebreek en die huis afgeskraap en oorgepleister is, ⁴⁴ moet die priester in die huis ingaan. As hy die huis ondersoek en vind dat die

*14:34 Gen 17:8; Deut 2:12; 32:49

plaag versprei het, is daar skadelike skimmel in die huis; dit is onrein.

⁴⁵ Die huis moet afgebreek word en die klippe, die hout en al die los grond van die huis moet buite die stad op 'n onrein plek weggegooi word. ⁴⁶ Enigiemand wat die huis binnegaan gedurende die tyd wat dit gesluit is, sal tot die aand toe onrein wees. ⁴⁷ Iemand wat in die huis slaap, moet sy klere was en iemand wat in die huis eet, moet ook sy klere was.

⁴⁸ “As die priester egter in die huis ingaan en dit ondersoek en vind dat die skimmelplaag, nadat die huis gepleister is, nie versprei het nie, moet hy die huis rein verklaar omdat die skimmelplaag opgeklaar het. ⁴⁹ * Om die huis te reinig, moet hy^o twee voëls, 'n stukkie sederhout, 'n karmosynrooi toutjie en 'n marjoleintakkie neem. ⁵⁰ Die een voël se kop moet hy oor 'n kleipot met vars water afsny. ⁵¹ Hy^p moet die stukkie sederhout, die marjoleintakkie, die karmosynrooi toutjie en die lewendige voël neem en dit doop in die vars water en die bloed van die voël waarvan die kop afgesny is. Hy moet dan die huis sewe keer besprinkel. ⁵² So moet hy die huis reinig met die bloed van die voël en die vars water, met die lewendige voël, die stukkie sederhout, die marjoleintakkie en die karmosynrooi toutjie. ⁵³ Die lewendige voël moet hy buite die stad in die oop veld loslaat. So sal hy versoening doen vir die huis. Dit sal dan rein wees.

⁵⁴ * “Dit is die voorskrifte vir enige geval van velsiekte en uitslag, ⁵⁵ * vir skimmel op klere en in 'n huis, ⁵⁶ * vir 'n swelsel, 'n skurwe plek en 'n

* **14:49-53** Lev 14:4-7

^o**14:49 hy:** Dit verwys na die eienaar van die huis.

^p**14:51 Hy:** Dit verwys na die priester.

* **14:54** Lev 13:30,59

* **14:55** Lev 13:47; 14:34

* **14:56** Lev 13:2

ligte vlek, ⁵⁷ om te kan vasstel wanneer iets onrein is en wanneer dit rein is.

“Dit dan wat betref die voorskrifte oor velsiekte en skimmel.⁹”

15

Voorskrifte oor onrein afskeidings

¹ Die HERE het met Moses en Aäron gepraat en vir hulle gesê: ²“Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer vog by enige man se geslagsorgaan uitvloei, is dit •onrein, ³ en dit maak hom ook onrein solank die afskeiding duur. Of die afskeiding nou by sy geslagsorgaan uitvloei, en of sy geslagsorgaan verstop raak vanweë die afskeiding, dit maak hom onrein. ⁴*Elke bed waarop die man met 'n afskeiding lê, word onrein en enigiets waarop hy sit, word onrein. ⁵Iemand wat aan sy bed raak, moet sy klere was en homself met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ⁶Iemand wat op 'n voorwerp sit waarop die man met die afskeiding gesit het, moet sy klere was en homself met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ⁷Iemand wat aan die man met die afskeiding raak, moet sy klere was en homself met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ⁸Wanneer die man met die afskeiding op 'n rein persoon spoeg, moet daardie persoon sy klere was en homself met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ⁹*Enige saal waarop die man met die afskeiding ry, is onrein, ¹⁰ en elkeen wat raak aan iets wat onder hom was, is tot die aand onrein. Iemand wat dit optel, moet sy klere was en homself met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ¹¹Elkeen aan wie die man met die afskeiding raak sonder dat hy sy hande gewas het,

⁹**14:57 velsiekte en skimmel:** Die bronteks gebruik een woord om na velsiekte en skimmel te verwys.

***15:4-7** Lev 15:20-23; 22:6-7

***15:9** Gen 31:34-35

moet sy klere was en homself met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ¹² *'n Kleipot waaraan die man met die afskeiding raak, moet gebreek word, en elke houtvoorwerp moet met water afgespoel word.

¹³ “ ‘Wanneer die man met die afskeiding skoon is van sy afskeiding, moet hy self sewe dae vir sy reiniging aftel. Hy moet sy klere was en sy liggaam met lopende water afspoel. Dan is hy rein. ¹⁴ Op die agtste dag moet hy twee tortelduiwe of twee jong duiwe neem en wanneer hy voor die HERE by die ingang van die Tent van Ontmoeting^f aankom, moet hy dit vir die priester gee. ¹⁵ Die priester moet dit offer, die een as 'n •reinigingsoffer en die ander as 'n •brandoffer. Die priester moet voor die HERE vir hom versoening doen vir sy afskeiding.

¹⁶ * “ ‘Wanneer 'n man 'n saadstorting het, moet hy sy hele liggaam met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ¹⁷ Enige kledingstuk en enige leervoorwerp waarop daar saad is, moet met water afgespoel word en sal tot die aand onrein wees. ¹⁸ * ‘Wanneer 'n man met 'n vrou gemeenskap het en saad stort, moet hulle hulle met water afspoel. Hulle is onrein tot die aand.

¹⁹ * “ ‘Wanneer 'n vrou 'n afskeiding het en die afskeiding is bloed uit haar liggaam, is die tydperk van haar onreinheid sewe dae. Elkeen wat aan haar raak, is onrein tot die aand. ²⁰ * Enigiets waarop sy gedurende die tydperk van haar onreinheid lê, is onrein en enigiets waarop sy sit, is onrein. ²¹ Elkeen wat aan haar bed raak, moet sy klere was en homself

*15:12 Lev 6:28; 11:32-33

^f15:14 **ingang ... Ontmoeting:** Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

*15:16 Deut 23:10-11

*15:18 Eks 19:14-15; 1 Sam 21:4-5; Heb 9:10

*15:19-24 Eseg 36:17

*15:19 Lev 12:2,5; 18:19

*15:20-23 Lev 15:4-7

met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ²² Elkeen wat aan enigiets raak waarop sy gesit het, moet sy klere was en homself met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ²³ As hy raak aan iets wat op die bed is, of aan enigiets waarop sy sit, is hy onrein tot die aand. ²⁴ As 'n man tog met haar gemeenskap het, sodat haar onreinheid op hom kom, sal hy vir sewe dae onrein wees. Enige bed waarop hy lê, sal ook onrein wees.

²⁵ “ ‘Indien dit sou gebeur dat 'n vrou buite die tyd van haar menstruasie vir 'n lang tyd bloei of dat sy langer as haar menstruasie bloei,* is sy onrein vir die duur van haar onrein afskeiding soos wanneer sy menstrueer: Sy is onrein. ²⁶ Enige bed waarop sy gedurende haar afskeiding lê, is soos die bed waarop sy tydens haar menstruasie lê, en enigiets waarop sy sit, is ook onrein soos wat dit sou wees tydens die onreinheid van haar menstruasie. ²⁷ Elkeen wat daaraan raak, is onrein. Hy moet sy klere was en homself met water afspoel. Hy is tot die aand onrein. ²⁸ Indien sy skoon is van haar afskeiding, moet sy self sewe dae aftel. Daarna is sy rein. ²⁹ *Op die agtste dag moet sy twee tortelduiwe of twee jong duiwe neem en hulle na die priester by die ingang van die Tent van Ontmoeting bring. ³⁰ Die priester moet die een as 'n reinigingsoffer en die ander as 'n brandoffer bring. So doen die priester voor die HERE vir haar versoening vir haar onrein afskeiding.’

³¹ “Hou die Israeliete weg van dit wat hulle onrein maak, sodat hulle nie deur hulle onreinheid sterf wanneer hulle my •tabernakel wat in hulle midde staan, onrein maak nie.

³² “Dit is die voorskrifte* vir 'n man wat 'n afskeiding het en wat saad stort en daardeur onrein word, ³³ vir 'n vrou wat ongesteld is tydens

* **15:25 Indien ... bloei:** Matt 9:20

* **15:29-30** Lev 12:8; 15:14

* **15:32 voorskrifte:** Lev 13:59

menstruasia, vir 'n man of vrou met 'n afskeiding, en vir 'n man wat by 'n onrein vrou slaap.”

16

Dag van Versoening

¹ **Die HERE het met Moses gepraat ná die dood van Aäron se twee seuns, toe hulle voor die HERE nader gekom en gesterf het. ² *Die HERE het vir Moses gesê: “Praat met jou broer, Aäron. Hy mag nie enige tyd in die heiligdom agter die voorhangsel^s voor die versoendeksel^t ingaan wat op die ark is nie, sodat hy nie sterf nie, want Ek verskyn in die wolk bo die versoendeksel.

³ **“Aäron moet met die volgende in die heiligdom ingaan: 'n jong bul as •reinigingsoffer en 'n ram as •brandoffer. ⁴ *Hy moet 'n heilige priesterrok van linne aantrek, 'n linnebroek oor sy onderlyf dra, hom met 'n linnelyfserp omgord en vir hom 'n linnetulband ombind. Dit is heilige klere. Hy moet sy lyf met water afspoel en dit dan aantrek. ⁵ *Uit die volksvergadering^u van die Israëliete moet hy twee bokramme vir 'n

*16:1-34 Num 29:7-11; Heb 9:7,25

*16:1 Lev 10:1-2

*16:2 Eks 25:22; 26:33,34; Heb 6:19; 9:3,7; 10:19

^s16:2 voorhangsel: Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

^t16:2 versoendeksel: Die goue deksel van die verbondsark waarin die kliptafels met die Tien Gebooie gehou is; vgl Eks 25:17-22.

*16:3 Lev 1:3; 4:3; Heb 9:7,12,24-25

*16:4 Eks 28:39,42-43; 29:4; Eseg 44:17

*16:5 Lev 4:14; Num 29:11

^u16:5 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

reinigingsoffer en 'n skaapram vir 'n brandoffer neem. ⁶* Aäron moet die bul vir die reinigingsoffer wat vir homself bedoel is, naderbring en versoening doen vir hom en sy huis. ⁷ Hy moet die twee bokramme neem en hulle voor die HERE by die ingang van die Tent van Ontmoeting^v laat staan. ⁸* Aäron moet oor die twee bokke lootjies trek: een lootjie vir die HERE en die ander vir Asasel.^w ⁹ Aäron moet die bok wat vir die HERE geloot is, naderbring en as 'n reinigingsoffer offer. ¹⁰* Maar die bok wat vir Asasel geloot is, moet hy lewend voor die HERE laat staan om die versoeningshandeling op hom uit te voer en hom dan vir Asasel na die woestyn^x te stuur.

¹¹*“Nadat Aäron die bul vir die reinigingsoffer wat vir homself bedoel is, nadergebring het om versoening te doen vir hom en sy huis, moet hy die bul keelaf sny as 'n reinigingsoffer vir homself. ¹²* Hy moet die vuurpan neem, vol kole vuur wat van die altaar voor die HERE af kom, asook twee hande vol fyngestampte kruie as reukwerk, en daarmee agter die Voorhangsel ingaan. ¹³ Hy moet die reukwerk voor die HERE op die kole gooi. Die wolk rook uit die reukwerk sal die versoendeksel

***16:6** Lev 9:7; Heb 7:27-28; 9:7

^v**16:7 ingang ... Ontmoeting:** Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

***16:8** Lev 16:10,26

^w**16:8 Asasel:** 'n Woestynbewoner, soos veldgode, na wie toe die sondebok tydens die jaarlikse •Dag van Versoening gestuur is.

***16:10** Jes 53:4-6; Rom 3:25

^x**16:10 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***16:11** Lev 16:6

***16:12** Eks 30:34-36; Lev 10:1; Num 16:46; Op 8:3-5

wat oor die getuienis^y is, verberg, sodat hy nie sterf nie. ^{14*}Hy moet van die bul se bloed neem en dit met sy vinger op die voorkant van die versoendeksel sprinkel. Voor die versoendeksel moet hy met sy vinger sewe maal van die bloed sprinkel.

^{15*}“Daarna moet hy die bok wat vir die reinigingsoffer van die volk bedoel is, keelaf sny en die bloed agter die Voorhangsel inneem. Hy moet met die bloed doen wat hy met die bul se bloed gedoen het en dit op die versoendeksel en ook voor die versoendeksel sprinkel. ^{16*}So doen hy versoening vir die heiligdom vanweë die •onreinheid van die Israeliete en hulle oortredings, ja, al hulle sondes. Net so doen hy dit vir die Tent van Ontmoeting wat tussen hulle met hulle onreinheid opgeslaan is. ^{17*}Geen mens mag in die Tent van Ontmoeting wees wanneer hy ingaan om in die heiligdom versoening te doen nie, totdat hy uitkom en klaar versoening gedoen het vir homself, sy huis en die hele geloofsgemeenskap van Israel.

^{18*}“Daarna moet hy uitgaan na die altaar wat voor die HERE is en ook daarvoor versoening doen. Hy moet van die bul se bloed en van die bok se bloed neem en dit aan al die horings van die altaar smeer. ¹⁹Hy moet van die bloed met sy vinger sewe maal op die altaar sprinkel en dit reinig en heilig, vanweë die onreinheid van die Israeliete.

²⁰“Wanneer die versoening vir die heiligdom, die Tent van Ontmoeting en die altaar afgehandel is, moet hy die lewendige bok

^y**16:13 die getuienis:** Dit is die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

***16:14** Lev 4:5-6; Heb 9:13,25; 10:4

***16:15** Heb 2:17; 6:19; 7:27; 9:3,7,12

***16:16** Eks 29:36; Eseg 45:18; Heb 9:22-23

***16:17** Luk 1:10,21

***16:18** Eks 30:10; Lev 4:7,25; Eseg 43:20; Heb 9:11-14

naderbring. ²¹ *Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê, en dan oor die bok belydenis doen van al die skuld van die Israeliete, en al hulle oortredings, ja, al hulle sondes. Hy moet die sondes so op die kop van die bok lê en hom dan, deur 'n man^z wat vooraf aangewys is, die woestyn in stuur. ²² *Die bok dra op hom al hulle skuld na 'n onherbergsame gebied. Die man moet die bok in die woestyn loslaat.

²³ *“Aäron moet in die Tent van Ontmoeting ingaan en die linneklere uittrek wat hy aangetrek het toe hy die heiligdom binnegegaan het. Hy moet dit daar laat, ²⁴ *sy liggaam met water afspoel op 'n heilige plek en sy klere aantrek. Dan moet hy uitgaan en sy brandoffer en die brandoffer vir die volk bring om vir homself en vir die volk versoening te doen. ²⁵ *Die vet van die reinigingsoffer moet hy op die altaar verbrand.

²⁶ *“Die man wat die bok vir Asasel losgelaat het, moet sy klere was en sy liggaam met water afspoel. Eers dan mag hy weer in die kamp ingaan.

²⁷ *“Die bul vir die reinigingsoffer en die bok vir die reinigingsoffer, waarvan die bloed in die heiligdom ingeneem is om versoening te doen, moet uit die kamp uitgeneem en met vuur verbrand word: hulle velle, hulle vleis en hulle pensmis. ²⁸ *Die man wat dit verbrand het, moet sy

*16:21 Lev 1:4; 5:5; Jes 53:6; 2 Kor 5:21; Heb 10:4

^z16:21 deur 'n man: Kan ook vertaal word “onder die toesig van 'n man”.

*16:22 Jes 53:11-12; Joh 1:29; Heb 9:28; 1 Pet 2:24

*16:23 Lev 6:11

*16:24 Lev 16:4

*16:25 Lev 4:8-10

*16:26 Lev 15:5; 16:8

*16:27 Eks 29:14; Lev 4:11-12; Heb 13:11

*16:28 Num 19:8,10

klere was en sy liggaam met water afspoel. Eers dan mag hy weer in die kamp ingaan.

²⁹ *[“]“Dit is 'n voorskrif wat altyd vir julle geld: Die tiende dag van die sewende maand moet julle julle verootmoedig^a en nie julle daaglikse werk doen nie, die gebore Israëliete sowel as die vreemdelinge^b wat tussen julle woon. ³⁰ *Want op daardie dag moet Aäron^c vir julle versoening doen om julle te reinig van al julle sondes. Voor die HERE moet julle rein wees. ³¹ *Dit geld vir julle as 'n buitengewone Sabbat.^d Julle moet julle verootmoedig. Dit is 'n voorskrif wat altyd geld. ³² *Die priester wat in die plek van sy vader as priester gesalf en gewy is, moet die versoening doen. Hy moet linneklere aantrek, die klere van die heiligdom, ³³ *en vir die allerheiligste^e versoening doen. Vir die Tent van Ontmoeting en die altaar moet hy versoening doen. Hy moet ook vir die priesters en al die mense van die geloofsgemeenskap versoening doen.

* **16:29-34** Lev 23:26-32; Num 29:7; Eseg 45:18-20

* **16:29-30** Hand 27:9

^a**16:29 verootmoedig:** Dit beteken dat die Israëliete die dag moes deurbring in onthouding, selfondersoek voor God en soberheid; vgl Num 29:7.

^b**16:29 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

* **16:30** Ps 51:4; Jer 33:8; 1 Joh 1:7,9

^c**16:30 Aäron:** Die •bronteks lui “hy”.

* **16:31** Lev 23:32

^d**16:31 buitengewone Sabbat:** Letterlik ‘Sabbat van Sabbatsviering’. Dit was 'n dag van volkome rus wat op 'n besondere wyse gevier is deur die streng nakoming van voorskrifte; vgl Eks 31:15; 35:2.

* **16:32** Eks 29:29-30; Num 20:28

* **16:33** Lev 16:6,18,24

^e**16:33 allerheiligste:** Dit is daardie deel van die tabernakel waar die verbondsark gestaan het.

³⁴ *Dit is 'n voorskrif wat altyd vir julle geld: Een keer per jaar moet daar vir die Israëliete versoening gedoen word vir al hulle sondes.”

Aäron^f het toe gedoen wat die HERE Moses beveel het.

17

Net een offerplek

¹ Die HERE het met Moses gepraat en vir hom gesê: ² “Praat met Aäron en sy seuns en met al die Israëliete en sê vir hulle, ‘Dit is wat die HERE beveel het: ³ *As daar enigiemand van die huis van Israel is wat 'n bees, 'n skaap of 'n bok binne of buite die kamp keelaf sny, ⁴ en wat dit nie na die Tent van Ontmoeting^g bring om dit vir die HERE as offer aan te bied voor die •tabernakel van die HERE nie, sal dit teen daardie man as bloedskuld^h gehou word. Hy het bloed vergiet en daardie man moet heeltemal van sy mense afgesny word.’ ⁵ *Dit is sodat die Israëliete hulle offerdiere wat hulle gewoonlik in die oop veld slag, vir die HERE na die ingang van die Tent van Ontmoetingⁱ moet bring, na die priester toe, en dat hulle dit as maaltydoffers^j vir die HERE moet slag. ⁶ *Die priester

*16:34 Eks 30:10; Heb 9:7,25

^f16:34 Aäron: Die bronteks lui “hy”.

*17:3-4 Deut 12:15,21-22

^g17:4 Tent van Ontmoeting: 'n Ander naam vir •tabernakel.

^h17:4 bloedskuld: Bloedskuld ontstaan wanneer 'n persoon iets doen wat die dood verdien.

*17:5 Lev 3:1,6

ⁱ17:5 ingang ... Ontmoeting: Dit verwys na die ruimte voor die Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

^j17:5 maaltydoffers: Dieroffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

*17:6 Num 18:17

moet die bloed teen die altaar van die HERE by die ingang van die Tent van Ontmoeting sprinkel en die vet verbrand as 'n aangename geur vir die HERE. ⁷*Hulle mag nie weer hulle offerdiere slag vir die veldgode,^k agter wie hulle aan hoereer^l nie. Dit is 'n voorskrif wat altyd geld vir hulle en hulle nageslag. ⁸*Vir hulle moet jy sê, ‘As daar enigiemand van die huis van Israel is, en van die vreemdelinge^m wat tydelik by julle woon, wat 'n brandoffer of maaltydoffer wil bring, ⁹ en dit nie na die ingang van die Tent van Ontmoeting neem om dit vir die HERE te offer nie, sal daardie man van sy mense afgesny word.’ ”

Bloedverbod

¹⁰ “*As daar enigiemand uit die huis van Israel is, of van die vreemdelingeⁿ wat tydelik by hulle woon, wat enige bloed eet, sal Ek teen daardie persoon draai wat die bloed eet en Ek sal hom heeltemal van sy mense afsny. ¹¹*Omdat die lewe van 'n liggaam in die bloed is, het Ek vir julle die bloed gegee om by die altaar te gebruik, om versoening vir julle lewens te doen. Dit is immers die bloed wat deur die lewe vir 'n persoon versoening doen. ¹²*Daarom het Ek vir die

***17:7** Eks 22:20; 2 Kron 11:15; Jes 13:21; 1 Kor 10:20

^k**17:7 veldgode:** Waarskynlik na harige bokagtige gode wat volgens die opvatting van die tyd in die woestyn gebly het.

^l**17:7 agter ... hoereer:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

***17:8** Lev 16:29; 18:26

^m**17:8 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

***17:10-14** Gen 9:4; Lev 3:17; 20:3; Eseg 14:8; Hand 15:20,29

ⁿ**17:10 vreemdelinge:** Vgl voetnoot by Lev 17:8.

***17:11** Matt 26:28; Rom 3:25-26; Heb 9:22; 1 Pet 1:2

***17:12-13** Lev 7:26; Deut 12:16,24

Israëliete gesê, ‘Niemand onder julle mag bloed eet nie. Die vreemdeling wat tydelik by julle woon, mag ook nie bloed eet nie.’¹³ As daar enigiemand onder die Israëliete is, en van die vreemdelinge wat tydelik by julle woon, wat wild of 'n voël jag wat geëet mag word, moet hy die bloed daarvan laat uitloop en dit met grond bedek,¹⁴ want dit is elke dier se lewe. Sy bloed is sy lewe, daarom het Ek vir die Israëliete gesê, ‘Julle mag glad nie die bloed van enige dier eet nie, want die lewe van elke dier is sy bloed. Elkeen wat dit eet, sal afgesny word.’

¹⁵ *Enigiemand onder die gebore Israëliete en die vreemdelinge wat iets eet wat doodgegaan het of verskeur is, moet sy klere was en homself met water afspoel. Hy sal •onrein wees tot die aand. Dan is hy rein.¹⁶ As hy nie sy klere was en sy liggaam met water afspoel nie, sal hy sy skuld moet dra.”

18

Voorskrifte vir 'n heilige volk

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² * “Praat met die Israëliete en sê vir hulle, ‘Ek is die HERE julle God. ³ * Die gebruike van Egipteland, waar julle gewoon het, mag julle nie nadoen nie, en die gebruike van die land Kanaän, waarheen ek julle gaan neem, mag julle nie nadoen nie; volgens hulle voorskrifte mag julle nie leef nie. ⁴ * My bepalings moet julle uitvoer en my vaste voorskrifte moet julle noukeurig volg. Ek is die HERE julle God. ⁵ * Kom my vaste voorskrifte en bepalings na; die mens wat dit doen, sal daardeur lewe. Ek is die HERE.

*17:15-16 Eks 22:31; Lev 7:24; 11:25; 22:8

*18:2 Eks 6:6; Lev 11:44

*18:3 Eks 23:24; Deut 18:9; Eseg 20:7

*18:4 Deut 4:1; Eseg 20:19

*18:5 Eseg 20:11,13,21; Matt 19:17; Luk 10:28; Rom 10:5; Gal 3:12

⁶ “ ‘Geen man onder julle mag naby enige bloedverwant kom met die doel om naaktheid te ontbloot^o nie. Ek is die HERE. ⁷ **Die naaktheid wat aan jou vader behoort, naamlik die naaktheid van jou moeder, mag jy nie ontbloot nie. Sy is jou ma. Jy mag nie haar naaktheid ontbloot nie. ⁸ *Die naaktheid van 'n vrou van jou vader mag jy nie ontbloot nie. Dit is jou vader se naaktheid. ⁹ *Die naaktheid van jou suster, jou vader of jou moeder se dogter, mag jy nie ontbloot nie, of sy nou as deel van die huishouding gebore is of nie. Jy mag hulle naaktheid nie ontbloot nie. ¹⁰ Die naaktheid van jou seun se dogter of jou dogter se dogter mag jy nie ontbloot nie — dit is immers jou eie naaktheid. ¹¹ Die naaktheid van 'n dogter van 'n vrou van jou vader, wat deur jou vader verwek is — sy is jou suster, jy mag haar naaktheid nie ontbloot nie. ¹² Die naaktheid van jou vader se suster mag jy nie ontbloot nie. Sy is jou vader se bloedverwant. ¹³ Die naaktheid van jou moeder se suster mag jy nie ontbloot nie, want sy is jou moeder se bloedverwant. ¹⁴ Die naaktheid wat aan jou vader se broer behoort, mag jy nie ontbloot nie. Jy mag nie naby sy vrou kom nie. Sy is jou tante. ¹⁵ Die naaktheid van jou skoondogter mag jy nie ontbloot nie. Sy is jou seun se vrou. Jy mag haar naaktheid nie ontbloot nie. ¹⁶ *Die naaktheid van jou broer se vrou mag jy nie ontbloot nie. Dit is jou broer se naaktheid. ¹⁷ *Die naaktheid van 'n vrou en haar dogter mag jy nie ontbloot nie. Die dogter van

^o**18:6 naaktheid te ontbloot:** Daar word algemeen aanvaar die uitdrukking “naaktheid ontbloot” is 'n eufemistiese verwysing na geslagsgemeenskap.

***18:7-16** Lev 20:11-20

***18:7-8** 1 Kor 5:1

***18:8** Gen 35:22; Deut 22:30; 27:20

***18:9** Lev 20:17; Deut 27:22; Eseg 22:11

***18:16** Lev 20:21; Matt 14:3-4; Mark 6:18

***18:17** Lev 20:14

jou vrou se seun^p en die dogter van haar dogter mag jy nie as vrou neem om haar naaktheid te ontbloot nie. Hulle is haar bloedverwante. Dit sou 'n skanddaad wees.

¹⁸ “ ‘Jy mag nie, om haar naaktheid te ontbloot, 'n vrou as tweede vrou by haar suster neem, terwyl dié nog lewe nie. ¹⁹ *En jy mag nie naby 'n vrou kom om haar naaktheid te ontbloot terwyl sy •onrein is tydens haar menstruasie nie. ²⁰ *Jy mag nie met jou volksgenoot se vrou gemeenskap hê en deur haar onrein raak nie.

²¹ * “ ‘Jy mag nie iemand uit jou nageslag aanbied om hulle aan Moleg^q toe te wy nie. Jy mag nie die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die HERE.

²² * “ ‘By 'n man mag jy nie slaap soos jy by 'n vrou slaap nie. Dit is iets afstootliks. ²³ *Met geen dier mag jy geslagsgemeenskap hê en daardeur onrein raak nie. 'n Vrou mag nie voor 'n dier gaan staan om te paar nie. Dit is skandalig.

²⁴ * “ ‘Julle moet julle nie op al hierdie maniere verontreinig nie, want op al hierdie maniere het die nasies wat Ek voor julle gaan uitdryf, hulle verontreinig. ²⁵ *Die land het onrein geword. Ek het die land tot verantwoording geroep oor haar sondeskuld en sy het haar inwoners uitgespoeg.

²⁶ “ ‘Julle moet my vaste voorskrifte en bepalings nakom. Julle mag nie

^p**18:17 jou ... seun:** Die •bronteks lui “haar seun”.

***18:19** Lev 12:2; 15:24; 20:18

***18:20** Eks 20:14; Matt 5:27-28; Heb 13:4

***18:21** Lev 20:2-5; Deut 12:31; 18:10; 1 Kon 11:7; 2 Kon 23:10; Hand 7:43

^q**18:21 Moleg:** Moleg of Milkom was die god van die Ammoniete; vgl 1 Kon 11:7.

***18:22** Gen 19:5; Lev 20:13; Rom 1:27; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10

***18:23** Eks 22:19; Lev 20:15-16; Deut 27:21

***18:24** Lev 18:3; Deut 9:4; 18:12

***18:25-27** Lev 20:22,23; Num 35:33-34; Jer 2:7

enige van hierdie afstootlike dinge doen nie, die gebore Israeliete én die vreemdelinge^r wat tussen julle woon. ²⁷ Want al hierdie afstootlike dinge het die mense wat voor julle in die land was, gedoen, en die land het onrein geword. ²⁸ *Die land mag ook julle nie uitspoeg omdat julle haar verontreinig soos dit die nasies wat voor julle daar was, uitgespoeg het nie. ²⁹ Ja, elkeen wat enige van hierdie afstootlike dinge doen — die persone wat dit doen, moet uit die midde van hulle volk verwyder word. ³⁰ *Julle moet die verpligtinge wat Ek julle oplê, nakom, deur geeneen van die afstootlike voorskrifte uit te voer wat voor julle gedoen is nie. Julle mag julle nie daardeur verontreinig nie. Ek is die HERE, julle God.’ ”

19

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² “Praat met die hele volksvergadering^s van die Israeliete en sê vir hulle, ‘Julle moet heilig wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.’ ³ *Elkeen van julle moet vir sy ma en sy pa ontsag hê, en my Sabbatte moet julle onderhou. Ek is die HERE julle God. ⁴ *Moet julle nie tot nikswerd afgode wend nie. Gegote beelde^t mag julle nie vir julle maak nie. Ek, die HERE, is julle God.

^r**18:26 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

***18:28** Lev 20:22

***18:30** Lev 20:23

^s**19:2 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***19:2 Julle ... is heilig:** Lev 11:44-45; 20:7,26; Ef 1:4; 1 Pet 1:16

***19:3** Eks 20:8,12; Deut 5:16; Matt 15:4; Ef 6:2

***19:4** Eks 20:4; 34:17; Lev 26:1; Deut 4:16-18; 5:8; 27:15

^t**19:4 Gegote beelde:** Ook houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

⁵ * “Wanneer julle vir die HERE 'n maaltydoffer^u slag, moet julle dit so slag dat dit tot julle voordeel strek. ⁶ Op die dag wanneer julle offer, moet dit geëet word, of die dag daarna. Wat tot die derde dag oorbly, moet met vuur verbrand word. ⁷ As dit wel op die derde dag geëet word, is dit iets walgliks.^v Dit is nie aanvaarbaar nie. ⁸ Die een wat dit eet, sal sy sondeskuld dra, omdat hy dit wat heilig is vir die HERE, ontheilig het. Daardie persoon moet uit sy volk verwyder word.

⁹ * “Wanneer julle die graanoes van julle grond insamel, mag jy nie die kant van jou land skoon afoes nie, en die oesreste mag jy nie optel nie. ¹⁰ Jy mag nie die naoes van jou wingerd afoes nie, en die trosse wat val, mag jy nie optel nie. Vir die weerlose en die vreemdeling^w moet jy dit agterlaat. Ek is die HERE julle God.

¹¹ * “Julle mag nie steel nie, julle mag nie lieg nie, en julle mag as volksgenote mekaar nie bedrieg nie. ¹² * Julle mag nie in my Naam 'n vals eed aflê en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die HERE. ¹³ * Jy mag nie jou naaste uitbuit en beroof nie. Jy mag nie die loon van

* **19:5-8** Lev 7:15-18

^u**19:5 maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaar gemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

^v**19:7 iets walgliks:** Dit is 'n tegniese term in die offerkultus wat 'n hoë graad van •onreinheid aandui.

* **19:9-10** Lev 23:22; Deut 24:19-21; Rut 2:3,15-16

^w**19:10 vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

* **19:11** Eks 20:15-16; Deut 5:19-20; 25:16; Ef 4:25

* **19:12** Eks 20:7; Deut 5:11; Matt 5:33

* **19:13** Eks 22:14-15; Lev 6:2-5; Deut 24:14-15; 25:14-15; Matt 20:8; Jak 5:4

'n dagloner deur die nag by jou hou tot die oggend nie. ¹⁴ *Jy mag 'n dowe nie vervloek nie en voor 'n blinde nie 'n struikelblok lê nie. Jy moet vir jou God ontsag hê. Ek is die HERE.

¹⁵ “ *Julle mag nie onreg pleeg in die regspraak nie. Jy mag nie partydig wees vir armes of voorkeur gee aan belangrikes nie. Oordeel jou volksgenoot regverdig. ¹⁶ *Jy mag nie as 'n kwaadstoker tussen jou mense rondgaan nie; jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die HERE.

¹⁷ “ *Jy mag nie jou broer^x in jou hart haat nie. Wys jou volksgenoot openhartig tereg. Jy mag nie 'n misstap teen hom bly hou nie.^y ¹⁸ Jy mag nie haatdraend wees en 'n wrok koester teen die kinders van jou volk nie. * Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. * Ek is die HERE.

¹⁹ “ *My vaste voorskrifte moet julle nakom. Jy mag onder jou diere nie verskillende soorte laat paar nie. Op jou land mag jy nie verskillende soorte saad saai nie. Klere van verskillende soorte materiaal mag jy nie dra nie.

²⁰ “ *Wanneer 'n man by 'n vrou slaap en sy is 'n slavin wat aan 'n ander man toegesê is, maar die vrykooptransaksie is nie afgehandel nie

*19:14 Eks 4:11; Deut 27:18

*19:15 Eks 23:2-3,6; Deut 1:17; Job 34:19; Joh 7:24; Hand 23:3

*19:16 Eks 23:1; Ps 15:3; Spr 11:13; 16:28; Eseg 22:9

*19:17 Matt 18:15; Luk 17:3; 1 Joh 2:9,11; 3:15

^x19:17 **jou broer:** “Broer” verwys hier na 'n lid van die familiegroep.

^y19:17 **'n misstap ... hou nie:** Kan ook vertaal word “nie as gevolg van hom 'n sonde dra nie”.

*19:18 **Jy mag ... volk nie:** Spr 20:22; 1 Joh 3:15

*19:18 **Jy moet ... jouself:** Lev 19:34; Matt 5:43; 19:19; 22:39; Mark 12:31,33; Luk 10:27; Rom 12:17; 13:9; Gal 5:14; Jak 2:8

*19:19 Deut 22:9-11

*19:20 Deut 22:23-27

of vryheid is nog nie aan haar toegeken nie, moet daar skadevergoeding wees. Hulle mag nie doodgemaak word nie, want sy was nie vry nie.

²¹ Die man moet sy •hersteloffer vir die HERE na die ingang van die Tent van Ontmoeting^z bring, 'n ram as hersteloffer. ²² Die priester moet met die ram van die hersteloffer vir hom voor die HERE versoening doen vir die sonde wat hy gedoen het. Dan sal hy vergewe word vir die sonde wat hy gedoen het.

²³ “ ‘Wanneer julle in die land aankom en allerhande vrugtebome plant, moet julle die vrugte daarvan as verbode beskou. Vir drie jaar moet dit vir julle verbode wees; dit mag nie geëet word nie. ²⁴ In die vierde jaar moet al die vrugte daarvan heilige •looffers vir die HERE wees. ²⁵ In die vyfde jaar mag julle die vrugte daarvan eet om die opbrengs daarvan vir julle steeds meer te maak. Ek is die HERE julle God.

²⁶ “ ‘*Julle mag nie vleis eet met die bloed nog daarin nie.^a Julle mag nie voorspellings maak uit voortekens nie, en julle mag nie waarsêery beoefen nie. ²⁷ *Julle mag nie die hare op julle slape afknip nie. Jy mag nie die kant van jou baard wegsny nie. ²⁸ Julle mag nie snye op julle liggame maak^b vir 'n afgestorwene nie, en julle mag julle nie tatoeër nie. Ek is die HERE.

²⁹ “ ‘*Jy mag jou dogter nie onteer deur van haar 'n prostituut te maak

^z**19:21 ingang ... Ontmoeting:** Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

***19:26** Gen 9:4; Eks 22:18; Lev 3:17; 17:10-12; 2 Kon 17:17; 2 Kron 33:6

^a**19:26 vleis ... daarin nie:** Die •bronteks lui “op bloed eet nie”. Die •Septuagint lui “Julle mag nie op die berge eet nie.” Dit verwys na offermaaltye by die heiligdomme van afgode.

***19:27-28** Lev 21:5; Deut 14:1; Jes 15:2; Jer 9:26; 16:6-7

^b**19:28 snye ... maak:** Om die liggaam te sny, was 'n heidense gebruik by die begrafnis van 'n familielid.

***19:29** Lev 21:9; Deut 23:17-18

nie, sodat hoerery nie in die land posvat en die land vol skanddade word nie.

³⁰ “ “*My Sabbatte moet julle hou en vir my heiligdom moet julle ontsag hê. Ek is die HERE.

³¹ “ “*Moet julle nie wend tot waarsêergeeste nie, en by voorvadergeeste moet julle nie hulp soek nie. Dit is net om deur hulle •onrein te word. Ek, die HERE, is julle God.

³² “ “*Vir 'n grysaard moet jy opstaan, eerbied betoon aan 'n bejaarde en ontsag hê vir jou God. Ek is die HERE.

³³ “ “*Wanneer 'n vreemdeling by jou verblyf het in julle land, mag julle hom nie verdruk nie. ³⁴ *Die vreemdeling^c wat verblyf by julle het, moet vir julle net soos 'n gebore Israeliet by julle wees. Jy moet vir hom lief wees soos vir jousef. Julle was immers self vreemdelinge in Egipteland. Ek is die HERE julle God.

³⁵ “ “*Julle mag nie onreg pleeg in die regspraak wanneer dit gaan oor lengte, gewig en inhoudsmaat nie. ³⁶ Julle moet 'n onvervalste weegskaal, onvervalste gewigte, 'n onvervalste efa^d en 'n onvervalste •hin^e hê. Ek is

*19:30 Eks 20:8; Lev 26:2

*19:31 Eks 22:18; Lev 20:6; Deut 18:10-11; 1 Sam 28:3,7-14; Jes 8:19; Hand 16:16

*19:32 Job 32:4; Spr 23:22; 1 Tim 5:1; 1 Pet 5:5

*19:33 Eks 22:21; 23:9; Deut 24:17-18; Eseg 22:7,29; Sag 7:10

*19:34 Eks 12:48; 23:9; Lev 19:18; Deut 10:19; 23:7; Ps 146:9

^c19:34 **vreemdeling**: 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

*19:35-36 Deut 25:13-16; Spr 11:1; Eseg 45:10-11; Miga 6:10-12

^d19:36 **efa**: Ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

^e19:36 **hin**: Ongeveer 3,8 ℓ; •Inhoudsmate.

die HERE julle God, wat julle uit Egipteland laat wegtrek het. ³⁷ *Julle moet al my vaste voorskrifte en al my beslissings nakom; julle moet dit uitvoer. Ek is die HERE.’ ”

20

¹ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ² “*Vir die Israeliete moet jy sê, ‘Enigiemand onder die Israeliete en onder die vreemdelinge^f met tydelike verblyf in Israel wat van sy nageslag aan Moleg^g afstaan, moet beslis sterf. Die volk van die land moet hom met klippe doodgooi;^h ³ anders sal Ek self teen daardie man draai en hom uit die midde van sy volk verwyder, omdat hy van sy nageslag afgestaan het aan Moleg om so my heiligdom te verontreinig en my heilige Naam te ontheilig. ⁴ Ja, as die volk van die land hulle oë dig sluit vir daardie man en hom nie doodmaak wanneer hy van sy nageslag aan Moleg afstaan nie, ⁵ *sal Ek My teen daardie man en sy familie rig, en Ek sal hom en almal wat agter hom aan hoereer en sodoende agter Moleg aan hoereer,ⁱ verwyder uit die midde van hulle volk.

*19:37 Lev 18:4-5; 2 Kon 17:37; 2 Kron 7:17

*20:2-3 Lev 18:21; Deut 18:10; Hand 7:43

^f20:2 **vreemdeling**: 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

^g20:2 **Moleg**: Moleg of Milkom was die god van die Ammoniete; vgl 1 Kon 11:7.

^h20:2 **met ... doodgooi**: Kan ook vertaal word “met klippe bedek”. Die skuldige is waarskynlik by 'n hoë plek afgestamp en daarna is klippe op hom gegooi; vgl Lev 24:14; Num 15:35-36.

*20:5 Eks 34:15

ⁱ20:5 **agter ... hoereer**: Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

⁶ “*En iemand wat hom wend tot waarsêergeeste en voorvadergeeste om agter hulle aan te hoereer — Ek sal teen so iemand draai en hom uit die midde van sy volk verwyder.

⁷ “*Sorg dat julle heilig bly; wees heilig, want Ek, die HERE, is julle God. ⁸ *Julle moet my vaste voorskrifte nakom en dit uitvoer. Ek is die HERE wat julle heilig maak.

⁹ “*As daar enigiemand is wat sy vader en sy moeder vervloek, moet hy beslis sterf. Hy het sy vader en sy moeder vervloek, sy bloedskuld is op hom.^j ¹⁰ *As daar iemand is wat owerspel pleeg met 'n vrou, moet daardie man wat owerspel pleeg met sy naaste se vrou beslis sterf — die owerspeler én die owerspeelster. ¹¹ *As daar iemand is wat by sy vader se vrou slaap, het hy naaktheid wat aan sy vader behoort, ontbloot. Hulle moet albei beslis sterf. Hulle bloedskuld is op hulle. ¹² *As daar iemand is wat by sy skoonogter slaap, moet hulle albei sterf. Hulle het iets skandaligs gedoen. Hulle bloedskuld is op hulle. ¹³ *As daar iemand is wat by 'n manlike persoon slaap soos by 'n vrou, het hulle albei iets afstootliks gedoen. Hulle moet beslis sterf. Hulle bloedskuld is op hulle. ¹⁴ *As daar iemand is wat met 'n vrou en haar moeder trou, is dit 'n

*20:6 Eks 22:18; Lev 19:31; Deut 18:10-11; 1 Sam 28:3,7-14; Jes 8:19; Hand 16:16

*20:7 Lev 11:44-45; 20:26; Ef 1:4; 1 Pet 1:16

*20:8 Lev 18:4-5; 2 Kon 17:37; 2 Kron 7:17

*20:9 Eks 20:12; 21:17; Spr 20:20; Matt 15:4; Mark 7:10

^j20:9 bloedskuld ... hom: Dit beteken dat die persoon die dood skuldig is en dat sy dood nie gewreek mag word nie; •Bloedskuld.

*20:10 Eks 20:14; Lev 18:20; Deut 22:22-24; Joh 8:4-5

*20:11 Lev 18:7-8; Deut 27:20; 1 Kor 5:1

*20:12 Gen 38:16; Lev 18:15

*20:13 Gen 19:5; Lev 18:22; Rom 1:27; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10

*20:14 Lev 18:17; Deut 27:23

skanddaad. Die mense moet hom en die vroue met vuur verbrand. Daar mag nie so 'n skanddaad onder julle wees nie. ¹⁵ *As daar 'n man is wat met 'n dier geslagsgemeenskap het, moet hy beslis sterf en die dier moet julle doodmaak. ¹⁶ As daar 'n vrou is wat na enige dier gaan om daarmee te paar, moet die vrou en die dier doodgemaak word. Hulle moet beslis sterf. Hulle bloedskuld is op hulle. ¹⁷ *As daar 'n man is wat sy suster, 'n dogter van sy vader of sy moeder, vat, en hy sien haar naaktheid en sy sien sy naaktheid, is dit 'n skande. Hulle moet voor die oë van hulle mense verwyder word. Die naaktheid van sy suster het hy ontbloot; sy skuld moet hy dra. ¹⁸ *As daar 'n man is wat by 'n vrou slaap wat ongesteld is en hy ontbloot haar naaktheid — hy lê haar bron bloot en sy ontbloot die bron van haar bloeding — dan moet hulle albei verwyder word uit die midde van hulle volk. ¹⁹ *Die naaktheid van jou moeder se suster of jou vader se suster mag jy nie ontbloot nie. As iemand 'n bloedverwant ontbloot, moet hulle hulle skuld dra. ²⁰ As daar 'n man is wat by sy tante slaap, het hy die naaktheid wat aan sy oom behoort, ontbloot. Hulle moet hulle sonde dra: Kinderloos sal hulle sterf. ²¹ *As daar 'n man is wat sy broer se vrou vat, het hy die naaktheid wat aan sy broer behoort, ontbloot — dit is besoedeling. Kinderloos sal hulle wees.

²² “ *Julle moet al my vaste voorskrifte en al my beslissings nakom en dit uitvoer sodat die land waarheen Ek julle gaan neem om in te woon, julle nie ook uitspoeg nie. ²³ Julle mag nie die gebruike volg van die

*20:15-16 Eks 22:19; Lev 18:23

*20:17 Lev 18:9; Deut 27:22; Eseg 22:11

*20:18 Lev 15:24; 18:19; Eseg 18:6

*20:19-20 Lev 18:12-14

*20:21 Lev 18:16; Matt 14:3-4; Mark 6:18

*20:22-23 Lev 18:3-4,24-28; Deut 9:5

nasies wat Ek voor julle gaan uitdryf nie, want hulle het al hierdie dinge gedoen, en Ek het 'n afsku in hulle gehad. ²⁴ *Ek het vir julle gesê, “Julle sal hulle grondgebied in besit neem. Ek self gee dit vir julle as besitting — 'n land wat oorloop van melk en heuning.” Ek, die HERE, is julle God wat julle van die ander volke afgesonder het.

²⁵ “ *Julle moet die rein diere onderskei van •onreines en die rein voëls van onreines. Julle mag nie julleself walglik maak deur diere of voëls of enigiets wat op die grond kruip, wat Ek vir julle as onrein afgesonder het nie. ²⁶ *Julle moet vir My heilig wees, want Ek, die HERE, is heilig en Ek het julle van die volke afgesonder om aan My te behoort.

²⁷ “ *As daar 'n man of 'n vrou is in wie daar 'n waarsêergees of voorvadergees is, moet hulle beslis sterf. Die mense moet hulle met klippe doodgooi. Hulle bloedskuld is op hulle.’ ”

21

Voorskrifte vir priesters

¹ *Die HERE het vir Moses gesê: “Praat met die priesters, die seuns van Aäron, en sê vir hulle, “n Priester mag hom nie met 'n dooie persoon onder sy mense verontreinig nie, ² *behalwe iemand wat sy naby bloedverwant is: sy ma en pa, sy seun en dogter, sy broer ³ en sy maagdelike suster wat 'n naby bloedverwant is, wat nie 'n man het nie.

*20:24 Eks 3:8; Lev 14:34; Num 14:8; 16:14; Deut 7:6

*20:25 Lev 10:10; 11:43,46-47; Deut 14:3-21; Hand 10:14

*20:26 Lev 11:44,45; 19:2; Ef 1:4; 1 Pet 1:16

*20:27 Lev 20:6

*21:1-3 Num 19:10-22; Eseg 44:25

*21:2 Lev 21:11

Met hulle^k mag hy hom verontreinig. ⁴¹As eggenoot mag hy homself nie verontreinig onder sy mense om homself so te ontheilig nie.

⁵ “^m*Priesters mag nie 'n kaal kol op hulle koppe skeer nie; die kante van hulle baarde mag hulle nie afskeer en aan hulle liggame mag hulle nie snye maak nie. ⁶*Hulle moet heilig wees vir hulle God en nie die Naam van hulle God ontheilig nie. Omdat hulle die offergawes aan die HERE, die voedsel van hulle God, by die altaarⁿ aanbied, moet hulle heilig wees.

⁷ “^{*}Hulle mag nie vroue neem wat hoereer en nie meer maagde is nie. Vroue wat deur hulle mans verstoot is, mag hulle ook nie neem nie; want 'n priester is heilig vir sy God. ⁸*Erken 'n priester se heiligheid, want hy bied die voedsel van jou God by die altaar aan. Hy moet vir jou heilig wees, want Ek, die HERE, wat julle heilig, is heilig. ⁹*As die dogter van 'n priester haarself verontreinig deur hoerery, verontreinig sy ook haar pa. Sy moet met vuur verbrand word.

¹⁰ “^{*}Die priester wat die grootste onder sy broers is, op wie se kop die salfolie gegiet is, wat gewy is om die priesterklere aan te trek — die

^k**21:3 Met hulle:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “Vir haar”.

^l**21:4** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit is waarskynlik 'n omslagtige manier om te sê dat 'n priester nie naby die lyk van sy vrou of haar familie mag kom nie.

^m**21:5** Dit was heidense rougebruike by die begrafnis van 'n familielid.

***21:5** Lev 19:27-28; Eseg 44:20

***21:6** Lev 3:11; 10:3

ⁿ**21:6 by die altaar:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***21:7** Lev 21:13-14; Eseg 44:22

***21:8** Lev 22:9

***21:9** Gen 38:24; Lev 19:29; 20:14; Op 17:16; 18:8

***21:10** Eks 29:7; Lev 8:9,13; 10:6; 16:4

hare op sy kop mag hy nie laat loshang nie en sy klere mag hy nie skeur nie.^{o 11} *By geen dooie mag hy kom nie; selfs deur sy pa of sy ma mag hy hom nie verontreinig nie. ¹² *Hy mag nie eers by die heiligdom uitgaan en so die heiligdom van sy God ontheilig nie. Die wyding met die salfolie van sy God rus immers op hom. Ek is die HERE.

¹³ “ *Hy mag net met 'n maagd trou. ¹⁴ 'n Weduwee, 'n geskeide vrou, iemand wat nie meer 'n maagd is nie en 'n hoer, mag hy nie as vrou neem nie. Slegs 'n maagd uit sy eie mense mag hy as vrou neem. ¹⁵ Hy mag nie sy nageslag onder sy mense ontheilig nie, want Ek, die HERE heilig hom.’ ”

¹⁶ Die HERE het met Moses gepraat en gesê: ¹⁷ “Praat met Aäron en sê vir hom, ‘Niemand uit jou nageslag aan wie daar 'n liggaamsgebrek is, mag tot in alle geslagte naderkom om die voedsel van sy God by die altaar aan te bied nie. ¹⁸ Ja, niemand met 'n liggaamsgebrek mag naderkom nie: nie 'n man wat blind of mank is, met 'n haaslip of 'n abnormale ledemaat,^{p 19} of 'n man wat 'n breuk aan sy voet of hand gehad het, ²⁰ * of wat 'n boggelrug het, of 'n dwerg is, of met 'n pêrel op sy oog of 'n swerende uitslag of skurfsiekte of vergruisde testikels nie. ²¹ Niemand uit die nageslag van Aäron, die priester, aan wie daar 'n liggaamsgebrek is, mag nader kom om die offergawes vir die HERE aan te bied nie. Hy het 'n liggaamsgebrek, hy mag nie nader kom om voedsel aan sy God aan te bied nie. ²² *Die voedsel van sy God uit die

^o**21:10 hare ... skeur nie:** Dit was tekens van rou; vgl Lev 10:6.

^{*}**21:11** Lev 21:1-4; Num 19:14

^{*}**21:12** Lev 10:7

^{*}**21:13-14** Lev 21:7; Eseg 44:22

^p**21:18 haaslip ... ledemaat:** Die bronteks lui “gesplete en verleng”.

^{*}**21:20** Lev 13:30; Deut 23:1

^{*}**21:22** Lev 6:18,29; 22:2-16; 24:9; Num 18:9; 1 Kor 9:13

besonder heilige gawes^q en uit die heilige gawes^r mag hy eet; ²³ maar na die voorhangsel^s mag hy nie gaan nie en by die altaar mag hy nie kom nie, want hy het 'n liggaamsgebrek. Hy mag nie my heilige voorwerpe ontheilig nie, want Ek, die HERE, heilig dit.' ”

²⁴ Moses het toe met Aäron en met sy seuns en met al die Israëliete gepraat.

22

Voorskrifte oor die heilige gawes

¹ Die HERE het vir Moses gesê: ² “*Praat met Aäron en sy seuns, sodat hulle die •heilige gawes wat die Israëliete aan My toewy, met eerbied hanteer en my heilige Naam nie ontheilig nie. Ek is die HERE. ³ *Sê vir hulle, ‘As daar onder toekomstige geslagte enigiemand van julle nakomelinge is, wat terwyl hy •onrein is, naby die heilige gawes kom wat die Israëliete aan die HERE gewy het, moet daardie persoon uit my teenwoordigheid verwyder word. Ek is die HERE. ⁴ *Enige man uit die nageslag van Aäron wat 'n velsiekte of afskeiding het, mag totdat hy rein is, nie van die heilige gawes eet nie. Iemand wat aan enigiets raak wat

^q**21:22 besonder heilige gawes:** 'n Deel van die offers wat die priesters kon gebruik, maar hulle kon dit nie huis toe neem nie en moes dit in die heilige gebied by die •tempel eet; vgl Num 18:9-10.

^r**21:22 heilige gawes:** Offergawes, diere en produkte wat die Israëliete vir die HERE na die •tempel gebring het. Die priesters kon dit huis toe neem vir hulle gesinne; vgl Num 18:11-19.

^s**21:23 voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

***22:2** Eks 28:38; Lev 19:8; 21:22; Num 18:11-19,32

***22:3** Lev 7:20

***22:4** Lev 13:1-46; 15:1-15; 21:1-4

deur 'n lyk verontreinig is, of 'n man wat 'n saadvloeiing gehad het, ^{5*} of 'n man wat aan enige kruipende dier geraak het waardeur hy onrein geword het, of aan 'n mens deur wie hy op enige wyse onrein geword het — ^{6*} so iemand sal onrein wees tot die aand toe. Hy mag nie van die heilige gawes eet nie. Maar as hy sy liggaam met water afgespoel ^{7*} en die son ondergegaan het, is hy rein. Daarna mag hy van die heilige gawes eet, want dit is sy brood. ^{8*} Iets wat doodgegaan het of verskeur is, mag hy nie eet nie sodat hy nie daardeur onrein word nie. Ek is die HERE. ^{9*} Die priesters moet die verpligtinge nakom wat Ek oplê. Hulle moet nie skuld op hulle laai en sterf omdat hulle die heilige gawes ontheilig het nie. Ek, die HERE, heilig hulle.

¹⁰ “^{*}Geen buitestander^t mag eet wat heilig is nie. 'n Priester se bywoner^u of dagloner mag nie eet wat heilig is nie. ¹¹ Maar wanneer 'n priester met sy geld iemand as sy besitting koop, mag so iemand daarvan eet; en slawe wat in sy huis gebore is, hulle mag ook van sy brood eet. ¹² Wanneer die dogter van 'n priester met 'n buitestander getroud is, mag sy nie meer van die wydingsgeskenk van heilige gawes^v eet nie. ¹³ Maar

***22:5** Lev 5:2; 11:24,41-44

***22:6** Lev 15:5-8,16

***22:7** Lev 21:22; Num 18:11,13

***22:8** Eks 22:31; Lev 7:24; Eseg 44:31

***22:9** Eks 28:43; Lev 21:8,15; 22:16

***22:10-12** Eks 29:33; Num 18:11,13; Matt 12:4; Mark 2:26; Luk 6:4

^t**22:10 buitestander:** Dit verwys hier na 'n persoon wat nie deel van 'n priester se huishouding is nie; vgl ook Lev 22:12-13.

^u**22:10 bywoner:** 'n Persoon wat nie 'n burger van die land is nie, maar as ondergeskikte by iemand verblyf het.

^v**22:12 wydingsgeskenk ... gawes:** Wydingsgeskenke van die Israeliete aan die HERE het ook deel geword van die heilige gawes wat in die lewensonderhoud van priesterlike families moes voorsien; vgl Lev 7:14,32; Num 18:24.

wanneer die dogter van 'n priester 'n weduwee word, of verstoot word, en sy geen nageslag het nie en na haar pa se huis terugkeer soos in haar jeug, mag sy van haar pa se brood eet. Geen buitestander mag daarvan eet nie. ¹⁴ *Wanneer iemand onopsetlik iets eet wat heilig is, moet hy die heilige gawe aan die priester teruggee en 'n vyfde byvoeg. ¹⁵ *Die priesters mag nie die heilige gawes van die Israëliete wat hulle as wydingsgeskenke aan die HERE gee, ontheilig nie. ¹⁶ *Wanneer hulle die heilige gawes eet, sal hulle skuld wat boetedoening vereis op die Israëliete laai, want Ek, die HERE, heilig dit.' ”

¹⁷ *Die HERE het vir Moses gesê: ¹⁸ “Praat met Aäron en sy seuns en met al die Israëliete en sê vir hulle, ‘Enige man uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge^w in Israel wat sy offer bring — naamlik enige van die gelofte- of vrywillige offers wat hulle as brandoffer vir die HERE bring — ¹⁹ moet 'n manlike dier sonder gebrek uit die beeste, die skape of die bokke bring, sodat dit tot julle voordeel strek. ²⁰ Geen dier met 'n liggaamsgebrek mag julle bring nie, want dit sal nie tot julle voordeel strek nie. ²¹ Wanneer iemand vir die HERE 'n maaltydoffer^x uit die grootvee of die kleinvee aanbied om 'n gelofte te vervul, of as 'n vrywillige gawe, moet dit sonder gebrek wees om aanvaar te word. Dit

*22:14 Lev 4:2; 5:15-16,18

*22:15 Lev 19:8; Num 18:32

*22:16 Eks 28:38

*22:17-25 Lev 1:2-3,9-10; 3:1,5-6; Deut 15:21; Mal 1:8; 1 Pet 1:19

^w22:18 **vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

^x22:21 **maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

mag geen liggaamsgebrek hê nie, ²² nie blindheid of 'n beenbreuk of verminking of vratte of 'n swerende uitslag of skurfsiekte nie. Sulke diere mag julle nie vir die HERE aanbied nie. Julle mag dit nie as 'n offergawe op die altaar van die HERE lê nie. ²³ 'n Bees of 'n stuk kleinvee met 'n abnormale lang of kort ledemaat — as vrywillige offer mag jy dit bring, maar vir 'n gelofte sal dit nie aanvaar word nie. ²⁴ 'n Dier met papedrukte, vergruisde, afgetrekte of afgesnyde testikels mag julle nie vir die HERE bring nie. In julle land mag julle dit nie doen nie. ²⁵ Ook uit die hand van 'n buiteland mag julle nie enige van hierdie diere as voedsel vir julle God aanbied nie, want hulle is vermink, met 'n liggaamsgebrek. Hulle sal nie tot julle voordeel aanvaar word nie.' ”

²⁶ Die HERE het vir Moses gesê: ²⁷ “*Wanneer 'n bees of skaap of bok gebore word, moet dit sewe dae by sy ma bly, maar van die agtste dag af en daarna is dit aanvaarbaar as 'n offergawe aan die HERE. ²⁸ *Julle mag nie 'n koei of 'n ooi en haar kleintjie op dieselfde dag slag nie. ²⁹ *Wanneer julle 'n dankoffer vir die HERE slag, moet julle dit offer sodat dit tot julle voordeel strek. ³⁰ *Dit moet op dieselfde dag geëet word. Julle mag niks daarvan laat oorbly tot die volgende oggend nie. Ek is die HERE.

³¹ “ *Julle moet my bevele nakom en dit uitvoer. Ek is die HERE. ³² *Julle mag my heilige Naam nie ontheilig nie, sodat Ek onder die Israëliete as die Heilige geld. Ek, die HERE, heilig julle, ³³ *Ek, wat julle uit Egipteland

*22:27 Eks 22:30; Lev 1:3

*22:28 Deut 22:6

*22:29 Lev 7:12-15; Ps 107:22; 116:17

*22:30 Eks 12:10; Lev 7:15-18; Eseg 4:14

*22:31 Lev 19:37; Num 15:40

*22:32 Lev 10:3; 18:21; Jes 5:16; Eseg 20:41; Hos 11:9; Luk 11:2; Op 3:7

*22:33 Eks 6:5-6; Lev 11:45

laat wegtrek het om vir julle 'n God te wees. Ek is die HERE.’ ”

23

Feesdae

¹ *Die HERE het vir Moses gesê: ² “*Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘My feesdae, die feesdae van die HERE wat julle as heilige byeenkomste moet uitroep, is die volgende: ³ *Vir ses dae moet werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n buitengewone Sabbat,^y 'n heilige byeenkoms. Julle mag geen werk doen nie. Dit is 'n Sabbat vir die HERE, waar julle ook al woon.

⁴ “ ‘Die feesdae^z van die HERE, die heilige byeenkomste wat julle moet uitroep op hulle vaste tye, is die volgende:

⁵ “ ^{**}“In die eerste maand, op die veertiende van die maand teen laatmiddag^a is dit die Pasga^b van die HERE. ⁶ Op die vyftiende dag van

*23:1-44 Num 28:16 — 29:40

*23:2 Eks 12:16; Lev 23:4,35-37; Kol 2:16

*23:3 Gen 2:3; Eks 20:9-10; Deut 5:13-14; Heb 4:9

^y23:3 **buitengewone Sabbat:** Letterlik ‘Sabbat van Sabbatsviering’. Dit was 'n dag van volkome rus wat op 'n besondere wyse gevier is deur die streng nakoming van voorskrifte; vgl Eks 31:15; 35:2.

^z23:4 **feesdae:** •Feeste.

*23:5-8 Eks 12:15-20; 13:6-10; 23:15; 34:18; Num 28:17-25; Deut 16:3-8

*23:5 Eseg 45:21

^a23:5 **laatmiddag:** Die •bronteks lui “tussen die twee aande”. Volgens die •Talmoed is dit tussen sononder en donkernag, maar volgens die •Misjna is dit teen halfdrie die middag. Volgens Josefus is die •pasgalam in die tempel geslag tussen drie-uur en vyfuur die middag; •Nag en dag.

^b23:5 **Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

hierdie maand begin die Fees van Ongesuurde Brood^c vir die HERE. Vir sewe dae moet julle ongesuurde brood eet. ⁷ Op die eerste dag moet julle 'n heilige byeenkoms hou. Julle mag geen gewone take verrig nie. ⁸ Vir sewe dae moet julle daaglik 'n offergawe vir die HERE bring. Op die sewende dag is daar 'n heilige byeenkoms. Julle mag geen gewone take verrig nie.' ”

⁹ Die HERE het vir Moses gesê: ¹⁰ “*Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer julle in die land kom wat Ek vir julle gaan gee en julle die graanoes insamel, moet julle die eerste gerf van julle graanoes na die priester bring. ¹¹ Hy moet die gerf voor die HERE aanbied^d dat dit tot julle voordeel strek. Op die dag ná die Sabbat moet die priester dit aanbied. ¹² Op die dag wanneer julle die gerf aanbied, moet julle 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer vir die HERE bring ¹³ met die bepaalde graanoffer van twee tiendes van 'n efa^e gesifte meel^f met olyfolie gemeng, as 'n offergawe aan die HERE, 'n geurige offer, asook die bepaalde drankoffer van 'n kwart hin^g wyn. ¹⁴ Brood en geroosterde en vars graan mag julle nie tot op daardie bepaalde dag eet nie, totdat julle die offer vir julle God gebring het. Dit is 'n vaste voorskrif wat vir altyd vir julle nageslagte geld, waar julle ook al woon.

¹⁵ “*Vanaf die dag ná die Sabbat, vanaf die dag waarop julle 'n gerf as

^c**23:6 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is; •Feeste.

***23:10-14** Eks 22:29; 34:22; Lev 2:14-16; Num 15:2,18; Deut 26:1-11

^d**23:11 aanbied:** Die priester moes die gerf waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aanbied by die altaar; vgl Lev 7:30; 8:27; 9:21.

^e**23:13** ²/₁₀ ... **efa:** Ongeveer 4,4 ℓ; •Inhoudsmate.

^f**23:13 gesifte meel:** Dit verwys na meel van hoë gehalte.

^g**23:13** ¹/₄ **hin:** Ongeveer 1 ℓ.

***23:15-21** Eks 23:16; Deut 16:9-12; Hand 2:1; 1 Kor 16:8

gewyde gawe bring, moet julle die dae aftel: Sewe volle weke^h moet dit wees. ¹⁶ Julle moet vyftig dae tel tot op die dag ná die sewende Sabbat. Bring dan 'n nuwe graanoffer vir die HERE. ¹⁷ Van die plekke waar julle woon, moet julle twee brode as gewyde gawe saambring, wat van twee tiendes van 'n efa gesifte meel berei moet word. Dit moet met suurdeeg gebak word as eerste opbrengs van die oes vir die HERE. ¹⁸ Saam met die brood moet julle ook sewe jaaroud lammers sonder gebrek, een jong bul en twee ramme as offers aanbied. Dit moet brandoffers vir die HERE wees, saam met die bepaalde graan- en drankoffers — 'n offergawe, 'n geurige offer vir die HERE. ¹⁹ Julle moet as 'n reinigingsoffer een bokram offer, en twee jaaroud lammers as 'n maaltydoffer.ⁱ ²⁰ *Die priester moet hulle — die twee lammers — saam met die brood van die oes se eerste opbrengs, voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg.^j Dit is 'n heilige gawe aan die HERE wat die priester toekom.

²¹ “ ‘Julle moet op daardie bepaalde dag 'n byeenkoms saamroep. Dit moet vir julle heilig wees;^k julle mag geen gewone take verrig nie. Dit is vir altyd 'n vaste voorskrif vir julle nageslagte, waar julle ook al woon. ²² *Wanneer julle die graanoes op julle lande insamel, mag jy nie die kant van jou land skoon afoes nie, en jou oesreste mag jy nie optel nie.

^h**23:15 7 ... weke:** Hierdie fees staan bekend as die •Fees van die Weke.

ⁱ**23:19 maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekom, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

***23:20** Lev 7:28-36

^j**23:20 as 'n gewyde ... beweeg:** Dit is waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; vgl Eks 29:24.

^k**23:21 byeenkoms ... wees:** Die •Septuagint word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui “'n heilige byeenkoms saamroep; dit moet vir julle wees”.

***23:22** Lev 19:9-10

Vir die weerloses en vreemdelinge¹ moet jy dit agterlaat. Ek is die HERE jou God.’ ”

²³ Die HERE het vir Moses gesê: ²⁴ “Sê vir die Israëliete, ‘Die eerste dag van die sewende maand^m moet vir julle 'n buitengewone Sabbat wees, 'n herdenkingsdag, aangekondig met geskal, 'n heilige byeenkoms. ²⁵ Julle mag geen gewone take verrig nie en julle moet 'n offergawe vir die HERE bring.’ ”

²⁶ Die HERE het vir Moses gesê: ²⁷ “Onthou net, die tiende dag van hierdie sewende maand is die •Dag van Versoening. Julle moet 'n heilige byeenkoms hou. Julle moet julle verootmoedig en vir die HERE 'n offergawe aanbied. ²⁸ Julle mag nie enige werk op dié bepaalde dag doen nie, want dit is die Dag van Versoening om vir julle voor die HERE julle God versoening te doen. ²⁹ *Ja, enige persoon wat hom nie op dié bepaalde dag verootmoedigⁿ nie, moet uit sy volk verwyder word; ³⁰ en enige persoon wat enige werk doen op dié bepaalde dag — Ek sal daardie persoon uitwis uit die geledere van sy volk. ³¹ Geen werk mag julle doen nie. Dit is 'n vaste voorskrif wat vir altyd vir julle nageslagte geld, waar julle ook al woon. ³² Vir julle is dit 'n buitengewone Sabbat, en julle moet julle die aand van die negende van die maand

¹**23:22 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

***23:24-25** Num 29:1-6

^m**23:24 7de maand:** •Tisri (of •Etanim) is die maand van die viering van die •Dag van Versoening (Lev 23:26-32) en die •Huttefees (Lev 23:34-36); •Feeste.

***23:27-32** Lev 16:2-34; 25:9; Num 29:7

***23:29** Hand 3:23

ⁿ**23:29 verootmoedig:** Dit beteken dat die Israëliete die dag moes deurbring in onthouding, selfondersoek voor God en soberheid; vgl Num 29:7.

verootmoedig. Julle moet van sononder tot sononder^o julle Sabbat vier.”

³³ Die HERE het vir Moses gesê: ³⁴ “*Sê vir die Israeliete, ‘Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit die Huttefees^p — sewe dae lank tot eer van die HERE. ³⁵ Op die eerste dag is daar 'n heilige byeenkoms. Julle mag geen gewone take verrig nie. ³⁶ *Vir sewe dae moet julle daaglik 'n offergawe vir die HERE bring. Op die agtste dag moet julle 'n heilige byeenkoms hou en ook 'n offergawe vir die HERE bring. Dit is 'n gewyde rusdag, julle mag geen gewone take verrig nie.

³⁷ “ ‘Dit is die feesdae van die HERE wat julle as heilige byeenkomste moet uitroep om offergawes aan die HERE te bring: brandoffers, graanoffers, maaltydoffers en drankoffers soos wat daar vir elke feesdag vereis word, ³⁸ afgesien van die gewone Sabbatte van die HERE, julle gewone gawes, al julle gelofte-offers en al julle vrywillige offers wat julle aan die HERE gee.

³⁹ “ ‘Onthou net, op die vyftiende dag van die sewende maand, wanneer julle die opbrengs van die land insamel, moet julle die fees^q van die HERE sewe dae lank vier. Die eerste dag van die fees is 'n buitengewone Sabbat en die agtste dag is 'n buitengewone Sabbat. ⁴⁰ Op die eerste dag moet julle vrugte van lowerryke bome^r neem saam met palmtakke, die takke van welig groeiende bome en rivierwilgers, en voor die HERE julle God sewe dae lank vrolik wees. ⁴¹ Julle moet dit as

^o**23:32 sononder tot sononder:** Letterlik ‘aand tot aand’. In die tyd van die OT was die dagindeling van sononder tot sononder.

***23:34-43** Num 29:12-38; Deut 16:13-15; Esra 3:4; Neh 8:14-18; Joh 7:2,37

^p**23:34 Huttefees:** Ook genoem die Fees van die Insameling, 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim,) gevier is; •Feeste.

***23:36** Joh 7:37

^q**23:39 fees:** Huttefees, vgl Lev 23:34.

^r**23:40 vrugte ... bome:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Volgens Joodse tradisie is dit sitroene.

'n fees ter ere van die HERE vier vir sewe dae in die jaar. Dit is 'n vaste voorskrif wat vir altyd vir julle nageslagte geld. In die sewende maand moet julle hierdie fees vier. ⁴² Julle moet in hutte woon vir sewe dae. Al die gebore Israëliete moet in Israel in hutte woon, ⁴³ sodat julle nageslagte kan weet dat Ek die Israëliete in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland laat wegtrek het. Ek is die HERE julle God.’ ”

⁴⁴ *Moses het toe die feesdae van die HERE aan die Israëliete bekend gemaak.

24

Lig vir die tabernakel

¹ Die HERE het vir Moses gesê: ² “*Beveel die Israëliete om vir jou suiwer geparste olyfolie te bring vir lig, sodat die lampe voortdurend brand. ³ In die Tent van Ontmoeting, ^s buite die voorhangsel^t voor die verbondsbepalings,^u moet Aäron die lampe regsit.^v Dit moet van die aand tot die oggend voortdurend voor die HERE wees. Dit is 'n vaste voorskrif wat vir altyd vir julle nageslagte geld. ⁴ Op die rein menora^w moet hy die lampe regsit. Dit moet voortdurend voor die HERE wees.”

*23:44 Num 29:39-40

*24:2-4 Eks 25:31-40; 27:20-21

^s24:3 Tent van Ontmoeting: 'n Ander naam vir •tabernakel.

^t24:3 voorhangsel: Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

^u24:3 verbondsbepalings: Dit verwys na die verbondsbepalings op die twee kliptafels in die verbondsark wat agter die gordyn in die Allerheiligste is.

^v24:3 lampe regsit: Die bronteks lui “dit rangskik”.

^w24:4 menora: Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die tabernakel en later ook die •tempel gestaan het.

Vertoonbrode

⁵ “*Jy moet gesifte meel^x vat en daarmee twaalf ringbrode^y bak. Elke ringbrood moet twee tiendes van 'n efa^z meel bevat. ⁶ Sit dit in twee rye, ses in 'n ry, op die rein tafel voor die HERE neer. ⁷ Sit op elke ry suiwer wierook; dit sal, as simboliese offer^a van die brood, 'n offergawe aan die HERE wees. ⁸ Gereeld, Sabbatdag ná Sabbatdag, moet Aäron dit namens die Israeliete voor die HERE regsit as 'n ewige verbond. ⁹ *Dit kom Aäron en sy seuns toe. Hulle moet dit op 'n heilige plek eet, want dit is 'n besonder heilige deel wat hy altyd moet kry* uit die offergawes aan die HERE.”

Een wet vir vreemdelinge en Israeliete

¹⁰ *Die seun van 'n Israelitiese vrou en 'n Egiptiese man het uit sy kampplek^b tussen die Israeliete ingegaan. In die kamp was daar 'n geveg tussen 'n Israelitiese man en hierdie seun van die Israelitiese vrou. ¹¹ Toe die seun van die Israelitiese vrou die Godsnaam laster en vervloek, het hulle hom na Moses geneem. Die seun se ma, wie se naam Selomit was, was die dogter van Dibri, uit die stam van Dan. ¹² Hulle het hom onder

***24:5-9** Eks 25:23-30; 40:22-23; 1 Sam 21:4-6; Matt 12:4; Mark 2:26; Luk 6:4

^x**24:5 gesifte meel:** Dit verwys na meel van hoë gehalte.

^y**24:5 ringbrode:** Ringbrode is aan stokke gehang om dit te stoor.

^z**24:5 $\frac{2}{10}$... efa:** Een efa was ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

^a**24:7 simboliese offer:** In Hebreeus word 'n tegniese term gebruik wat moeilik vertaalbaar is in Afrikaans. Dit is 'n deel wat die hele offer verteenwoordig.

***24:9** Matt 12:4

***24:9 Aäron ... kry:** Lev 6:11,15; 7:34; 10:15

***24:10-12** Eks 20:7; Num 15:30; Deut 5:11

^b**24:10 uit sy kampplek:** Hierdie woorde kon nie in die •bronteks voor nie. Die bronteks lui “hy het uitgegaan in die midde van die Israeliete”. Die veronderstelling is dat dié wat nie suiwer Israeliete was nie, eenkant gekamp het.

bewaking gehou totdat hulle 'n beslissing van die HERE sou kry.

¹³ Die HERE het vir Moses gesê: ¹⁴ “*Neem die een wat die vervloeking uitgespreek het uit die kamp uit. Almal wat gehoor het, moet hulle hande op sy kop lê; dan moet die hele volksvergadering^c hom stenig.

¹⁵ *Vir die Israëliete moet jy sê, ‘Wanneer enigiemand sy God vervloek, moet hy die gevolge van sy sonde dra. ¹⁶ *Die een wat die Naam van die HERE laster, moet beslis sterf. Die hele volksvergadering moet hom beslis stenig. Soos 'n gebore Israeliet moet 'n vreemdeling^d ook sterf wanneer hy die Godsnaam laster.

¹⁷ “ *Wanneer iemand enige mens doodslaan, moet hy beslis sterf; ¹⁸ en wie 'n dier doodslaan, moet daarvoor vergoed: 'n lewe vir 'n lewe.

¹⁹ Wanneer iemand sy volksgenoot vermink — soos wat hy gedoen het, so moet daar aan hom gedoen word: ²⁰ *'n breuk vir 'n breuk, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand. Soos wat hy iemand vermink het, moet hy ook vermink word. ²¹ Wie 'n dier doodslaan, moet daarvoor vergoed, maar wie 'n mens doodslaan, moet sterf. ²² *Daar moet vir julle een beslissing wees. Soos dit vir die gebore Israeliet is, moet dit vir die vreemdeling wees. Ek is die HERE julle God.’ ”

*24:14 Lev 20:2,27; 24:23

^c24:14 **volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

*24:15 Eks 22:28; Ps 73:9; Jes 9:16; 32:6; Dan 7:25; Hand 6:11; Op 13:6

*24:16 Matt 26:65-66; Mark 14:64; Joh 10:33; 19:7

^d24:16 **vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

*24:17-22 Gen 9:6; Eks 20:13; 21:12-14,33-34; Num 35:30-31; Matt 5:21-22

*24:20 Eks 21:24; Deut 19:16-21; Matt 5:38

*24:22 Eks 12:49; Lev 19:34; Eseg 47:22

²³ *Moses het dit vir die Israelite gesê. Hulle het die een wat die vervloeking uitgespreek het, uit die kamp geneem en hom met klippe doodgegooi. Die Israelite het gedoen soos wat die HERE Moses beveel het.

25

Sabbatsjaar en jubeljaar

¹ Die HERE het op die berg Sinai vir Moses gesê: ² “Praat met die Israelite en sê vir hulle, ‘Wanneer julle in die land kom wat Ek vir julle gaan gee, moet die land 'n Sabbat vier vir die HERE. ³ Ses jaar moet jy jou saailand saai en ses jaar moet jy jou wingerd snoei en die opbrengs daarvan insamel, ⁴ maar die sewende jaar is 'n sabbatsjaar, 'n buitengewone rusjaar.^e Dit moet vir die grond 'n sabbatsjaar wees tot eer van die HERE. Jou saailand mag jy nie saai nie en jou wingerd mag jy nie snoei nie. ⁵ Die opslag van jou graanoes mag jy nie oes nie, en die druiwe aan jou ongesnoeide wingerd mag jy nie afoes nie. Dit moet vir die land 'n buitengewone rusjaar wees. ⁶ Die opbrengs^f van die land se Sabbat sal daar wees vir julle om te eet. Vir jou, vir jou slawe en slavinne, vir jou dagloners en jou bywoners,^g hulle wat by julle verblyf het, ⁷ vir jou vee en die wilde diere wat in jou land is, sal die volle opbrengs van die land daar wees om te eet.

*24:23 Lev 24:14

*25:2-7 Eks 23:10-11; Lev 26:34-35; Deut 15:1-11; 2 Kron 36:21

^e25:4 **buitengewone rusjaar:** Dit was 'n jaar van volkome rus vir die grond en gewasse.

^f25:6 **opbrengs:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^g25:6 **bywoners:** Persone wat nie burgers van die land is nie, maar as ondergeskiktes by iemand verblyf het.

⁸ “*Tel vir jou sewe sabbatsjare af, sewe maal sewe jaar, sodat die tydperk van sewe Sabbatsjare vir jou nege-en-veertig jaar gee. ⁹ Laat dan die ramshoring se harde geluid oral weerklink op die tiende dag van die sewende maand. Op die •Dag van Versoening moet die ramshoring deur julle hele land weerklink. ¹⁰ Heilig die vyftigste jaar en kondig 'n kwytskelding in die land af vir al die inwoners van die land. 'n Jubeljaar^h moet dit vir julle wees. Elkeen van julle moet na sy erfgrond terugkeer en elkeen van julle moet na sy familie terugkeer. ¹¹ Die vyftigste jaar moet vir julle 'n jubeljaar wees. Julle mag nie saai nie en julle mag nie die opslaggraan van die jaar oes of die ongesnoeide wingerde afoes nie, ¹² want dit is 'n jubeljaar; dit moet vir julle heilig wees. Van die saailande mag julle die opbrengs wel eet.

¹³ “ ‘In hierdie jubeljaar moet elkeen van julle terugkeer na sy erfgrond. ¹⁴ *Wanneer julle iets aan 'n volksgenoot verkoop of uit die hand van 'n volksgenoot iets koop, mag julle mekaar nie uitbuit nie. ¹⁵ *Jy moet van jou volksgenoot koop volgens die getal jare ná die jubeljaar; ja, volgens die getal oesjare moet hy aan jou verkoop. ¹⁶ Hoe meer die jare wat oorbly, hoe hoër sy koopprys; hoe minder die jare wat oorbly, hoe laer sy koopprys, want die getal oeste is wat hy aan jou verkoop. ¹⁷ *Julle volksgenote mag mekaar nie uitbuit nie. Jy moet ontsag hê vir jou God, want Ek, die HERE, is julle God.

¹⁸ “ *Julle moet my vaste voorskrifte uitvoer en my beslissings moet

*25:8-12 Lev 27:24; Num 36:4; Eseg 46:17

^h25:10 Jubeljaar: Die “jubel-” in “jubeljaar” is 'n transliterasie van die Hebreeuse woord *jobeel* wat ‘ram’ of ‘ramshoring’ beteken. Die woord kan ook vertaal word “hersteljaar”.

*25:14 Lev 19:13; 1 Kor 6:8

*25:15-16 Lev 25:27-34; 27:18,23

*25:17 Spr 22:22; Sag 7:9; 1 Thess 4:6

*25:18-19 Lev 18:4-5; 26:3-5; Jes 1:19; Eseg 34:25,28

julle nakom. Voer dit uit sodat julle veilig kan woon op die grond. ¹⁹ Die grond sal sy vrug lewer en julle sal meer as genoeg eet en veilig daarop woon. ²⁰ *En as julle vra: “Maar wat moet ons in die sewende jaar eet, as ons dan nie mag saai en ons oes insamel nie?” ²¹ In die sesde jaar sal Ek oor julle my seën gebied en dit sal 'n opbrengs vir drie jaar lewer. ²² In die agtste jaar moet julle saai en van die ou opbrengs eet tot die negende jaar; tot daardie jaar se oes inkom, sal julle die ou opbrengs eet.

²³ “ *Die grond mag nie onherroeplik verkoop word nie, want aan My behoort die grond. Ja, julle is vreemdelingeⁱ en bywoners by My. ²⁴ Met enige grond wat julle geërf het, moet julle die terugkoop van die grond toestaan.

²⁵ “ *Wanneer jou broer^j verarm en van sy erfgrond moes verkoop, moet sy lossers^k wat die naaste aan hom is, kom en die verkoopte deel van sy familielid loskoop. ²⁶ Wanneer iemand nie 'n lossers het nie en hy kan dit bekostig wanneer hy genoeg bymekaargemaak het vir die terugkoop, ²⁷ moet hy die jare bereken vandat dit verkoop is en die balans teruggee aan die man aan wie hy dit verkoop het. Hy moet dan terugkeer na sy erfgrond. ²⁸ As hy egter nie genoeg bymekaar kan maak om dit aan hom terug te gee nie, bly die deel wat verkoop is in die besit van die een wat dit gekoop het tot die jubeljaar. In die jubeljaar moet dit loskom en mag die man na sy erfgrond terugkeer.

*25:20-22 Lev 25:4-7

*25:23 Gen 23:4; Eks 19:5; 2 Kron 7:20; Heb 11:13; 1 Pet 2:11

ⁱ25:23 **vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon.

*25:25-28 Lev 25:50-52; Rut 2:20; 4:4,6; Jer 32:6-9

^j25:25 **jou broer:** “Broer” verwys hier na 'n stamlid.

^k25:25 **lossers:** Dit was gewoonlik die oudste seun van die familie wat moes voorkom dat verarmde familielede skuldslawe word en dat familiegrond in vreemde hande val. Dit kon ook 'n naaste familielid wees.

²⁹ “ ‘Wanneer iemand 'n woonhuis in 'n ommuurde stad verkoop, sal die reg van terugkoop geld totdat 'n jaar verloop het ná die verkoop daarvan. Die reg van terugkoop sal vir 'n volle jaar geld. ³⁰ As dit egter nie losgekoop word voordat 'n volle jaar verloop het nie, word die huis wat in die ommuurde stad is, onherroeplik oorgedra na die een wat dit gekoop het vir sy nageslag. Dit kom nie los in die jubeljaar nie. ³¹ Huise in dorpies wat nie 'n muur rondom het nie, moet as deel van die saailande van die omgewing gereken word. Die reg van terugkoop moet daarvoor geld en in die jubeljaar kom dit los.

³² “ “Wat die stede van die Leviete betref: Vir die huise in die stede wat hulle erfdeel is, sal die reg van terugkoop altyd vir die Leviete geld. ³³ Wanneer een van die Leviete so 'n huis loskoop, moet die verkoopte huis loskom in die jubeljaar, al is dit in die stad waar hy 'n erfdeel het. Die huise in die stede van die Leviete is immers hulle erfdeel onder die Israeliete. ³⁴ Die weiveld van hulle stede mag nie verkoop word nie, want dit is vir altyd hulle erfgrond.

³⁵ “ “Wanneer jou broer^l verarm en by jou in die skuld raak,^m moet jy hom ondersteun soos 'n vreemdelingⁿ en bywoner, sodat hy by jou kan leef. ³⁶ Moenie van hom rente eis of uit hom wins maak nie; jy moet vir jou God ontsag hê en jou familielid moet by jou leef. ³⁷ Jou geld mag jy nie vir hom teen rente gee nie en van jou kos mag jy nie vir hom teen wins gee nie. ³⁸ *Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek

*25:32 Num 35:2-8; Jos 21:1-42; 1 Kron 6:54-81; Hand 4:36-37

*25:35-36 Eks 22:25; Deut 15:1-7; 23:19-20; Spr 14:21,31; 19:17; Luk 6:35

^l25:35 jou broer: Vgl voetnoot by Lev 25:25.

^m25:35 by ... raak: Die Hebreeuse idioom ‘sy hand bewe by jou’.

ⁿ25:35 vreemdeling: Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

*25:38 Lev 11:45; 19:36

het om aan julle die land Kanaän te gee, om vir julle 'n God te wees.

³⁹ “ *Wanneer jou broer^o wat by jou is, verarm en hom aan jou verkoop, mag jy hom nie slawewerk laat doen nie. ⁴⁰ Soos 'n dagloner, soos 'n bywoner moet hy by jou wees. Tot die jubeljaar moet hy by jou werk, ⁴¹ maar dan moet hy en sy kinders saam met hom, vry van jou af weggaan. Hy moet terugkeer na sy familie, na die erfgrond van sy voorouers moet hy teruggaan, ⁴² want hulle is my slawe wat Ek uit Egipteland laat wegtrek het. Hulle mag nie as slawe verkoop word nie. ⁴³ *Jy mag hom nie aan geweld onderwerp nie. Jy moet ontsag hê vir jou God.

⁴⁴ “ *Wat betref jou slawe en slavinne wat jy nodig het — uit die nasies om julle, uit hulle mag julle slawe en slavinne koop; ⁴⁵ en ook van die kinders van bywoners wat by julle verblyf het, uit hulle en hulle families wat by julle is, mag julle die kinders wat hulle in julle land verwek het, koop. Hulle is dan julle erflike eiendom. ⁴⁶ *Julle mag hulle aan julle kinders ná julle nalaat as erflike besit. Julle mag hulle vir altyd slawewerk laat doen. Maar wat julle broers die Israeliete betref, die een mag nie die ander aan geweld onderwerp nie.

⁴⁷ “ ‘Wanneer 'n vreemdeling of bywoner by jou besittings bymekaarmaak en jou broer^p verarm by hom en verkoop homself aan 'n vreemdeling, 'n bywoner by jou, of aan 'n nasaat van 'n familie vreemdelinge, ⁴⁸ *dan behou hy die reg van terugkoop nadat hy verkoop is. Een van sy broers moet hom loskoop; ⁴⁹ of sy oom of sy neef aan

*25:39-43 Eks 21:2-6; Deut 24:14-15; Jer 34:14

^o25:39 jou broer: Vgl voetnoot by Lev 25:25.

*25:43 Kol 4:1

*25:44 Pred 2:7

*25:46 Eks 1:13-14; Neh 5:5; Eseg 34:4

^p25:47 jou broer: Vgl voetnoot by Lev 25:25.

*25:48-49 Lev 25:25

vaderskant moet hom loskoop; of 'n bloedverwant uit sy familie moet hom loskoop; of hy maak dalk genoeg bymekaar sodat hy homself kan loskoop. ⁵⁰ *Hy moet dan, saam met die een wat hom gekoop het, die jare bereken vanaf die jaar wat hy aan hom verkoop is tot die volgende jubeljaar. Die geldwaarde van sy verkoopprijs moet ooreenstem met die getal jare, asof hy in dié tyd 'n dagloner by die man was. ⁵¹ As daar nog baie jare oor is, moet hy in ooreenstemming daarmee van die geld waarvoor hy gekoop is, terugbetaal vir sy loskoop. ⁵² *Maar as daar min jare oor is tot die jubeljaar, moet hy dit bereken. Ooreenkomstig daardie jare moet hy terugbetaal vir sy loskoop. ⁵³ *Soos 'n dagloner moet hy jaar ná jaar by hom wees. Hy mag hom nie geweld aandoen terwyl julle toekyk nie. ⁵⁴ En as hy nie op hierdie manier losgekoop word nie, moet hy in die jubeljaar vry weggaan, hy en sy kinders saam met hom, ⁵⁵ *want aan My behoort die Israeliete as slawe.^q Hulle is my slawe wat Ek uit Egipteland laat wegtrek het. Ek is die HERE julle God.' ”

26

Belofte en bedreiging

¹ “ *Julle mag nie vir julle afgode maak nie; gesnede beelde en gedenkstene^r mag julle nie vir julle oprig en klippe met afbeeldings op mag julle nie in julle land neersit en in aanbidding voor hulle buig nie,

*25:50 Lev 25:10,15

*25:52 Lev 25:16,27

*25:53 Lev 25:43; Kol 4:1

*25:55 Lev 11:44; 25:42

^q25:55 slawe: Kan ook vertaal word “diensknegte”.

*26:1 Eks 20:3-4,23; Lev 19:4; 1 Kon 12:28; Hab 2:18

^r26:1 gedenkstene: Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk.

want Ek, die HERE, is julle God. ²*My Sabbatte moet julle hou en vir my heiligdom moet julle ontsag hê. Ek is die HERE.

³“^{**}As julle my vaste voorskrifte volg en my bevele nakom en dit uitvoer, ⁴sal Ek julle reën op die regte tyd vir julle gee. Die land sal sy opbrengs lewer en die bome in die veld sal hulle vrugte gee. ⁵*Die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe-oes, en die druiwe-oes sal aanhou tot saaityd. Julle sal meer as genoeg eet en veilig woon in julle land.

⁶“^{*}Ek sal vrede gee in die land. Julle sal gaan lê en niemand sal julle opjaag nie. Ek sal die ongediertes uit die land verwyder en 'n swaard sal nie deur julle land trek nie. ⁷*Julle sal julle vyande agtervolg en deur die swaard sal hulle voor julle val. ⁸Vyf van julle sal honderd agtervolg en honderd van julle sal tienduisend agtervolg, ja, julle vyande sal deur die swaard voor julle val. ⁹*Ek sal na julle omsien, julle vrugbaar maak en julle laat vermeerder. Ek sal my verbond met julle gestand doen. ¹⁰*Julle sal nog graan van die vorige jaar oorhê om te eet, maar julle sal dit moet weggooi met die nuwe oes.

¹¹“^{*}Ek sal my •tabernakel onder julle oprig en nie 'n afkeer van julle

*26:2 Eks 20:8; Lev 19:30

*26:3-12 Eks 19:5-6; Deut 28:1-14; Jes 48:18

*26:3-4 Deut 11:13-14; 28:12; Jes 1:19; Jer 5:24; Eseg 34:26-27; Hand 14:17

*26:5 Lev 25:18; Deut 8:7-9; Ps 65:10; Am 9:13

*26:6 Eks 33:14; Num 6:26; 1 Kron 22:9; Spr 19:23; Eseg 34:25,28; Hos 2:17

*26:7-8 Deut 6:19; Jos 23:10; Rig 7:1-25; 1 Kron 12:14; Eseg 34:27

*26:9 Gen 15:1-21; 17:4-6,20; 35:11-12

*26:10 Deut 28:8; Eseg 34:29

*26:11-13 Eks 6:6; 25:8; Jes 10:27; 14:25; Jer 28:10-13; 30:8,22; Eseg 34:30; 37:27; Hos 11:4; 2 Kor 6:16

hê nie. ¹²* Ek sal tussen julle rondbeweeg: Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir My 'n volk wees.* ¹³ Ek, die HERE, is julle God wat julle uit Egipteland laat wegtrek het, sodat julle nie langer hulle slawe hoef te wees nie. Ek het die skeie van julle jukke gebreek en julle regop laat loop.

¹⁴ “*Maar as julle na My nie luister en al hierdie bevele nie uitvoer nie; ¹⁵ ja, as julle my vaste voorskrifte verwerp en 'n afkeer het van my beslissings, sodat julle nie al my bevele uitvoer nie en my verbond so verbreek, ¹⁶* dan sal Ek die volgende aan julle doen: Ek sal onverwags verskrikking oor julle bring — toring en koors wat die oë laat verdof en die lewenskrag laat wegkwyn. Julle sal tevergeefs julle saad saai; julle vyande sal dit opeet. ¹⁷ Ek sal teen julle draai, sodat julle deur julle vyande verslaan word. Julle haters sal julle vertrap. Julle sal vlug sonder dat iemand julle agtervolg.

¹⁸ “*En as julle daarna nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewe keer te straf vir julle sondes. ¹⁹ Ek sal julle hardnekkige verwaandheid breek: Ek sal julle hemel soos yster maak en julle grond soos brons. ²⁰ Julle kragte sal tevergeefs ingespan word: Julle grond sal sy opbrengs nie gee nie en die bome van julle grond sal hulle vrugte nie lewer nie.

²¹ “*En as julle My steeds teengaan en nie bereid is om na My te luister nie, sal Ek oor julle die slae sewe keer vermeerder ooreenkomstig julle sondes. ²²* Ek sal wilde diere onder julle loslaat; hulle sal julle

*26:12 Gen 3:8; 2 Kor 6:16

*26:12 Ek sal vir ... wees: Gen 17:7-8; Eks 6:6; Jer 32:38; Eseg 37:27; Sag 8:8; 2 Kor 6:16; vgl Eks 2:22; Heb 8:10

*26:14-43 Deut 28:15-68; 29:25; Eseg 5:11-17; Am 4:6-11; 1 Pet 3:12

*26:16 Lev 26:36-37; Deut 28:22,65

*26:18-20 Deut 11:17; Hag 1:10

*26:22 Deut 32:24; Jer 15:3; Eseg 5:17

kinderloos maak en julle vee uitroei. Hulle sal julle so min maak dat julle paaie verlate sal wees.

²³ “ ‘En as julle, te midde daarvan, julle nie deur My wil laat teregwys nie en My teengaan, ²⁴ sal Ek julle ook teengaan; ja, Ek sal julle sewe keer tref oor julle sondes. ²⁵ *Ek sal julle met die swaard tref om die skending van die verbond te wreck. En wanneer julle julle terugtrek in julle stede, sal Ek 'n epidemie onder julle loslaat, sodat julle in die hand van die vyand oorgegee word. ²⁶ *Wanneer ek julle broodstok breek,^s sal tien vroue julle brood in een oond kan bak en dit volgens gewig uitdeel. Julle sal eet, maar nie versadig raak nie.

²⁷ “ ‘En as julle onder dié omstandighede nie na My luister nie en My bly teengaan, ²⁸ *sal Ek julle met woede teengaan; ja, Ek sal julle dan sewe keer straf oor julle sondes. ²⁹ *Julle sal die vleis van julle seuns eet; ook die vleis van julle dogters sal julle eet. ³⁰ *Ek sal julle offerhoogtes^t verdelg en julle wierookaltare vernietig. Ek sal julle lewelose liggame op die lewelose liggame van julle afgode stapel. Ek sal 'n afkeer van julle hê. ³¹ *Ek sal julle stede puinhope maak en julle heiligdomme verwoes. Ek sal julle geurige offers nie wil ruik nie. ³² *Ek self sal julle land verwoes sodat julle vyande wat daar woon verslae sal wees

*26:25 Jer 14:12; 25:29; Eseg 5:17

*26:26 Miga 6:14

^s26:26 **julle ... breek:** Dit beteken die kosvoorraad word vernietig. Ringbrode is aan stokke gehang om dit te stoor.

*26:28 Jes 63:3; 66:15

*26:29 Deut 28:53; Klaagl 4:10; Eseg 5:10

*26:30 Eseg 6:6; 16:39; Am 7:9

^t26:30 **offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

*26:31 Gen 8:21; Jes 1:13; 6:11; 63:18; Am 5:22

*26:32 1 Kon 9:8; 2 Kron 29:8; Jer 18:16

daaroor. ³³ *Maar julle sal Ek onder die nasies verstrooi en die swaard agter julle ontbloot. Julle land sal 'n woesteny word en julle stede puinhoop.

³⁴ “ *Dan sal die land vergoed word vir sy Sabbatte, al die dae wat dit onbewerk lê terwyl julle in die land van julle vyande is. Ja, dan sal die land rus en vergoeding kry vir sy Sabbatte. ³⁵ Al die dae wat die grond onbewerk lê, sal dit die rus kry wat dit nie gehad het gedurende julle Sabbatte toe julle daarop gewoon het nie.

³⁶ “ *Wat betref dié van julle wat oorbly, Ek sal in die lande van hulle vyande soveel vertwyfeling in hulle harte bring dat die geluid van 'n dwarrelende blaas hulle op loop sal jaag. Hulle sal vlug asof vir 'n swaard en val sonder iemand wat hulle agtervolg. ³⁷ Hulle sal oor mekaar struikel soos voor die swaard, maar met geen agtervolger nie!

“ ‘Julle sal nie voor julle vyande kan standhou nie. ³⁸ Julle sal verdwyn tussen die nasies; die land van julle vyande sal julle verteer. ³⁹ *En dié van julle wat oorbly, sal in die lande van hulle vyande wegteer oor hulle sondeskuld; hulle sal ook wegteer oor die sondeskuld van hulle voorouers wat hulle met hulle saamdra.

⁴⁰ “ *Maar as hulle hulle sondeskuld en dié van hulle voorouers bely, dit wat hulle in hulle ontrou teen My begaan het deur My selfs teen te gaan, ⁴¹ *sodat Ek ook hulle teengegaan het deur hulle in die land van hulle vyande te bring; ja, as hulle onbesnede harte dan verootmoedig

*26:33 Deut 4:27; 28:64; Jer 4:26; 9:16

*26:34-35 Lev 25:1-12; 26:43; 2 Kron 36:21; Dan 9:24

*26:36 Jes 30:17

*26:39-41 1 Kon 8:47-48; Esra 9:6-7; Neh 1:6; Eseg 24:22-23

*26:40 Eseg 6:9; Dan 9:7

*26:41 Hos 5:15; Hand 7:51

word en hulle boet vir hulle sondeskuld, ⁴² *sal Ek my verbond met Jakob onthou; ook my verbond met Isak en my verbond met Abraham sal Ek onthou, en aan die land sal Ek dink. ⁴³ *Maar die grond moet eers van hulle verlate wees, sodat dit vir sy Sabbatte vergoed kan word terwyl dit onbewerk lê sonder hulle. Hulle sal moet boet vir hulle sondeskuld omdat hulle my beslissings verwerp en 'n afkeer van my vaste voorskrifte gehad het.

⁴⁴ “ *Maar selfs dan, wanneer hulle in die land van hulle vyande is, sal Ek hulle nie verwerp nie. Ek sal nie so 'n afkeer van hulle hê dat Ek hulle sal uitwis en my verbond met hulle sal verbreek nie. Ek, die HERE, is immers hulle God. ⁴⁵ Ek sal tot hulle voordeel dink aan die verbond met die voorgeslagte wat Ek voor die oë van die nasies uit Egipteland laat wegtrek het om vir hulle 'n God te wees. Ek is die HERE.’ ”

⁴⁶ *Dit is die vaste voorskrifte, die beslissings en onderrig wat die HERE by die berg Sinai deur Moses gegee het vir die verhouding tussen Hom en die Israëliete.

27

Wette oor die afkoop van geloftes

¹ Die HERE het vir Moses gesê: ² “*Praat met die Israëliete en sê vir hulle, ‘Wanneer iemand 'n buitengewone gelofte aflê, en die loskoopwaarde van persone vir die HERE bereken word, ³ moet die loskoopwaarde die volgende wees: 'n Manlike persoon van twintig tot

*26:42 Gen 15:1-21; 17:1-8; 35:11-12; Luk 1:72-73

*26:43 Lev 26:34-35; Jes 6:11

*26:44-45 Deut 4:31; Jer 4:27; 30:11; Eseg 16:60; Hos 11:8-9; Rom 11:2,28

*26:46 Num 36:13; Deut 6:1; 12:1

*27:2 Num 30:1-16; Deut 23:21-23; Rig 11:30-31,39; 13:5; 1 Sam 1:11,28

sestig jaar se loskoopwaarde is vyftig sikkel silwer volgens die standaardgewig wat in die heiligdom^u geld. ⁴ As dit 'n vroulike persoon is, is die loskoopwaarde dertig sikkel.^v ⁵ As dit iemand van vyf tot twintig jaar is, is die loskoopwaarde van 'n manlike persoon twintig sikkel^w en van 'n vroulike persoon tien sikkel.^x ⁶ As dit iemand van een maand tot vyf jaar is, is die loskoopwaarde van 'n manlike persoon vyf sikkel^y silwer en die loskoopwaarde van 'n vroulike persoon drie sikkel^z silwer. ⁷ As dit iemand van sestig jaar en ouer is, is die loskoopwaarde vyftien sikkel^a as dit 'n manlike persoon is, en tien sikkel as dit 'n vroulike persoon is.

⁸ “ ‘As iemand te arm is vir die loskoopgeld, moet hy die persoon voor die priester bring. Die priester moet dan aan die persoon 'n loskoopwaarde toeken. In verhouding tot wat die een wat die gelofte afgelê het, kan bekostig, moet die priester 'n loskoopwaarde aan die persoon toeken.

⁹ “ ‘*As dit gaan oor diere waarvan dele as 'n offer vir die HERE aangebied kan word, sal enige dier wat iemand vir die HERE gee, heilig wees.^b ¹⁰ *Die persoon mag dit nie vervang nie. Ja, hy mag dit nie

^u**27:3 50 sikkel ... heiligdom:** Ongeveer 570 g. Die “standaardgewig van die heiligdom” verwys waarskynlik na die gewone maat wat in die heiligdom gehou is as standaard; vgl Lev 27:25; •Geldeenhede.

^v**27:4 30 sikkel:** Ongeveer 342 g.

^w**27:5 20 sikkel:** Ongeveer 228 g.

^x**27:5 10 sikkel:** Ongeveer 114 g.

^y**27:6 5 sikkel:** Ongeveer 57 g.

^z**27:6 3 sikkel:** Ongeveer 34 g.

^a**27:7 15 sikkel:** Ongeveer 171 g.

^{*}**27:9** Lev 27:26,28; Deut 15:19

^b**27:9 heilig wees:** Dit beteken dat die dier aan die tempel afgestaan is en nie meer vir privaatgebruik beskikbaar is nie.

^{*}**27:10** Lev 27:33; Mal 1:8

omruil nie, nie 'n beter dier vir 'n slegter een, of 'n slegter dier vir 'n beter een nie. As hy wel 'n dier vir 'n ander omruil, dan is daardie dier en die geruilde een heilig. ¹¹ * As dit enige •onrein dier is waarvan dele nie as 'n offer vir die HERE aangebied mag word nie, moet die persoon die dier voor die priester bring. ¹² Die priester moet daaraan 'n loskoopwaarde toeken, hoog of laag. Die loskoopwaarde sal dan wees soos wat die priester dit bepaal. ¹³ * As die persoon dit wel wil loskoop, moet hy een vyfde by die loskoopwaarde byvoeg.

¹⁴ “ * As iemand sy huis as 'n heilige gawe aan die HERE wy,^c moet die priester die loskoopwaarde bepaal, hoog of laag. Soos die priester die waarde bepaal, so sal dit vasstaan. ¹⁵ As die persoon wat sy huis aan die HERE gewy het, dit wil loskoop, moet hy 'n vyfde in silwer by die loskoopwaarde voeg. Dan is dit weer syne.

¹⁶ “ ‘As iemand van die saailande van sy erfgrond aan die HERE wy, moet die loskoopwaarde bepaal word volgens die saad wat daar gesaai word:^d vyftig sikkil silwer vir elke gomer^e garssaad. ¹⁷ * As die persoon sy saailand in die jubeljaar^f wy, staan die loskoopwaarde vas. ¹⁸ * Maar as hy sy saailand ná die jubeljaar wy, moet die priester vir hom die silwer

*27:11 Num 18:15

*27:13 Lev 5:16; 22:14

*27:14-15 Lev 25:29-31

^c27:14 wy: Kan ook vertaal word “heilig”. Dit beteken dat die huis die eiendom van die HERE word.

^d27:16 die saad ... word: Letterlik ‘sy saad’.

^e27:16 gomer: Ongeveer 220 ℓ; •Inhoudsmate.

*27:17 Lev 25:8-12

^f27:17 jubeljaar: Die “jubel-” in “jubeljaar” is 'n transliterasie van die Hebreeuse woord *jobeel* wat ‘ram’ of ‘ramshoring’ beteken. Die woord kan ook vertaal word “hersteljaar”.

*27:18 Lev 25:15-16

bereken volgens die jare wat oor is tot die volgende jubeljaar. Dit word dan van die loskoopwaarde afgetrek. ¹⁹ As die persoon wat dit gewy het, wel sy saailand wil loskoop, moet hy 'n vyfde van die silwer van die loskoopwaarde byvoeg. Dit gaan dan weer oor na hom. ²⁰ As hy nie die saailand loskoop nie, maar dit aan iemand anders verkoop, mag dit nie weer losgekoop word nie. ²¹ Wanneer die saailand loskom in die jubeljaar, is dit 'n heilige gawe aan die HERE, soos saagrond onder die ban.^g Vir die priesters word dit hulle erfgrond. ²² As iemand sy gekoopte saailand, wat nie deel is van sy geërfde saagrond nie, aan die HERE wy, ²³ moet die priester vir hom die bedrag van die loskoopwaarde bereken tot die jubeljaar toe. Die man moet die loskoopwaarde op dieselfde dag as 'n heilige gawe aan die HERE gee. ²⁴ *In die jubeljaar val die saailand weer terug aan hom van wie hy dit gekoop het, aan hom vir wie die grond erfgrond was.

²⁵ “ *Elke loskoopwaarde moet volgens die standaardgewig wat in die heiligdom geld, bereken word; twintig gera^h is 'n sikkel.

²⁶ “ *Onthou net, wat betref 'n eersgeborene onder die diere wat reeds as eersgeborene aan die HERE behoort — iemand mag dit nie wy nie. Of dit nou 'n bees of 'n stuk kleinvee is, dit behoort aan die HERE. ²⁷ *Maar as dit deel van die onrein diere is, mag die persoon dit terugkoop teen loskoopwaarde. Hy moet 'n vyfde byvoeg. As hy dit nie loskoop nie, moet dit teen loskoopwaarde verkoop word.

^g**22:20 onder die ban:** Dit beteken dat die grond volledig aan die HERE behoort. Dit word aan publieke gebruik onttrek en word deel van die tempelpersoneel se besittings; •Banvloek.

***27:24** Lev 25:13,28

***27:25** Eks 30:13; Num 3:47; Eseg 45:12

^h**27:25 20 gera:** Ongeveer 12 g; •Geldeenhede.

***27:26** Eks 13:2,12

***27:27** Eks 13:13; 34:19-20; Num 18:15-16

²⁸ “ “*Onthou net, wat betref enigiets onder die ban wat iemand volledig aan die HERE gewy het van alles wat aan hom behoort, of dit nou 'n mens, 'n dier of 'n saailand van sy erfgrond is — dit mag nie verkoop word nie, en dit mag nie losgekoop word nie. Enigiets onder die ban is 'n besonder heilige gawe aan die HERE. ²⁹ Elke persoon wat onder die ban is,ⁱ elke persoon onder die mense wat volledig aan die HERE gewy is, mag nie vrygekoop word nie; so 'n persoon moet beslis sterf.

³⁰ “ “*Enige tiende wat die grond lewer, uit die saad van die grond of uit die vrugte van bome, behoort aan die HERE; dit is 'n heilige gawe aan die HERE. ³¹ As iemand wel van sy tiende wil loskoop, moet hy 'n vyfde daarby voeg. ³² *En wat al die tiendes van beeste en kleinvee betref, elke tiende een wat onder die herderstaf deurgaans, is 'n heilige gawe aan die HERE. ³³ *Die eenaar mag nie tussen goeies vir 'n slegte soek nie en hy mag nie diere omruil nie. As hy dit wel omruil, is daardie dier reeds heilig en sal die geruilde een ook heilig wees. Dit mag nie losgekoop word nie.’ ”

³⁴ *Dit is die gebooië wat die HERE Moses by die berg Sinai gegee het om aan die Israeliete oor te dra.

***27:28-29** Num 21:1-3; 31:7,13-17; Deut 7:2; 13:15; Jos 6:17-19; 1 Sam 15:17-33
ⁱ**27:29 onder ... is:** Dit beteken dat die persoon uit die samelewing onttrek en doodgemaak moet word; •Banvloek.

***27:30** Gen 14:20; 28:22; Num 18:21,24; Deut 14:28; 26:12-14; Mal 3:10; Matt 23:23; Luk 11:42

***27:32** 2 Kron 31:6

***27:33** Lev 27:10

***27:34** Lev 26:46; Num 36:13; Deut 6:1; 12:1